

DIE INDUSTRIËLE KOMMISSIE VAN
ONDERSOEK IN 1897 EN SY POLITIEKE
BETEKENIS.

deur

REINIER MONSTER, B.A. HONNS.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes
vir die graad

M.A. (GESKIEDENIS)

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE
HOËR ONDERWYS

POTCHEFSTROOM.
Desember 1966.

PROMOTOR: Prof. dr. D.W. KRÜGER.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1.

DIE AANLEIDING TOT DIE BENOEMING VAN
DIE INDUSTRIËLE KOMMISSIE VAN ONDER-
SOEK IN 1897.

	B1.
A. Die ontdekking van goud.	5
B. Toestroming van kapitaliste.	6
C. Die verhouding tussen die landelike Boerebevolking en die Uitlanders.	9
D. Die Uitlanders se strewe en hulle al- gemene houding ten opsigte van Suid- Afrika.	11
E. Die beleid van President Kruger met betrekking tot die Uitlanders.	17
F. n Algemene oorsig oor die ekonomiese toestande in die Suid-Afrikaanse Re- publiek tot en met 1897.	22

Hoofstuk 2.

DIE AANLEIDING TOT DIE BENOEMING VAN
DIE INDUSTRIËLE KOMMISSIE VAN ONDER-
SOEK IN 1897 MET BESONDERE VERWYSING NA DIE
KONSESSIEBELEID VAN PRESIDENT KRUGER.

A. Die dinamietkonsessie.	26
B. Die spoorwegkonsessie.	39
C. Die drankkonsessie asook industriële en ander konsessies.	40

Hoofstuk 3.

DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE INDUSTRIËLE
KOMMISSIE VAN ONDERSOEK.

A. Inleiding.	B1. 42
B. Versoekskrif van die General Mining and Finance Corporation Ltd.	44
C. Die benoeming van die Industriële Kommissie van Onderzoek.	47
D. Die werksaamhede van die Industriële Kommissie van Onderzoek.	51

Hoofstuk 4.

DIE VERSLAG VAN DIE INDUSTRIËLE
KOMMISSIE VAN ONDERSOEK.

A. Die rapport van die Kommissie.	75
B. Die werksaamhede en die gevolge van die Volksraadskommissie:	88
i) Inleiding	88
ii) Die rapport van die Volksraads kommissie.	89
iii) Die algemene houding ten opsigte van die Volksraadskommissie se rapport.	113
C. Die Presidentsverkiesing.	115

Hoofstuk 5.

DIE RESULTAAT VAN DIE INDUSTRIËLE
KOMMISSIE VAN ONDERSOEK.

A. Inleiding.	120
---------------	-----

	B1.
B. Die kwessie van omkoperij.	122
C. Die verdere verloop van die dinamiet- kwessie:	129
i) Die regsadviseurs se opinies.	130
ii) Die rapport van die Staatsprokureur.	133
iii) Die finale besluit oor die dinamiet- kwessie.	141
D. Die Bloemfonteinse Konferensie.	143
E. Die politieke betekenis van die In- dustriële Kommissie van Onderzoek en sy invloed op die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog.	144
F. Enkele slotgedagtes.	148
Bylae A	149
Bylae B	152
Lys van bronne en geraadpleegde werke	153

VOORWOORD

Dit is vir my 'n groot voorreg om by die voltooiing van hierdie verhandeling my dank aan enkele persone oor te dra. In eerste instansie wil ek my promotor, Prof. dr. D.W. Krüger hartlik bedank vir sy hulp en leiding wat hy aan my verleen het ten opsigte van die keuse en die skrywe van hierdie werkstuk.

Tweedens wens ek graag die volgende persone/instansies te bedank vir hulle opoffering: Mev. Hannie Schutte wat die verhandeling taalkundig nagesien het; Mej. Elaine Smith vir die netjiese tikwerk asook die Nederlandse Studiefonds vir die toekenning van 'n beurs.

Laastens wil ek van die geleentheid gebruik maak om my ouers hartlik te bedank vir die geleentheid wat hulle my gebied het om voltyds te kon studeer asook hulle onvermoeide ywer by die finalisering van hierdie verhandeling.

Die belangstelling en aanmoediging van my vroutjie, was vir my 'n stukrag gewees en ek bedank haar vir die ondersteuning.

Maar bowenal my dank aan God vir die voorreg om hierdie verhandeling te voltooi. Aan Hom kom toe al die Eer en Heerlikheid.

POTCHEFSTROOM.
Desember 1966.

Algemene Inleiding

Die Industriële Kommissie van Onderzoek van die jaar 1897 beklee 'n besondere plek in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Om die oorsake wat gelei het tot die ontstaan van die Kommissie, sy werksaamhede en uiteindelijke resultate goed te kan begryp, is dit nodig om die algemene toestande op die politieke, maatskaplike en ekonomiese terrein in oenskou te neem.

Om die breë milieu waarteen die Industriële Kommissie beweeg, te skets, sal die gedagtes tot aan die uiteindelijke ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886, teruggevoer moet word.

Die geskiedenis van die tydperk 1886-1899 vorm derhalwe die kern van hierdie verhandeling, net ander woorde, die tydperk van die ontdekking van goud aan die Witwatersrand af, tot en met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. Die goudontdekking as so'n was egter nie die oorsaak van die Anglo-Boereoorlog nie, maar wel die Britse politiek met sy kapitalistiese hebsug.¹⁾

Die kapitaliste wat die belangrikste groep Uitlanders gevorm het,²⁾ se lewenswyse het totaal van

2/

-
- 1) Braak, K., Suid-Afrika en Engeland, bl. 50.
Vgl. ook hiervoor De Kiewiet, C.W., History of South Africa, Social and Economic, bl. 138-139.
- 2) Van der Walt, A. J. H., In "Geschiedenis van Suid-Afrika," deel III, bl. 529.

dié van die Boere verskil.³⁾ Hulle het die boerebevolking slegs gesien as 'n struikelblok in die weg van industriële ontwikkeling en uitbreiding.⁴⁾

Hierdie fortuinsoekers het net in geld en rykdom belang gestel⁵⁾, en dit het President Kruger genoop om op sy hoede te wees. (Vgl. hfst.1).

Deur sy konsessiebeleid en wetgewing ten opsigte van die Uitlanderstemreg, het by baie vyande gemaak. Haat en spanning tussen die Afrikaners en Uitlanders vorm dus vanaf 1890 die grondslag van die toestande in en om Johannesburg.⁶⁾ Die ontevredenheid van die Uitlanders bereik sy hoogtepunt met die Jameson-inval gedurende die einde van 1895 en begin 1896.

President Kruger het ondanks die baie klagtes en versoekskrifte van die kant van die Uitlanders oor die drukkende tariewe en belastings, vasgehou aan sy konsessiebeleid, en geen rewolusie sou hom van sy besluit laat afsien nie.⁷⁾ Die konsessies

3/

3) Pelzer, A.N., In "Geskiedenis van Suid-Afrika," deel II, bl. 529.

4) Le May, G.H.L., British Supremacy in South Africa, 1899-1907, bl. 2.

5) Crisp, R., The Outlanders. The men who made Johannesburg, bl. 354.

6) Scholtz, G.D., Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, deel I, bl. 270.

7) Van Oordt, J.F., Paul Kruger en die Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 462.

wat die meeste kritiek verduur het, was ongetwyfeld dié met betrekking tot die spoorweë, dinamiet- en drankhandel.⁸⁾

In hoofstuk 2 word die dinamietkwessie en al die ander konsessies bespreek met aanduiding van die redes waarom President Kruger nie die dinamietkonsessie wou kanselleer nie.

As gevolg van die ontevredenheid onder die kapitaliste se geledere, het die Uitvoerende Raad in Maart 1897 besluit om 'n Industriële Kommissie van Onderzoek te benoem om die griewe van die mynindustrie te ondersoek en 'n rapport daaroor uit te bring. As gevolg van die eensydigheid van hierdie rapport, en te midde van bittere ontevredenheid, is 'n Volksraadskommissie benoem om hierdie rapport na te gaan.

Die rapport van hierdie Volksraadskommissie is heftig deur die buitewêreld gekritiseer, maar desnieteenstaande het die Volksraad sy aanbevelinge in hooftrekke goedgekeur en besluit om die dinamietgeskil na die Staatsprokureur te verwys om regsopinie in te win aangaande die wettigheid van die kansellering van die dinamietkonsessie. (Vgl. hfste. 3 en 4).

4/

8) Marais, J.S., The Fall of Kruger's Republic, bl. 25.

In hoofstuk 5 word die gevolge van die Industriële Kommissie se werksaamhede beskrywe, tot en met die besluit op 25 Augustus 1899, om die konsessie onderhewig aan sekere voorwaardes, te verleng. Dit ly geen twyfel nie dat hierdie besluit die reeds bestaande ontevredenheid verder verskerp het en uiteindelik tot die uitbreek van die oorlog in Oktober 1899 bygedra het.⁹⁾

9) Letcher, O., The Gold Mines of South Africa, bl. 133 - "this dynamite monopoly became a casus belli against the Z.A.R. Government."

HOOFSTUK 1

DIE AANLEIDING TOT DIE BENOEMING VAN DIE INDUSTRIËLE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK IN 1897.

A. Die ontdekking van Goud.

Die eerste persoon wat goud naby die Witwatersrand ontdek het, was Pieter Jacob Marais.¹⁾ Dit het naamlik op 8 Oktober 1853 in die Jukskeirivier plaasgevind.²⁾ In 1871, dus vyftien jaar voor die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde in 1886, verklaar President T.F. Burgers dat daar goud "in oervloed"³⁾ is as jy na die kwartsriwwe op die Witwatersrand kyk. In dieselfde jaar is goud ook te Pelgrimsrust en te Mac-Mac in die Lydenburgse distrik ontdek.⁴⁾

Die "Nil Desperandum Co-operative Quartz Company", wat in Januarie 1875 gestig is, was die eerste mynboumaatskappy wat goud stelselmatig ontgin het en wel op die plaas Blaaubank, naby die Witwatersrand.⁵⁾ In 1884 is goud op die Noord-Weste-

6/

-
- 1) Erasmus, J.L.P., Die Rand en sy goud, bl. II.
 - 2) Verslag van die komitee van Onderzoek, aangestel deur die Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede (Feb. 1941, Pretoria.) "Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand", bl. II.
Vgl. ook i) Pieterse, D.J., Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal, 1836-1886, bl. 187.
ii) Preller, G.S., Ons Goud Roman, bl. 20.
 - 3) Burgers, T., Schetsen uit de Transvaal - van aantekeninge voorsien deur prof. dr. S.P. Engelbrecht, bl. 7; asook voetnota 8 op bl. viii.
 - 4) Curle, J.H., The Gold Mines of the World, bl. 13.
 - 5) Verslag van die Komitee van Onderzoek, bl. 51.

like rif van die Witwatersrand deur die broers H.W. en F.P.T. Struben ontdek⁶⁾ en hulle volgehoue prospekterdery en mynboubedrywigheid het die ontdekking van die Konglomeraatgroep van die Hoofrif tot gevolg gehad.⁷⁾ In Julie 1886 was die hele Suid-Afrika deur die goudkoors aangetas en het daar alreeds 'n taamlike groot nedersetting te Ferreira's Kamp bestaan.⁸⁾

B. Die toestroming van Kapitaliste.

Kapitaal het na die Witwatersrandse goudvelde gestroom⁹⁾ en die vroeë ontwikkeling en ontginning van die goudvelde is in 'n groot mate onderneem met kapitaal wat uit Kimberley, Pietermaritzburg en Paarl afkomstig was.¹⁰⁾ Maar die goudmyne in Suid-Afrika het ook groot betekenis vir Europa gehad en oorsese maatskappye is hier gestig en kapitaal het die land van buite af in gestroom¹¹⁾ deur die gevolg dat die buitelandse handel grootliks toegeneem het.¹²⁾

7/

-
- 6) The Cambridge History of the British Empire, Vol. VIII. Walker, E.A., bl. 19.
7) Verslag van die Komitee van Onderzoek, bl. 52; vgl. ook Luffmann, W.W., The World's Greatest Goldfield, bl. 21 en bl. 31.
8) Van Oordt, J.F., Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek, bl. 400.
9) Truscott, S.J., The Witwatersrand Goldfields. Banket and Mining Practice, bl. 1. Die term Witwatersrandse goudvelde sluit ook o.a. dié velde in te Klerksdorp, Krugersdorp, Venterskroon en Heidelberg, ofskeon die belangrikste ontwikkeling tussen Randfontein in die Weste tot by Modderfontein in die Ooste plaasgevind het; 'n afstand van ongeveer 27 myl.
10) Verslag van die Komitee van Onderzoek, bl. 53.
11) Blink, H., De Zuid-Afrikaansche Republiek en hare bewoners, bl. 39.
12) Schumann, G.G.W., In "Geschiedenis van Suid-Afrika".

Die kapitaliste Barnato, Beit, Eckstein, Rhodes, Robinson en die Taylor-broers, het baie ondervinding in verband met die dinamiethandel te Kimberley opgedoen en geld was by hulle nie 'n probleem nie. Hulle het in 1886 met gretige oë die Witwatersrand besoek en weldra sou hulle ook hier as oorheersers uit die stryd tree.¹³⁾ J.C. Smuts sê van Rhodes: "De geest van het Zuid-Afrikaansche kapitalisme vond zijn incarnatie in den heer C.J. Rhodes."¹⁴⁾ Verskillende maatskappye¹⁵⁾ is deur hierdie kapitaliste gestig en in 1889 is die Kamer van Mynwese in die lewe geroep¹⁶⁾ waardeur mynnywerheid tot 'n hegte eenheid saamgesnoer is.¹⁷⁾

In die latere geskiedenis sou die Kamer van Mynwese nog 'n duidelike rol in verband met die politiek en ekonomie van die Suid-Afrikaanse Republiek speel.¹⁸⁾

8/

-
- 13) Scholtz, G.D., Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902, deel I, bl. 262.
 - 14) Reitz, F.W., Een eeuw van Onrecht, bl. 25.
 - 15) Emden, P.H., Randlords. Vgl. bl. 207 vir die tien sogenaamde grootste maatskappye.
 - 16) Scholtz, G.D., a.w., deel I, bl. 263. Vgl. verder Goldman, C.S., The Financial, Statistical and General History of the Gold and other Companies of the Witwatersrand, South Africa. Hierin vind ons 'n volledige lys van mynmaatskappye en hulle geskiedenis tot aan die einde van 1891.
 - 17) Vir verdere oogmerke en doeleindes van die Kamer van Mynwese sien: Letcher, O., The Gold Mines of South Africa; The History, Technology and Statistics of the Gold Industry, bl. 105.
 - 18) Scholtz, G.D., a.w., deel I, bl. 263.

Die vinnige ontwikkeling van die goudmyne het meegebring dat baie myne oorgekapitaliseer was en dit, gepaard met ander probleme en moeilikhede het in 1889 'n ekonomiese depressie op die goudvelde veroorsaak.¹⁹⁾

Johannesburg het byna oornag 'n stad geword en geld het hier gevloei soos water in die Vaalrivier.²⁰⁾ In en om die goudstad was die atmosfeer kosmopolities en internasionaal gekleur en veel eerder Engels- as Nederlands-georiënteer. "Indeed, there is nothing to remind the traveller that he is in a Dutch country except the Dutch names of the streets on some of the street corners."²¹⁾ Ook in Pretoria was 'n sterk Britse element te bespeur.²²⁾ 'n Ander skrywer sê: "Steeds sneller ging de ontwikkeling en in 1890 was het reeds een wonder zooals de staat aangroeide door groote gebouwen en aanplantingen van boomen, die er vermaak in schenen te hebben om op den rand te groeien. De Staatskas liep over van geld."²³⁾ En verder: "Kantienen en Bars vindt men op elken hoek. Dronken menschen bij honderden elken dag; alles wat men ziet, draagt den stempel van het goud."²⁴⁾

9/

19) Ibid., bl. 264.

20) Ibid., bl. 266.

21) Bryce, J., Impressions of South Africa, bl. 306.

22) Ibid., bl. 308 Vgl. ook: Comtesse, de Bremont, Anna., The Gentleman Digger, bl. 135.

23) Du Plessis, C.N.J., Uit de Geschiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders, bl. 15.

24) Ibid. bl. 136 Vgl. ook: Hobson, J.A., The War

Johannesburg het die middelpunt van die politieke beweging in Suid-Afrika geword "het mikpunt der Engelsche veroveringszucht, het jachtrevier der politieke agenten van Rhodes".²⁵⁾

C. Die verhouding tussen die Landelike Boerebevolking en die Uitlanders.

Die instroming van die kapitaliste het mededinging van die kant van die landelike boerebevolking bemoeilik en die gevolg hiervan was dat hulle nie met die tyd kon tred hou nie en uit hierdie omstandighede kan die armblanke-vraagstuk ten dele verklaar word.²⁶⁾

"Die Boere wat tot op hierdie tydstip hoofsaaklik veeboere was en jagters, word nou skielik verplig om een van die moeilikste take in die wêreld te aanvaar, naamlik om 'n geweldige mynbevolking te regeer wat plotseling en onder buitengewone omstandighede, in hul midde verskyn het."²⁷⁾ Dit kom dus daarop neer dat die boerebevolking nie vir die taak opgewasse was nie.²⁸⁾

10/

25) Winkel, Te, J., Waar het om gaat in Zuid-Afrika, bl. 18.

26) Schumann, C.G.W., a.w., deel II, bl. 269.

27) Coetzee, A., Die opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand, 1886-1936, bl. 50.

28) Swanepoel, J., Landbou-ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954, met spesiale verwysing na Staatsoptrede in hierdie verband, bl. 135.

Waar die land eers 'n landbou- en veeteelt-land was, het die verandering wat die ontdekking van minerale in die tweede helfte van die negentiende eeu teweeggebring het en waardeur die landbouland tot landbou-mynland omskep is, 'n omme-swaai in die ekonomiese struktuur meegebring.²⁹⁾

Nie alleen was die boerevolk bang dat die Uitlanders die regering sou oorneem nie, maar "the rough farmers shudder at the idea of being controlled by stock-jobbers from Europe."³⁰⁾ Die toestande het so kritiek gelyk dat Transvaal in twee vyandige groepe verdeel was naamlik die politieke leiers en die ekonomiese werkers.³¹⁾

Die landbou kon nie aan die nuwe eise wat daaraan gestel is voldoen nie aangesien die boere 'n half nomadiese lewe gelei het en daar verder ook 'n groot arbeidstekort was.³²⁾ Die industriële rewolusie het die landbou-arbeid 'n knou toegedien, wat op sy beurt nuwe aanpassings vereis het en slegs as 'n geleidelike proses met verloop van tyd sou kon ontwikkel.³³⁾

11/

29) Schumann, C.G.W., a.w., deel II, bl. 240.

30) Younghusband, F., South Africa of Today, bl. 58.

31) Van Winter, F.J., Onder Kruger's Hollanders, deel II, bl. 11 en 12.

32) Blink, H., a.w., bl. 48.

33) Naude, P., Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899, bl. 227.

De Kiewiet sê: "The rise of goldmining in South Africa was like the rise of the same industry amongst the original Mexican settlers of California. It brought confusion to an unprogressive rural society."³⁴⁾

Die boere het ook nie tred gehou met die nuwe wetenskaplike metodes vir die ontwikkeling van die landbounerwerheid nie en hulle was dikwels nalatig ten opsigte van die bewerking van grond. Dit is waar dat die landbou in 'n nuwe verband met die nwerkerheid staan aangesien landbou-ontwikkeling die algemene welvaart bevorder en dus ook die verbruikskoste van die industrie kan verminder.³⁵⁾

D. Die Uitlanders se strewe en algemene houding ten opsigte van Suid-Afrika.

Die industriële ontwikkeling het in die begin min belangstelling en aandag van die regering en die boerebevolking ontvang. "The most considerable industries in the country are nearly all due to the enterprise of one firm, Messrs. Lewis and Marks."³⁶⁾ Dat die Afrikaner egter op die gebied van die nwerkerheid misken is, kan nie betwis word nie.³⁷⁾

12

34) De Kiewiet, C.W., A History of South Africa. Social and Economic, bl. 120.

35) R10571 a/97, deel 3. 'n Beskouing van die landbou in verband met die mynindustrie deur E. Strick, landbou-ingenieur op 28 Mei 1897.

36) Bleloch, W., The New South Africa. Its Value and Development, bl. 237.

37) Preller, G.S., a.w., bl. 12 - "Die vervreemding en ontvreemding wat daar eenmaal bestaan het, en

Die mynbou-industrie het aan die kapitalistiese magnate behoort en hulle het soms op slinkse wyse, byvoorbeeld deur maatskappye op grond te floteer wat nie gouddraend was nie, groot winste gemaak. Europese geldbeleggers het dan die skuld op die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek gepak.³⁸⁾

Die Uitlanderbevolking op die Witwatersrand se grootste begeerte en doelwit was om so vinnig moontlik geld te maak en om dan weer huiswaarts te keer.³⁹⁾ Met die toenemende belangstelling van die Uitlanders in die goudmyne asook met behulp van nuwe wetenskaplike ontdekkings soos die MacArthur - Forrest-proses en die totstandkoming van die so-

13/

38) Van Winter, P.J., a.w., deel II, bl. 5.

i) Vgl. ook bl. 301: Aanhaling van A. Little aan Rhodes 7.10.1897.

ii) The Cambridge History of the British Empire, vol. VIII, bl. 812 - "By 1889, when the first Chamber of Mines was established, confidence had been severely damaged by the flood of unreliable prospectuses, by over capitalisation and by heavy losses due to these causes and to reckless management."

iii) Brouwer, W., Paul Kruger, bl. 87. Dieskrywer beweer dat daar op die Witwatersrand en veral in en om Johannesburg met reg van "zwendelary" gepraat kan word.

iv) Vgl. ook: South African Conciliation Committee No. 61; Outlander versus Capitalist, bl. 4.

39) Vulliamy, C.E., Outlanders. A study of imperial expansion in South Africa, bl. 192.

i) Vgl. ook: Transvaal Chamber of Mines; The Gold of the Rand - a great national industry (1887-1923), bl. 31: "The mining industry is simply a large business institution owned by shareholders and managed by men whose principal aim is to earn profits for these shareholders."

gename diepte-myne in die vroeë negentiger jare,⁴⁰⁾ is die belangstelling in die goudindustrie verder gaande gemaak en "in Junie 1895 het die Witwatersrand vir die eerste maal geword wat dit nog steeds is, naamlik die vernaamste goudproduserende streek in die wêreld"⁴¹⁾ In die samelewingstruktuur op die Witwatersrand was dit slegs die ryk magnate wat as oorwinnaars uit die stryd kon tree terwyl die behoeftige man noodwendig ten gronde moes gaan.⁴²⁾ Om hul rykdom verder te verstewig, het die kapitaliste saamgespan en groot maatskappye gestig.⁴³⁾

Die industriële ontwikkeling het 'n legio probleme ten opsigte van die Uitlanderbevolking vir die regering van die Suid-Afrikaanse Republiek geskep. Ofskoon die Uitlanders 'n groot aantal ambagte en beroepe beoefen en verteenwoordig het, is die belangrikste feit wat hier in gedagte gehou moet word dat dit by hulle hoofsaaklik om die tydelike en avontuurlike gegaan het en dat hulle slegs

14/

40) The Cambridge History of the British Empire., Vol. VIII, bl. 812.

41) Scholtz, G.D., a.w., deel I, bl. 265.

42) Reunert, T., Diamonds and Gold in South Africa, bl. 120. "There are no poor men's diggings in South Africa to offer any temptation to immigrants. The gold and diamonds won in such amazing quantities, are won only by the expenditure of immense capital, and the few alluvial diggings that exist scarcely supply those at present working on them with the bare necessities of life."

43) The Cambridge History of the British Empire., vol. VIII, bl. 19. "The mining on the Witwatersrand was predominantly a capitalistic venture

die materiële voor oë gehad het.⁴⁴⁾

Hierdie hebsug het egter ook tot die politieke en maatskaplike terrein deurgesypel⁴⁵⁾ en President Kruger het meteens besef dat die kapitaliste 'n veel groter plan in die mou gevoer het as wat aanvanklik vermoed is. Hulle pers en hulle politieke leiers het naamlik om stemreg begin agitateur en het verder die handhawing en beskerming van hul openbare vryheid geëis. Hulle het President Kruger as 'n selfsugtige outokraat bestempel en van die oligargie van die Hollandse Republiek gepraat.⁴⁶⁾

Aangesien die konstitusionele en kulturele griewe⁴⁷⁾ buite die bestek van hierdie ondersoek val, sal ons slegs ons aandag toespits op die ekonomiese griewe van die Uitlanders, waaronder veral konsessies, invoerregte, belastings en tariewe val.

15/

44) Bryce, J., a.w., bl. 408.

45) Coetzee, J. Albert., Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, bl. 80. Die skrywer beweer dat rykdom vir Rhodes slegs 'n middel was om Britse Imperialisme te bevorder.

46) Boissevain, C., The struggle of the Dutch Republics. (Open letter to an American lady, bl. 50 - "Is there anything so foolish as to speak of the 'oligarchy of the Dutch Republics?' What an extraordinary name to give to a perfectly unanimous nation, with all its classes banded together with old men and striplings and women animated by one soul, one longing, one passion!"

47) Scholtz, G.D., a.w., deel II. Sien bl. 185 tot 200 vir verdere besonderhede.

Wat die regering betref, is dit ook belangrik om daarop te let dat daar met die ontdekking van goud in 1886 twee rigtings in die Suid-Afrikaanse Republiek ontstaan het met betrekking tot die Uitlanderbeleid, naamlik 'n konserwatiewe en 'n progressiewe groep. Eersgenoemde het hoofsaaklik onafhanklikheid voorgestaan terwyl die meer liberale beweging aan die Uitlanders se eise wou toegee, ofskoon hulle ook nie die onafhanklikheid sou prysgee nie. Hierdie tweespalt in die Volksraad het op alle terreine deurgewerk en sou ook die deurslag gee in die bespreking van die Verslag van die Industriële Kommissie.⁴⁸⁾

Baie van die Uitlanders se griewe was ongegrond en dikwels het hulle vir die eerste maal in die koerante van hul eie griewe verneem.⁴⁹⁾ Ofskoon die industriële ontwikkeling steeds merkbaar toegeneem het, het die politieke toestand in die Suid-Afrikaanse Republiek versleg⁵⁰⁾ en die ontevredenheid van die Uitlanders het tot 'n breekpunt

16/

-
- 48) Barnard, J.H., Die Politieke Strominge in die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1881-1899, bl. 1.
- 49) Breytenbach, J.H., Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog, bl. 18. Vgl. ook:
i) Krüger, D.W., Paul Kruger, deel II, bl. 228.
ii) Scholtz, G.D., a.w., deel II, bl. 328.
- 50) Op 26 Desember 1895, het die voorsitter van die "National Union", Charles Leonard, die griewe van die Uitlanders uiteengesit. Vgl. hiervoor
i) Botha, P.R., Die Staatskundige Ontwikkeling van die S.A.R. onder Krüger en Leyds, bl. 329-335.
ii) Van Oordt, J.F., a.w., bl. 629-642 vir volledige Hollandse teks van die griewe.
iii) Britse bloubboek 311 deel I, bl. 576.

gekom met die Jameson-strooptog gedurende die einde van 1895 en begin 1896, toe 'n klompie oproermakers onder leiding van Dr. Jameson die Transvaalse regering tot 'n val wou bring. Die kern van hulle politiek was dus hierin geleë dat hulle die regering wou beheer, sodat hulle vry kon wees om hulself te verryk.⁵¹⁾ Cecil Rhodes was die brein agter hierdie beweging,⁵²⁾ waardeur hy sy imperiale mag verder wou uitbrei. Sy groot ideaal was om die hele Suid-Afrika onder die Britse vlag te verenig en om Britse Imperialisme tot sover Noord as die Middellandse see te bewerkstellig.⁵³⁾

Die opstand wat 'n verslapping in die ontwikkeling van die mynindustrie teweeggebring het,⁵⁴⁾ is spoedig onderdruk en President Kruger het besef dat hy sy ferme optrede moes handhaaf as hy sy land se onafhanklikheid wou behou. As 'n direkte gevolg van die Jameson-inval het die regering van die Oranje-Vrystaat gebruik gemaak van die reg tot naasting van sy spoorweë en op 1 Januarie 1897

17/

51) Barnard, J.H., a.w., bl. 27.

52) Van Citters, Jhr.W., Zuid-Afrika voor en na Dr. Jameson's inval in de Transvaal, bl. 20.

53) Vindex, Cecil Rhodes. His political life and speeches, 1881-1900, bl. 630.

54) The Consolidated Gold Fields of S.A. Ltd.: The Goldfields, 1887-1937, bl. 62.

is die spoorweg losgemaak van die regering van die Kaapkolonie.⁵⁵⁾

Dit is noodsaaklik om vervolgens daarop te let wat die President presies in die skild gevoer het met betrekking tot die Uitlanders en waarom die ontevredenheid van hierdie fortuinspekers sulke groot afmetings aangeneem het. Die optrede van Kruger na die Jameson-affêre ten opsigte van die mynindustrie het hom slegs vyande op die hals gehaal.⁵⁶⁾

E. Die beleid van President Kruger met betrekking tot die Uitlanders.

Paul Kruger het met die ontdekking van goud en die toestroming van duisende geluksoekers, sy tyd beslis vooruitgekyk⁵⁷⁾ en besef dat alhoewel die gevolge van die ontdekking van goud baie voor-

18/

-
- 55) In Memoriam, N.Z.A.S.M. Niet in den handel, bl. 54; Vgl. ook bl. 36 Bylae No. 7, brief No. R.C. 13/96 Van J.S. Smit, Regerings-Kommissaris van Spoorweë van die Direksie van die N.Z.A.S.M. op 15.1.1896 in verband met die spoorweë se flinke optrede tydens die Jameson-moeilikhede.
- 56) Cook, T., Rights and Wrongs of the Transvaal War, bl. 87. Die skrywer noem onder andere ook die breuk tussen Kruger en die mynmagnaat J.B. Robinson neertydse vriend van die President, Vgl. ook Marais, J.S., The Fall of Kruger's Republic, bl. 194.
- 57) Nathan, M., Paul Kruger. His life and times, bl. 241. Nathan praat van Kruger se profetiese woorde ten opsigte van die gevolge wat die ontdekking van goud meegebring het.

deel vir die Transvaalse landbou en nywerheid sou meebring en die industriële ontwikkeling hierby sou baat, hy met 'n kosmopolitiese bevolking te doen sou kry, wat as gevolg van hulle getalsterkte 'n politieke oorwig in die Suid-Afrikaanse Republiek kon word. Hy het ook besef dat hulle sedes en gewoontes gefundeer was op die Europese maatskaplike gebruike van daardie tyd. Met 'n minderheid sou President Kruger die meerderheid moes regeer en hierdie meerderheid sou dan noodwendig om regte begin agiteer en weldra sou die onafhanklikheid van die Republiek bedreig word. Tereg het P.R. Viljoen aan dr. van Oordt gesê: "De ontdekking van de Witwatersrand Goudvelden is de eerste bijlslag aan den wortel van onze onafhanklikheid."⁵⁸⁾

Die onafhanklikheid was vir Kruger van die uiterste belang en hy was bereid om hiervoor te veg. Hy sou nooit besluite neem "ten koste van die onafhanklikheid van sy volk; hy het verkies om liever saam met sy volk sleg handel te word."⁵⁹⁾

19/

58) Van Oordt, J.F., a.w., bl. 461.

59) Postma, F., Paul Kruger. Die Christen-Volksman en Staatsman, bl. 19.
Vgl. ook: Coetzee, J. Albert., Oom Paul en die demokrasie, bl. 23, waar die skrywer melding maak van die "organies-republikeinse ideaal van Kruger" wat in die demokrasie betrek is.

Dit kan nie ontken word dat hy bereid was om aan die Uitlanders wat die land goedgesind was, stemreg te verseker. Hy wou die stemreg egter so vasstel dat sy volk nie deur die duisende Uitlanders oorstem sou word nie.⁶⁰⁾ Oor die algemeen het die regering die Uitlanders tegemoet gekom deur invoerregte te verlaag, spoorwegaanleg te bevorder, water, gas en elektrisiteit vir dorpe beskikbaar te stel; 'n landdros, 'n spesiale regter en 'n eie verteenwoordiger vir Johannesburg in die Eerste Volksraad aan te stel asook die oprigting van 'n Gesondheidskomitee te bewerkstellig, wat die weg vir plaaslike selfbestuur sou baan. President Kruger het hom egter veelal in 'n moeilike posisie bevind om aan die griewe van die Uitlanders gehoor te gee vanweë sy eie mense se houding teenoor die Randse bewoners.⁶¹⁾

Om die onafhanklikheid van die Republiek te beskerm en ook terwille van die ekonomiese vooruitgang het President Kruger 'n konsessiebeleid gevolg en het hy dit onder andere nodig gevind om 'n eie fabriek vir die vervaardiging van ammunisie op te rig ingeval sy land nie meer plofstowwe kon invoer

20/

60) Barnard, J.H., a.w., bl. 11; Vgl. ook hier die instelling van die Tweede Volksraad in 1890 en die veertien jaar kieswet-bepaling wat later tot nege jaar verminder is.

61) Hugo, J., Die Stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaansche Republiek, Argiefjaarboek 1947, bl. 78, 79 en 80.

nie. Derhalwe het hy aan hierdie fabriek die alleenreg vir die vervaardiging en verkoop van dinamiet verleen. "Dit was die oorsprong van die Staatsmonopolie vir die vervaardiging en verkoop van plofstowwe asook die rede vir die oordrag van daardie monopolie aan 'n privaat maatskappy wat hoofsaaklik uit Duitsland gefinansieer is.⁶²⁾

President Kruger het voorkeur gegee aan immigrante wat afkomstig was uit die Dietse stamlande want hierdeur sou die politieke ewewig herstel kon word. Veral van die Nederlandse landsverhuisers het hy verwag dat hulle "met hul tegniese en staatkundige ontwikkeling en hul gevoel van stamverwantskap met die Boere, die twee uiterstes in die Republiek nader aan mekaar kon bring."⁶³⁾

Derhalwe het Kruger die spoorwegkonsessie aan die Nederlanders toevertrou. Die Dietse bloed wat die "Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij" met hom meegebring het na Suid-Afrika deur middel van vele arbeiders asook ander verteenwoordigers van die N.Z.A.S.M., het veral op maatskaplike

21/

62) Tönsing, E.H., Die Eerste fase van die Stryd tussen Kruger en Milner, bl. 28.

63) Van Dalsen, J., Die Hollanders in die Zuid-Afrikaansche Republiek, Historiese Studies, Jaargang 4, Nr. 2, Junie 1943, bl. 63.

gebied sy invloed gehad.⁶⁴⁾ President Kruger het die konsessies ten alle koste beskerm omdat die Nederlandse spoorkonsessie en die dinamietmonopolie "die enigste sterk ekonomiese bondgenote was wat die regering teen die myne gehad het."⁶⁵⁾

Daar was verder 'n drankkonsessie wat die uitsluitlike reg aan "Hatherley Distillery Company Limited" verleen het om sterk drank te vervaardig en so ook 'n menigte industriële konsessies deur President Kruger uitgereik (sien hoofstuk 2 hier voor.)

Die doel van die regering met die uitreiking van konsessies en monopolieë aan industriële maatskappye was om ondernemers aan te moedig om self produkte te vervaardig en om nie meer in te voer nie,⁶⁶⁾ daar die Republiek in geldnood verkeer het. Hierdie konsessiebeleid het bitter min ondersteuners en vriende gehad.⁶⁷⁾

Ofskoon die klagtes teen die verskillende konsessies as die belangrikste in die kategorie van ekonomiese griewe beskou kan word, het die griewe teen die bestaande stelsel van invoerregte en belastinge, die natuurlike arbeidsvraagstuk en die

22/

64) Botha, P.R., a.w., bl. 164.

65) Botha, P.R., a.w., bl. 272.

i) Vgl. ook hiervoor: Van der Walt, A.J.H., in "Geskiedenis van Suid-Afrika", deel I, bl. 523.

ii) Scholtz, G.D., a.w., deel II, bl. 325.

66) Van der Walt, N., Die Dinamiet Monopolie. Sy ontstaan en ontwikkeling vanaf 1881-1892. bl. 3.

daarmee gepaard gaande uitoefening van die pas- en drankwette asook die toenemende gouddiefstalle sterk op die voorgrond getree. In die loop van die bespreking van die Industriële Kommissie van Onderzoek, sal daar noukeurig op hierdie sake ingegaan word.

F. 'n Algemene Oorsig oor die Ekonomiese Toestande in die Suid-Afrikaanse Republiek tot en met 1897.

Die ontdekking van minerale en die steeds toenemende industriële ontwikkeling het veroorsaak dat die land tot 1896 slegs voorspoed geken het met betrekking tot die invoer, uitvoer, spoorweg- en staatsinkomste en die algemene kommersiële ontwikkeling. Gedurende die jare 1886 tot 1897 is 14,173,610 onse goud ter waarde van £49,000,000 (R98,000,000) ontgin. In 1887 is 23,125 onse goud aan die Witwatersrand verwerk en in 1897 3,034,678 onse goud.⁶⁸⁾ Bogenoemde syfers toon die snelle ontwikkeling binne 'n redelike kort tydbestek aan. Heelwat veranderinge het op die goudvelde na vore getree en voorspoed en depressie het mekaar afgewissel.

Die hoofrede vir die depressie aan die einde van 1889, was die swak spekulatiewe geldbeleggings

23/

68) Britse Blouboek C9093 - 'n Rapport oor die handel en goudmynindustrie van die S.A.R. gedurende die jaar 1897 deur mnr. J. Evans, die Britse Vise Konsul te Johannesburg, bl. 49.

in die mynindustrie. 'n Meer gesistematiseerde en wetenskaplike benadering van die goudmynbedryf het egter weer 'n opbloei veroorsaak met die gevolg dat geld die land vryelik ingestroom het, die bevolking met rasse skrede vermeerder het⁶⁹⁾ en die ekonomiese toestand gesond en sterk daaruit gesien het.

In 1895 het die waarde van eiendomme en standplase die hoogte ingeskiet.⁷⁰⁾ Gegaard hiermee het die politieke gebeurtenisse van Desember 1895 en Januarie 1896 'n groot ommeswaai en verandering in die ekonomiese posisie meegebring en teen die einde van 1896 het daar geleidelik 'n depressie ingetree, wat nieteenstaande die ryk goudmyne en hul groot produksievermoë, die finansiële toestand in Johannesburg op 'n laagwatermerk laat beland het. Hierdie terugslag wat die ekonomie in 1897 ondervind het, kan hoofsaaklik aan 'n ineensstorting op

24/

69) Aanwins 56 (soos aangedui A 56). Volgens die rapport van die Direkteur van Sensus, A.H. Bleksley, blyk dit dat na aanleiding van die Sensus wat in Johannesburg geneem is op 15 Julie 1896 daar binne 'n straal van 3 myl altesaam 102,714 mense was, waarvan 51,225 blankes; 44,396 nie-blankes en 7,093 kleurlinge. i) Vgl. ook Marais, J.S., a.w., bl.1. Die skrywer se getalle verskil van bg.

70) C9093, bl.7. As voorbeeld kan hier genoem word dat 'n standplaas in die Winkelsentrum van Johannesburg van 50' by 50' teen 'n yslike bedrag van £40,000 (R80,000) verkoop is.

die Londense aandelemark in 1895, die runderpes en die droogte van 1896 asook politieke faktore, toegeskryf word.⁷¹⁾

In sy oorsig oor die jaar 1897 vir die Suid-Afrikaanse Republiek, sê Edmund Frazer, die Britse Agent in Suid-Afrika, "Since the Transvaal reached its highest record of financial prosperity during the year 1896, a steady industrial and mercantile depression has set in which has brought about equally steady decline in the State Revenue."⁷²⁾

Dit word bereken dat die runderpes gedurende 1896 in Transvaal 916,013 beeste of nagenoeg 50% van die totale aantal beeste in Transvaal se lewens geëis het.⁷³⁾ Verder het die sprinkaanplaag die landbou-ekonomie baie nadelig getref en groot skade aangerig.⁷⁴⁾

Vroeg in 1896 het daar verdeeldheid onder die geledere van die kapitaliste ontstaan in die Kamer

25/

71) Schumann, C.G.W., a.w., deel II, bl. 247.

72) Britse Imperiale Witboek Nr. 568; by British Agent (aangedui B.A.), bl. 5 van die verslag.
i) Vgl. ook Wilde, R.H., Joseph Chamberlain and the South African Republic, 1895-1899, Argiefjaarboek 1956, deel I, bl. 63.

73) Swanepoel, J., a.w., bl. 117.

74) The Press, 15 Oktober 1897. Dis interessant om daarop te let dat daar in Ciprus 'n sisteem bestaan het wat gepoog het om hierdie plaag te bestry. Die regering het nl. sprinkane en sprinkaneiertjies van die publiek gekoop teen 'n aansienlike vergoeding. Hierdeur is die plaag feitlik geheel en al bestry.

van Mynwese en is die "Association of Mines" gestig. As gevolg van hierdie twis en gebrek aan vertroue, samewerking en leierskap, meen Scholtz dat hulle ook skuld gehad het aan die depressie van 1896.⁷⁵⁾

Wieteenstaande die "laste" wat die goudindustrie moes dra en die moeilikhede waarmee hy te kampe gehad het, het die goudproduksie hoofsaaklik as gevolg van myne wat daarin geslaag het om ekonomiese werkmodes toe te pas, gestyg asook as gevolg van die feit dat nuwe en beter masjiene gebruik is om die erts uit te haal. In 1897 is dividende tot die bedrag van £2,713,580 (R5,427,160) deur al die maatskappye wat tot die produksie bygedra het, uitbetaal en dit was gelykstaande aan 25.64% van die totale produksie.⁷⁶⁾

Omdat die Suid-Afrikaanse Republiek die sentrum van ekonomiese en politieke bedrywighede geword het, het die wyse staatsmansbeleid van Kruger in hierdie tydperk al meer en meer bewondering afgedwing. Na aanleiding van die vraag of Kruger se politieke idees en sienswyse reg of verkeerd was, skrywe Dr. F.J. van Winter: "Dom of kortzichtig kan men haar dus zeker niet noemen. Zij heeft slechts het ongeluk gehad van te staan aan den kant die verloor."⁷⁷⁾

75) Scholtz, G.D., a.w., deel II, bl.155 en 156.

76) C9093, bl. 9.

77) Pamflette No. 138 (Pamflette soos aangedui P) - verslag van die algemene vergadering van die lede van die Historiese Genootskap, wat op 20 April 1938 te Utrecht gehou is. bl. 46.

HOOFSTUK II

DIE AANLEIDING TOT DIE BENOEMING VAN DIE INDUSTRIËLE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK IN 1897 MET BESONDERE VERWYSING NA DIE KONSESSIEBELEID VAN PRESIDENT KRUGER

Alvorens ons die aandag op die Industriële Kommissie self toespits, is dit noodsaaklik dat die konsessiebeleid van President Kruger en veral die geskiedenis van die dinamietkwessie deeglik ondersoek en volledig nagegaan word. Die uitreiking van verskillende konsessies, wat aan bepaalde persone die uitsluitlike reg verleen het om sekere produkte te vervaardig, het gepaard met hoë spoorwegtariewe en drukkende belastings die vernaamste klagtes gevorm wat uiteindelik tot die benoeming van die Industriële Kommissie van Onderzoek gedurende Maart 1897 gelei het.

A. Die Dinamietkonsessie.

Waar 'n monopolie in 'n land bestaan, kan dit gewoonlik hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n politieke en/of 'n ekonomiese oorsaak. Dit kan in die eerste plek tot stand gebring word om die land van 'n onafhanklike posisie te verseker met betrekking tot die invoer van goedere veral waar so 'n monopolie die verdegiging van die land raak. Dit kan ook gedoen word om nasionale industrieë wat aan die aanvraag moet voldoen en ook teen buitenlandse mededinging beskerm moet word, te ontwikkel. Om so 'n industrie in welvaart te laat ontwikkel, is die volgende voorwaardes noodsaaklik:

- i) Die grondstowwe moet plaaslik verkry of ingevoer word; en
- ii) die verkoopsprys van die vervaardigde

produk moet na verhouding wees ten opsigte van die prys van die ingevoerde artikel.¹⁾

Dit blyk dat die politieke dryfveer die ver- naamste oorsaak was vir die verlening van konsessies aan sekere persone. "Dit was die strewe van die Suid-Afrikaanse Republiek om onafhanklik te wees van die buiteland en daarom was nasionale industrieë vir hulle alles, want hulle geografiese posisie het hulle genoodsaak om dit vir hul eie self-verdediging en onafhanklikheid aan te wend."²⁾

President Kruger het besef dat die onafhanklikheidstrewe voorop gestel moes word en dat konsessies en monopolieë toegestaan moes word wat soms geldelike verliese vir die Staat kon beteken byvoorbeeld die oprigting van die dinamietfabriek en die konsessie aan Lippert en Vorstman. President Kruger het goed geweet "dat die staat moes opoffer om ekonomiese onafhanklikheid te bewerkstellig."³⁾ Hierdie strewe het die regering baie geld gekos aangesien die konsessionarisse onnodige hoë winste gemaak het. De Catelin beweer tereg dat "from an economical point of view, the dynamite monopoly is a failure."⁴⁾

28/

1) R10571a/1897, deel 2. Rapport van Baron Jules Marie de Catelin oor die dinamietmonopolie.

2) Van der Walt, N., a.w., bl. 1.

3) Barnard, J.H., a.w., bl. 92.

Vgl. ook i) Walker, E.H., Lord de Villiers and his Times. South Africa, 1842-1914, bl. 303 - brief van M.T. Steyn aan De Villiers 29.3.1897. Hy skrywe dat Kruger aan hom die volgende oor die dinamietmonopolie gesê het: "These are not exactly his words, but his idea put into words: 'They have cut me off from the sea. I must create a market for the produce of my burghers in my own country.'"

ii) Tönsing, E.H., a.w., bl. 30.

4) R10571a/1897, deel 2.

Wat die verlening van konsessies deur die regering betref, sien ons dat die handel en invoer van ammunisie en oorlogsmateriaal altyd aan die regering toevertrou is kragtens Volksraadsbesluit "den ammunisie handel te stellen in handen van de Regeering en draagt aan de Uitvoerende Raad op om de noodige maatregelen daartoe te nemen en de instructien en reglementen daarvoor te bepalen en bekend te maken in de Staatscourant."⁵⁾

Na hierdie besluit kan daar geen twyfel meer bestaan nie dat aan die regering van die S.A.R. die uitsluitlike reg verleen is om ammunisie te laat vervaardig en te verkoop. Dinamiet wat onder andere tydens die oorlog teen Makapan in 1853 gebruik is, moet dus ook hierby ingesluit word. Die regering het gevolglik ooreenkomstig sy mag en bevoegdheid gehandel toe hy op 8 Desember 1881 aan Alois Hugo Nellmapius die uitsluitlike reg verleen het om buskruit te vervaardig en te verkoop.⁶⁾

Nellmapius, 'n spekulant, het die konsessie op 8 Julie 1882 aan 'n maatskappy, te wete die "South African Pioneer Powder Factory (Limited)" oorge-
maak, net soos hy met sy ysterkonsessie gemaak het, wat belangrik geword het as gevolg van die spoorlynprojek na Delagoabaai.⁷⁾ Die geldelike posisie van hierdie maatskappy was egter benard en daarmee het Nellmapius ook "te veel ysters in die vuur gehad."⁸⁾

29/

5) E.V.R., art. 644 b, 4 April 1866.

6) Van der Walt, N., a.w., bl.7 en bl.107 vir die kontrak.

7) Ibid., bl.10.

8) Ibid., bl.15. Vgl. bl. 15 en bl. 16 vir 'n lys van al die konsessies aan hom verleen.

Vgl. ook: Scoble, J., and Abercrombie, H.R., The Rise and Fall of Krugerism, bl. 94 - "He was the prince of concession - hunters in the Transvaal."

Die kruitfabriek het egter tydens die oorlog teen Mapog 'n groot bate geblyk te wees, want Nellmapius het die gate en spelonke met dinamiet toegeskiet.⁹⁾

Nellmapius is op 29 September 1886 tot agtien maande tronkstraf gevonniss op grond van beweerde geldverduistering. Hy het hom egter op die genade van die Staatspresident en die Uitvoerende Raad beroep. President Kruger het volgens die grondwet die reg gehad om Nellmapius te begenadig, maar die wyse waarop hy dit gedoen het, het hoofregter Kotze daartoe beweeg om die beskuldigde weer in hegtenis te neem. Nellmapius is kort daarna deur die volle regbank as onskuldig verklaar "en die President se ingryping was, agterna gesien, nie slegs voorbarig nie, maar ook onnodig."¹⁰⁾

Persone kon aansoek doen om konsessies vir die vervaardiging van sekere produkte of artikels waarop die regering 'n beskermende invoerbelasting gehef het.¹¹⁾ Die periode 1881-1885 kan tereg as die konsessietydperk bestempel word, want tot einde Junie 1883 was daar alreeds 195 aansoeke van verskillende persone om sekere konsessies. Hierdie konsessies was egter suiwer om ekonomiese redes uitgegee.¹²⁾

Die Volksraad het die regering gemagtig om soveel moontlik aandele van die dinamietmaatskappy op te koop.¹³⁾ Hierdie opkoping is in die loop van 1887 ten

30/

9) La Grange Lombard., Paul Kruger. Die Volksman, bl. 157.

10) Kruger, D.W., a.w., deel II, bl. 85. Vgl. ook hiervoor: i) Du Plessis, J.S., Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Amp van die Staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902), Argiefjaarboek 1955, deel I, bl. 235 en 236.

ii) Nathan, M., a.w., bl. 237-239, asook bl. 187.

iii) Van Winter, P.J., a.w., deel I, bl. 115.

11) Barnard, J.H., a.w., bl. 69.

12) Du Toit, J.D., S.J. du Toit in Weg en Werk (Versamelde werke van Totius), deel I, bl. 291.

einde gebring en in dieselfde jaar het die dinamietkwessie weer op die voorgrond getree toe die Uitvoerende Raad aan die Volksraad opdrag gegee het om ondersoek in te stel in verband met die invoer en verkoop van dinamiet en ander plofstowwe.¹⁴⁾

Die gevolg hiervan was dat die regering die monopolie vir die vervaardiging en verkoop van ammunisie en plofstowwe, wat hy aan die maatskappy afgestaan het, in eie hande gekry en op 31 Desember 1887 'n kontrak vir sestion jaar met Eduard A. Lippert gesluit het, wat aan hom die uitsluitlike reg verleen het om dinamiet en ander plofstowwe te vervaardig en te verkoop onderhewig aan sekere voorwaardes.¹⁵⁾

Lippert, een van drie broers,¹⁶⁾ word deur 'n sekere skrywer "The Dynamite King" genoem¹⁷⁾ en deur 'n ander as 'n "versatile gentleman" bestempel.¹⁸⁾ Verder was hy ook die eerste persoon wat sy aandag ernstig aan bosbou op die Witwatersrand en te Pretoria bestee het.¹⁹⁾

Uit 'n brief van die Franse konsul, Victor Stephane Aubert, blyk dit duidelik dat daar dwarsdeur die wêreld konsessies en monopolieë uitgereik is wat die uitsluitlike reg vir die vervaardiging van verskillende produkte aan sekere persone verleen het.²⁰⁾

31/

14) U.R., art. 222, 4 Julie 1887. Vgl. ook besprekinge in die E.V.R. op 11.9.1884; 12.5.1885 en 27.5.1885.

15) Staatscourant, 4 Julie 1888 - vir die volledige kontrak.

16) Emden, P.H., a.w., bl. 327.

17) Cohen, L., Reminiscences of Johannesburg and London, bl. 105.

18) Cartwright, A.P., The Gold Miners, bl. 120.

19) Chilvers, H.A., Out of the Crucible. Being the romantic story of the Witwatersrand Goldfields; and of the great city which arose in their midst, bl. 85.

20) R10571a/97, deel 25, brief aan Staatssekretaris, Dr. W.J. Leyds, 10 Oktober 1891.

Op 31 Desember 1891 is die kontrak tussen die regering en Lippert hernu waarvolgens hy die alleenreg ontvang het om ammunisie en ander ploffstowwe "voor zestien jare te fabriceeren en te verkoop." ²¹⁾

Lippert het vervolgens sy rechte oorgedra aan 'n maatskappy te wete die "Zuid-Afrikaansche Maatschappij voor Ontploffbare Stoffen, Beperkt" waarvan Lambertus Gerhardus Vorstman die besturende direkteur en Lippert die hoofagent was. In plaas daarvan om self dinamiet te produseer, het Lippert en sy maatskappy klaargemaakte dinamiet ingevoer terwyl die regering enigiemand anders belet het om dieselfde te doen.

Nadat die saak deur 'n kommissie bestaande uit Dr. Fockens en andere asook daarna deur 'n Volksraads-kommissie ondersoek is en die opinie van adv. Wessels op 22 Augustus 1892 aangehoor is, ²²⁾ het die regering die konsessie van die maatskappy op 22 Augustus 1892 gekanselleer. ²³⁾

Die maatskappy het hom aan kontrakbreuk skuldig gemaak en hiervoor moes hy swaar boet. "De autoriteiten in de Kaap Kolonie na gedane onderzoek, vonden dat 7500 kisten van een materiaal gemerkt "Kieselguhr" of "Guhr Impregne" niet "Guhr Impregne" is, maar wel Dynamiet die men trachte in te voeren, onder een ander naam." ²⁴⁾

In aansluiting hierby sê die Kamer van Mynwese in 'n versoekskrif: "maar de concessionarissen voeren niet alleen de stof in, maar zij importeeren de

32/

21) R 10571a/97, deel 7 vir volledige kontrak.

22) R 10571a/97, deel 26, adv. Wessels se opinie oor die kansellering van die kontrak.

23) R 10571a/97, deel 7.

24) R 10571a/97, deel 25, brief van prokureurs Rooth en Wessels aan die Staatssekretaris op 13 Mei 1892.

gefabriceerden toestand."²⁵⁾

Nadat die konsessie nietig verklaar is, het die regering voorsiening gemaak om 45,000 kiste dinamiet te laat invoer vir die myne en is voorbereidings getref om alle dispuut en geredekawel met die maatskappy, wat inmiddels skadevergoeding²⁶⁾ van die regering geëis het, te beëindig.

In Augustus 1893 het die dinamietvoorraad so kritiek geraak dat die regering verplig was om heelwat dinamiet teen 'n groot bedrag te koop. Daar het nou skerp wedywering tussen die dinamiet-agente ontstaan.²⁷⁾ Vervolgens het die Volksraad besluit om 'n staatsmonopolie in die lewe te roep vir die invoer, vervaardiging en verkoop van ammunisie, dinamiet, kruit en ander plofstowwe.²⁸⁾

Volgens artikel 4 van hierdie regulasies, het die regering die bevoegdheid ontvang om die uitvoering van die aan hom verleende monopolie op te dra aan ander persone.

33/

25) R 10571a/97, deel 26, Memorie van die Kamer van Mynwese aan die regering op 23 Junie 1892. Vergelyk ook hierby: R 10571a/97, deel 26, waar die hoofbestuurder van die maatskappy, W. Jellink, in 'n verklaring op 4 Julie 1892 beweer dat die maatskappy alle materiaal eers bewerk alvorens dit as 'n plofstof van die hand gesit word. "Ik verklaar verder dat eenige inspectie van de Fabriek door eenige expert of chemist, deze feiten hiermede onder ede verklaard, duidelyk zal bewyzen terwyl het verder door myn boeken en werkslieden bewezen kan worden."

26) R 10571a/97, deel 26. Lippert eis van die regering skadevergoeding ter waarde van £338,000 (R676,000) volgens 'n brief van prokureurs Haarhoff en Hull aan die Staatssekretaris op 25 Oktober 1892.

27) R 10571a/97, deel 7.

28) E.V.R. artt., 1266-1301 en 1303-1305, 1-5 September 1893.

Intussen was Vorstman en sy maatskappy die "Zuid-Afrikaansche Maatschappij voor Ontploffbare Stoffen, Beperkt" egter reeds in Augustus 1893 van plan om by die regering aansoek te doen vir die agentskap volgens die regulasies wat op daardie tydstip nog nie deur die Volksraad goedgekeur was nie; want op 25 Augustus 1893 het hy 'n kontrak in twee dele met Lippert aangegaan. Hiermee is alle vorige kontrakte vernietig en is Lippert as die enigste en uitsluitende hoofagent vir die verkoop van al die vervaardigde produkte aangestel. Die voordele hieraan verbonde was legio en die belangrikste was ongetwyfeld die 25,000 aandele ter waarde van £25,000 (R50,000) wat Lippert ontvang het asook 'n verdere 2/- (20c.) per verkoopte kis dinamiet.²⁹⁾ Die aandele is in die begin soos volg uitgegee:

- 1) Aan die geregistreerde lede van die Franse maatskappy: 182,000 vol opbetaalde aandele;
- 2) Lippert se 25,000 vol opbetaalde aandele;
- 3) Aan 'n regsgeleerde te Hamburg, Dr. Gobert, 22,500 vol opbetaalde aandele "voor dienste ten tijde van het verkrijgen van het contract van agentschap";
- 4) En nog 220,000 vol opbetaalde aandele aan verskillende Duitse en Franse maatskappye.

'n Groot totaal dus van 450,000 aandele.³⁰⁾

Volgens wet moes alle aandele van 'n maatskappy alleen uitgereik word teen 'n betaling in kontant of teen 'n ekwivalent in waarde.

Na die goedkeuring van die regulasies op 5 September 1893, is verskillende tenders vir die uitvoer van die agentskap ontvang. Advokate W.E. Hollard, F. Kleyn en L. Jacobsz is deur die regering tot 'n kommissie benoem om rapport oor hierdie saak uit te bring deur die tenders na te gaan en terselfdertyd die voordeligste voorwaardes vir die regering te verkry.

34/

29) R 10571a/97, deel 7. (Die kontrak en die byvoegsel).

30) R 10571a/97, deel 10 vir volle besonderhede.

L.G. Vorstman word vervolgens tot regeringsagent benoem.³¹⁾ Die Uitvoerende Raad het op hierdie tyd stip geen kennis gedra van die kontrak wat alreeds met Lippert aangegaan is nie en dit blyk duidelik dat die kontrak in verskillende dele opgestel is met die oog op 'n betere geheimhouding.³²⁾

'n Ooreenkoms is toe op 25 Oktober 1893 tussen die regering van die S.A.R. en Vorstman aangegaan waarby Vorstman die posisie van regeringsagent aanvaar het en op 4 November 1893 het Lippert en Vorstman 'n addendum tot die kontrakte van 25 Augustus 1893 onderteken wat tussen Lippert en die sogenaamde ou maatskappy bestaan het en wel ten dien effekte dat die kontrakte voortaan sou bestaan tussen Lippert en Vorstman. Ofskoon afskrifte van hierdie kontrakte die regering op 20 Januarie 1894 bereik het, blyk dit dat niemand intieme kennis hiervan gedra het nie.³³⁾ Die regering het volgens 'n besluit van die Uitvoerende Raad³⁴⁾ op 24 Mei 1894 'n nuwe kontrak met Vorstman gesluit.³⁵⁾

Die agentskap sou vir vyftien jaar van krag wees, beginnende vanaf die datum van ooreenkoms naamlik 25 Oktober 1893. Verder is die huurprys van die kruitfabriek op £3750 (R7,500) vasgestel en het die regering die reg gehad om te eniger tyd die kruitfabriek gedurende die loop van die kontrak terug te neem.³⁶⁾ Die maksimum pryse waarvoor die agent dinamiet kon verkoop, sou soos volg bereken word:-

vir dinamiet bekend as no. 1 £4-15-0 (R9.50) per
50 lb.

35/

31) U.R., art. 573, 19 Oktober 1893. Vgl. ook:
R 10571a/97, deel 24 vir almal wat aansoek gedoen
het om die agentskap.

32) R 10571a/97, deel 7.

33) Ibid.

34) U.R., art. 282, 22 Mei 1894.

35) R 5175/94 vir nuwe kontrak en Regulasies.

36) Artikels 2 en 4 van die kontrak.

vir dinamiet bekend as no. 2 £4- 5-0 (R8.50) per
50 lb.

vir dinamiet bekend as no. 3 £3-13-0 (R7.30) per
50 lb.³⁷⁾

Die agent onderneem verder om die vasgestelde
huurprys asook die som van 5/- (50c.) op elke ver-
koopte kis dinamiet drie maandeliks te betaal sowel
as 'n bedrag van 20% van die oorwins terwyl die rege-
ring die agent van enige spesiale belasting vrywaar.

(Met "overwinst" word verstaan die balans wat
oorbly na aftrekking van alle onkoste, slytasie, die
gewone afskrywings en 'n rente van 8% oor die kapi-
taal). Verder moet die agent hehoorlike boekhouding
in "koopmansstijl" toepas en die regering mag op
enige tydstip hierdie boeke inspekteer deur middel
van 'n aangestelde amptenaar of 'n kommissie.

Solank as wat daar geen invoer onder permitte
plaasvind nie, sal die agent aan die regering 'n mini-
mum van 2/6 (25c.) per kis betaal vir die 20% oorwins
wat die regering toekom, selfs al sou hierdie 20% van
die oorwins minder bedrag en verder sal die agent
die maksimum pryse, soos vasgestel in artikel 5 van
hierdie kontrak met 5/- (50c.) per kis verminder.³⁸⁾

In artikel 10 van die regulasies is die regering
gemagtig om binne die kortste moontlike tydperk maar
nie langer as twee en 'n half jaar nie, een of meer
fabrieke op te rig, te voltooi en in werking te bring
vir die vervaardiging van dinamiet en ander ploffstowwe
van sodanige aard en hoedanigheid en in sulke hoevee-
hede as wat die behoefte en aanvraag binne die grense
van die S.A.R. sou vereis. Dit kom dus prakties daar-
op neer dat die agent onderneem het om die fabriek
voor 24 April 1896 klaar te hê.

36/

37) Artikel 5 van die kontrak.

38) Artikel 6 van die kontrak.

Wat die verdere regulasies betref, verwys ons slegs na artikel 15(f) waar die volgende van belang is: indien sulke persone in 'n termyn wat deur die regering met toestemming van die Uitvoerende Raad vasgestel is, in gebreke sou bly om 'n opdrag van die regering uit te voer, sal die regering die reg hê om die uitvoering van hierdie monopolie aan sulke persone te onttrek, tensy hulle kan bewys dat hulle versuim te wyte is aan oorlog of 'n Hoër Hand.

Op 8 Junie 1894 is die nuwe dinamietmaatskappy geregistreer en volgens artikel 11 sou daar twee hoofkantore wees te wete een in Pretoria en een in Europa. In artikel 79 vind ons die lys van direkteure van die maatskappy.³⁹⁾

Op 8 Junie 1894 vra Vorstman die Staatssekretaris per brief om die begindatum vir die oprigting van die fabriek op 24 Mei 1894 in plaas van 25 Oktober 1893 te stel.⁴⁰⁾

Op 14 Julie 1894 het die Staatssekretaris Leyds skriftelik aan Vorstman sy goedkeuring van hierdie voorstel verleen.⁴¹⁾ Ofskoon die Uitvoerende Raad hierdie besluit eers in September 1894 finaal wou goedkeur,⁴²⁾ het die Volksraad ooreengekom om hom nie met hierdie besluit te vereenselwig nie en dat daar stiptelik volgens die regulasies opgetree moes word.⁴³⁾

Oor die uitvoering van die voorwaardes in die kontrak en die regulasies, volg daar nou 'n interessante briefwisseling. Hierin word onder andere verwys na die skrywe van die maatskappy op 30 Oktober 1894 waar in hy die regering vra om verdere permitte vir die invoer van plofstowwe aan ander persone te weier. Die

39) R 10571a/27, deel 7.

40) Ibid.

41) Ibid.

42) U.R., art. 457, 6 September 1894.

regering het toe besluit om die uitgee van permitte soveel soos moontlik te beperk, maar dat die maatskappy aan die voorwaardes van die kontrak moes voldoen.⁴⁴⁾

Uiteindelik is die eerste fabriek voltooi en is daar op 22 Oktober 1896 met produksie begin; met ander woorde ná verloop van die tyd wat in die kontrak bepaal is. Hierdie fabriek sou 80,000 kiste dinamiet per jaar kon lewer, maar omdat die vraag na hierdie stowwe sedert ondertekening van die kontrak baie toegeneem het, versoek die maatskappy die regering dat hy toegelaat moet word om verdere fabriekke te bou wat dan in die aanvraag kon voorsien.⁴⁵⁾ Hierdie aansoek is goedgekeur.⁴⁶⁾

In Februarie 1897 is 'n Volksraadskommissie aangestel om rapport uit te bring oor die dinamietkwessie, nadat daar nie ooreengekom kon word oor die begrotingspos vir plofstowwe van £500,000 (R1,000,000) nie.⁴⁷⁾ Uit die rapport blyk dit duidelik dat hierdie Uitvoerende Raadsbesluit nie met die Eerste Volksraadsbesluit artikel 1711, 14 September 1894 in ooreenstemming gebring kan word nie.⁴⁸⁾

Die kommissie kom tot die gevolgtrekking dat die maatskappy kontrakbreuk gepleeg het weens die nie-voltooiing van die fabriek binne twee en 'n half jaar asook die feit dat daar nie genoegsaam volgens die land se behoeftes in kwaliteit sowel as kwantiteit voorsien kan word nie. Ofskoon die Jameson-inval aan die einde van 1895 en die begin van 1896 die

38/

44) Brieweboek, aangedui B.B. 2409/94 (9 November 1894).
B.B. 2543/94 (23 November 1894).
B.B. 639/95 (23 April 1895).

45) R 10571a/97, deel 7.

46) U.R., art. 893, 14 Oktober 1896. Vgl. ook R 1480/96.

47) E.V.R., art. 46, 4 Februarie 1897.

48) E.V.R., art. 396, 22 Februarie 1897; afd. I par.

oprigting van die fabriek bemoeilik het, is dit vir die kommissie nie 'n genoegsame rede nie. Soos reeds bekend kon die maatskappy gedurende 1897 80,000 kiste dinamiet per jaar produseer; terwyl hy gehoop het om sy produksie in 1899 te kon verdubbel of laat ons liever aanneem te kon vermeeder tot 180,000 kiste per jaar. Aangesien die aanvraag volgens gegewens van die regeringsagent, dwarsdeur die land ongeveer 200,000 kiste per jaar beloop, (Vgl. ook die beraming soos opgestel deur die Kamer van Mynwese wat die getal op 186,000 kiste per jaar stel) en die Kommissie met al die moontlike inligting tot sy beskikking, die aanvraag vir die jare 1898-1900 teen 250,000 kiste per jaar skat, sal die tekort aan plofstowwe soos volg daar uitsien:

1897	120,000	kiste
1898	170,000	kiste
1899	70,000	kiste
1900	70,000	kiste
Totaal:	<u>430,000</u>	49)

Al sou die Uitvoerende Raadsbesluit van 14 Oktober 1896 in ooreenstemming gebring kan word met die Eerste Volksraadsbesluit, artikel 1711 van 1894 en artikel 16 van die kontrak van die regeringsagent, dan het die maatskappy nog nie aan die kontrak voldoen nie aangesien hy nie in die land se behoeftes kon voorsien nie.

Hierdie dinamietgeskil sou nog tot Augustus 1899 die aandag van die regering geniet en vorm myns insiens die basis van die Uitlanders se klagtes. Want gepaard met hierdie konsessie en "uitsluitlike reg" - gedagte, het 'n ander euwel naamlik omkopery sy kop uitgesteek en die Uitlanders het hierin 'n nuwe rede gevind om hul griewe aan die buitewêreld uit te basuin.

39/

Die Industriële Kommissie van Onderzoek sou verder ook op die dinamietkwessie ingaan en dit was dus nodig om 'n historiese oorsig oor die verloop van die dinamietmonopolie te skets. Om die konsessiebeleid in sy volle verband te sien, is dit noodsaaklik om ook kortliks die aandag op die ander belangrike monopolieë te vestig.

B. Die Spoorwegkonsessie:

Al die onderhandelinge ten opsigte van die Delagoabaai spoorweglyn en konsessies aan sekere persone het uiteindelik uitgeloop op die verlening van 'n konsessie aan die N.Z.A.S.M. vir die "aanleg en eksploitatie van eenen spoorweg in de Zuid-Afrikaansche Republiek van de Portugeesche grens tot Pretoria."⁵⁰⁾

Sowel Transvaal as Mosambiek het besef dat hul ekonomiese belange in die eerste plek daarin geleë was dat daar 'n spoorwegverbinding tussen Delagoabaai en Johannesburg bewerkstellig moes word.⁵¹⁾

Met die oog op 'n moontlike oorlog het Kruger besef dat nie alleen die dinamietmonopolie nie, maar ook die spoorwegkonsessie moes bly staan. Dit was ook as gevolg van politieke oorweginge dat hy as Staatspresident van die Z.A.R. met President M.T. Steyn, Staatspresident van die O.V.S., op 17 Maart 1897 'n politieke verbond gesluit het.⁵²⁾

40/

50) E.V.R., art. 243, 23 Augustus 1884. Vir 'n vollediger beeld en 'n historiese oorsig van die uitgee en verloop van al die spoorwegkonsessies vanaf 1870 raadpleeg Z.A.R. Groenboek no. 112 en Botha, P.R., a.w., bl. 147-158.

51) Van der Poel, J., Railway and Custom Policies in South Africa, 1885-1910, bl. 3.

52) Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, 'n Lewensbeskrywing, deel I, bl. 112-115.

C. Industriële Konsessies en andere.

Die belangrikste konsessie en die een wat die meeste kritiek moes verduur, was die konsessie vir die vervaardiging van "geestrijke" en sterk drank van alle soorte graan, aartappels of ander produkte van die land, boomvrugte en druiwe. Hierdie konsessie is geregistreer onder die naam van "Eersten Fabrieken Hatherley-Distillery, Ltd." en sou eers op 30 Junie 1912 verval.⁵³⁾

Dit is onnodig om al die industriële konsessies en monopolieë hier te behandel. Hoofsaak bly dat daar 'n mag der menigte konsessies uitgereik is, wat slegs ontevredenheid en moeilikheid veroorsaak het.⁵⁴⁾

Voorgaande was dan kortliks en in breë trekke 'n historiese oorsig van die verskillende konsessies en monopolieë soos dit deur die regering van die S.A.R. sedert omstreeks 1870 en tot en met die benoeming van die Industriële Kommissie aan verskillende persone uitgereik is.

Hierdie konsessies vorm die basis waarop die ontevredenes hulle griewe en klagtes gebaseer het wat

41/

53) E.V.R., art. 1388, 4 Oktober 1897, Die Rapport van die Departement van Inspeksie vir die jaar 1896.

54) Raadpleeg die volgende vir al hierdie industriële konsessies:-

- i) Z.A.R. Groenboeke no's. 130, 146 en 147.
- ii) Die rapporte van die Departement van Inspeksie vir die jare 1896, 1897 en 1898 in E.V.R.-notule.
- iii) Leyds, W.J., Het insluiten van de Boeren-Republieken, deel II, bl. 262-270.
- iv) C 7171, bl. 9.
- v) Cd 623, bl. 19 ev.- Rapport van die "Transvaal Concessions Commission".
- vi) In Memoriam, bylae no. I, bl. 5-15.
- vii) Van Winter, P.J., a.w., deel II, bl. 34-42.
- viii) Afdeling Auditeur-generaal, aangedui A.G., band no. 550, bl. 1-38.
- ix) Van Blokland-versameling, pamflet no. 137.

hulle gedurende hierdie tyd die wêreld ingestuur het. Heelwat ontevredenheid is van die kant van President Kruger se eie mense ondervind met die gevolg dat die benoeming van die Industriële Kommissie allerweë verwelkom is en daar hoë verwagtings vir die Kommissie gekoester is. Die taak wat die Industriële Kommissie hom op die skouers geneem het, kan dus nie onderskat word nie, want in Suid-Afrika sowel as in die buiteland was daar groot belangstelling vir sy werksaamhede.

Die belangrikste taak van die Kommissie was om vas te stel of die beginsel wat die grondslag vir die uitreiking van konsessies gevorm het, polities en ekonomies verantwoord kon word. Aandag sal veral aan die ekonomiese aspek gegee moet word want dit was hier waar die grootste ontevredenheid geheers het. Die konsessionarisse of monopoliste het naamlik buitengewone hoë pryse vir hul vervaardigde artikels gevra en hoë vervoertariewe is gehef.

Die vraag het dus ontstaan of die politieke dryfveer agter hierdie hele onderneming die ekonomiese laste en die opstand wat daaruit gespruit het, die hoof sou kon bied. In hierdie uiters plofbare situasie moes die Industriële Kommissie as bemiddelaar optree en min mense het besef dat die gevolge van die Industriële Kommissie se werksaamhede uiteindelik ook onder andere die oorlog tussen Engeland en Suid-Afrika sou bespoedig.

HOOFSTUK 3.

DIE WERKSAMHEDE VAN DIE INDUSTRIELE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK.

A. Inleiding.

Gedurende die eerste paar maande van die jaar 1897 het die ontevredenheid op die Witwatersrandse goudvelde steeds toegeneem en het die talryke konsessies bepaald met drukkende belastinge en tariewe selfs ook teerkanting van Volksraadslede uitgeleek. So byvoorbeeld was Generaal Joubert teen Kruger se konsessiebeleid gekant en het hy nasionalisering van die spoorweë voorgestaan.¹⁾ Dit blyk verder dat selfs Dr. Leyds teen die uitreiking van monopolieë en konsessies gekant was.²⁾ Tydens hierdie periode vernem ons alreeds van die voorspellings dat ekonomiese moeilikhede die S.A.R. voor die deur staan en dat radikale veranderinge en hervorminge noodsaaklik vir die industrieë sou wees.³⁾

Reeds sedert 1892 het daar klagtes oor die hoe spoorwegtariewe ingestroom veral nadat die oosterlyn voltooi is en die suiderlyn in die hande van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij oorgegaan het. Daar is ook verder geagiteer om die spoorweë te nasionaliseer en hierdie saak het die aandag van die Volksraad geniet.⁴⁾ President Kruger was die mening toegedaan dat die tyd nog nie daarvoor ryp was nie.

43/

1) Mouton, J.A., Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis, Argiefjaarboek 1957, deel I, bl. 172.

Vgl. ook: i) Barnard, J.H., a.w., bl. 20.

ii) Kruger, D.W., a.w., deel II, bl. 190 en 191.

2) Leyds, W.J., Kruger Days. Reminiscences of Dr. W.J. Leyds. Kees van Hoek, bl. 13.

3) The Transvaal Advertiser, 20 Februarie 1897.

4) E.V.R., artt. 980-982, 22 Augustus 1895.

Hierdie siening van die President ten opsigte van naasting was volkome in ooreenstemming met die toestande waarin die S.A.R. verkeer het met die gevolg dat die tyd vir onteiening van die spoorweë nog nie geskik was nie.⁵⁾

Gepaard met hierdie moeilikhede is wanadministrasie in Transvaalse sake bedryf "en dis bekend dat in die jaar 1896 deur amptenare in die Republiek die bedrag van £18,590 (R37,180) verduister is."⁶⁾

In 1896 het die beweging tot naasting weer sy kop uitgesteek, maar die Volksraad het by sy besluit van 22 Augustus 1895 gebly.⁷⁾ Ons moet egter goed verstaan dat President Kruger en sy regering nie in beginsel teen naasting van die spoorweë gekant was nie. Kruger wou met verloop van tyd tot hierdie stap oorgaan en daar is op voorstel van Dr. Leyds besluit om die aandele stuk vir stuk op te koop "en langs die weg in besit van die spoorweë te kom, sonder dat daar 'n politieke saak van maak word, soos die geval was met die naastingsvoorstelle in die Volksraad gedoen."⁸⁾

Die ontevredenheid met die N.Z.A.S.M. het teen die einde van 1896 en die begin van 1897 sterk toegeneem. Die ontwikkeling en uitbreiding van die goudindustrie gedurende 1895 was tydelik, en teen die einde van 1896 het dit 'n statiese toestand bereik, en gevolglik was die teleurstelling by die nywerheidslui baie groot. Hulle het toe die hoë spoorwegtariewe van die maatskappy aangeval as die belangrikste stremmende faktor in die ontwikkeling van die goudindustrie.⁹⁾

44/

5) Coetzee, D.J., Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899, bl. 121.

6) Kieser, A., President Steyn in die krisisjare, 1896-1899, bl. 27. Vgl. ook bl. 28, voetnota 92 vir bronne om bogenoemde te staaf.

7) E.V.R., artt. 2091-2093, 24 en 25 November 1896.

8) Botha, F.R., a.w., bl. 163.

9) Coetzee, D.J., a.w., bl. 121.

Die mynmagnate het die Spoorwegmaatskappy geen voorspoed gegun nie en het beweer dat die hoë ryloon na en in die Republiek, die dinamietmonopolie en ander laste die hoofoorsake was dat die goudnywerheid in sy ontwikkeling teëgehou is.¹⁰⁾

Die klagtes van die kapitaliste was slegs op eie belang bereken en het allermins die land se voorspoed vooropgestel. In 'n memorandum wat deur Carl Schürmann, 'n Myninspekteur, op 28 April 1908 opgestel is, (dus 'n jaar na die benoeming van die Industriële Kommissie) vaar hy uit teen die klein klompie kapitaliste in wie se hande die mynindustrie aan die Witwatersrand behoort. Hulle "de voor onze Republiek gevaarlijke kapitalisten-clique die ik in't vervolg zal noemen de Monopolisten; hebben als Hoofden de Heeren A. Beit en C. Rhodes die alreeds veel jaren begierig zijn het geheel Zuid-Afrika voor hun eigen belangen te monopoliseeren en het putlick en de Regeering van Engeland te misleiden om daardoor hun eigen zakken te vullen met millioenen ponden Sterling." Hy maak verder voorstelle om hul mag te beperk.¹¹⁾

B. Versoekskrif van die General Mining and Finance Corporation Ltd.

Op 25 Maart 1897 het die regering 'n klagskrif rakende toestande op die goudvelde van bogenoemde maatskappy ontvang. Hierdie maatskappy het 'n groot hoeveelheid Duitse kapitaal wat in die S.A.R. beleë is, verteenwoordig. Hulle het die swak heersende toestande op die goudvelde onder die regering se aandag gebring en veral op die kleiner en armer myne

45/

10) Botha, P.R., a.w., bl. 159.

11) Schürmann-Skenking (By: A 793).

gewys wat onder swaar laste gebuk moes gaan en moes spartel om kop bo water te hou. Die gevolg hiervan was dat die aandeelhouders in Europa "door de slechte resultaten het vertrouwen in eene betere toekomst van de Witwatersrand, verloren hebben en van verdere belegging van kapitaal in de Zuid-Afrikaansche Republiek afzien."¹²⁾

As daar geen verandering in hierdie toestand te weeg gebring word nie, sou die myne verplig wees om hulle werk te staak; baie arbeiders sou dan ontslaan moes word en die spoorweginkomste sou as gevolg van 'n geringer verkeer, verminder word. Die eerste stap wat die ondergetekendes George Albu en Amandus Brakhan p/a A.D. Goerzs Co. Ltd. (Lubeck), gemeen het noodsaaklik sou wees, was "eene aanzienlijke vermindering der vrachttarieven, welke door de N.Z.A.S.M. en de spoorwegen van de omliggende landen geheven worden."¹³⁾

Die koste vir die vervoer van steenkool was ook hoog.¹⁴⁾ Indien die N.Z.A.S.M. newespoore by die goudmyne sou aanlê, (een sylyn sou geskik wees vir drie goudmyne) sou die steenkool met meer gemak afgelaai en na die verskillende myne vervoer kon word. Die koste met betrekking tot die aflaai van steenkool en die vervoer teen 3/3 (32½c) per ton, sou dan tot 'n minimum verminder kon word "en de verpakkingskosten der kolen in zakken zouden dan geheel vervallen, daar de kolen dan los, dit is niet in zakken, vervoerd kunnen worden."¹⁵⁾

46/

12) R 4365/97 by R 10571a/97, deel I, bl. 1 van die versoekskrif.

13) Ibid., bl. 3.

14) Ibid., Vir enkele pryse raadpleeg bl. 4 van hierdie brief.

15) Ibid., bl. 5 - Die koste van 3/3 (32½c) per ton, het daardeur ontstaan dat die N.Z.A.S.M. slegs 30 tot 45 minute tyd vir aflaai van steenkool beskikbaar gestel het, met die gevolg dat baie arbeiders nodig was om hierdie werk in die beperkte periode te verrig.

Op bladsy 6 van die versoekskrif vind ons verskillende tabelle van die hoë vragtariewe soos deur die N.Z.A.S.M. gehef op artikels wat vanuit die buitenland ingevoer is. So word 'n voorbeeld aangehaal van 'n lading Sweedse houtdele wat vry aan boord £1,000 (R2,000) gekos het. Die seevrag tot Delagoabaai, Durban, Port Elizabeth en Oos Londen het £500 (R1,000) beloop. Die spoorvrag is egter soos volg belas:

van Delagoabaai na Johannesburg	-	£1,600	(R3,200)
van Durban of Oos Londen na Johannesburg	-	£1,900	(R3,800)
van Port Elizabeth na Johannesburg	-	£2,000	(R4,000)

Hierdie opgawe en menige ander spreek vir hulself: "De spoorvracht van de kust naar Johannesburg kost bij sommige artikelen bijna even zooveel, bij verscheidene meer dan de koopprijs van het artikel vermeerderd met de zeevracht voor eene langdurige reis. De spoorvracht is bijna zesmaal zoo hoog als in Duitschland en zoover wij weten, worden in geen enkel land ter wereld vrachtprijzen belast, die ook maar eenigszins zoo hoog zijn."¹⁶⁾ Klaarblyklik was hierdie vragpryse die swaarste belasting vir die myne. Hierdie drukkende spoorwegpryse het 'n vernietigende invloed op die uitbreiding van die industrie gehad.

Dit is ook duidelik dat die buitengewone duur lewenskoste in Johannesburg, asook die hoë huishuur, 'n gevolg was van die hoë vragpryse: "Door zulk een duur levensonderhoud zijn dus de mijnen verplicht hunne blanke arbeiders loonen toe te kennen, zoo hoog als nergens anders in de wereld, en dit is de betreurenswaardige, indirecte invloed van de vrachten."¹⁷⁾

47/

16) Ibid., bl. 8 en 9.

17) Ibid., bl. 9.

Die petitionarisse sluit af deur 'n vermindering in die spoorwegpryse aan te beveel om sodoende nie alleen 'n ekonomiese maar ook 'n politieke krisis op die Witwatersrandse goudvelde te voorkom en om terselfdertyd voorspoed en bloei op industriële gebied in die Suid-Afrikaanse Republiek te verseker. Met President Kruger se besoek aan Bloemfontein in Maart 1897, het President Steyn hom ook in verband hiermee oorreed om "met die ontevredenheid weg te doen" deur dié konsessie oor te neem.¹⁸⁾

C. Die benoeming van die Industriële Kommissie van Onderzoek.

Na aanleiding van laasgenoemde klagskrif in verband met die te hoë spoorwegtariewe wat in die S.A.R. en ander state in Suid-Afrika gehef is, het die Uitvoerende Raad op 24 Maart 1897 besluit om 'n ondersoek na die toedrag van sake rakende die mynindustrie op die Witwatersrand in te stel en 'n Kommissie hiervoor af te vaardig bestaande uit J.W. Burger, L.B.K. as Voorsitter; J.S. Smit, Regeringskommissaris van Spoorweë; Dr. W. Schmitz-Dumont, waarnemende Staatsmyningenieur; C.J. Joubert, Hoof van die Departement van Mynwese; Thos. Hugo, Hoofbestuurder van die Nasionale Bank en "een sekretaris als hulp aan deze Kommissie toe te staan en indien noodig nog een technisch persoon."¹⁹⁾

Op 30 Maart 1897 het die Uitvoerende Raad besluit om die Speciale Regskommissaris te Johannesburg en die Hoof van Mynwese, J.E. de Beer tot hierdie Kommissie toe te voeg en verder bepaal dat Thos. Hugo "niet als gewoon lid in de Kommissie zitting zal hebben doch als financieel expert en als soodanig recht van stemming zal hebben inzaken financiën

48/

18) Kieser, A., a.w., bl. 24.

Vgl. ook: i) Du Toit, I.D., a.w., bl. 220 en 368.

ii) Walker, E.A., a.w., bl. 304.

19) U.R. art. 264, 24 Maart 1897.

betreffende."²⁰⁾ Vervolgens is drie lede te wete Edmond Brochon, John M. Pierce en Amandus Brakhan as lede benoem om die Kommissie van advies en inligting te voorsien wanneer die Kommissie sodanige hulp sou verlang.

Deur die benoeming van soveel adviserende lede, het die Industriële Kommissie 'n "kapitalistiese kleur" verkry,²¹⁾ want later is James Hay en George Albu tot hierdie paneel bygevoeg. Die Mynkommissariss van Krugersdorp, mnr. Buttger, sou as verteenwoordiger van 22 maatskappye aan die Wes-Rand die Kommissie met advies bedien, maar hy sou nie sitting hê nie.²²⁾

Uit die briewe wat die waarnemende Staatsskrywer, Van Boesschoten namens die Uitvoerende Raad aan al die lede gerig het, om te verneem of almal hulle die benoeming laat welgeval of nie, blyk dat die doel van die Kommissie te wees om 'n rapport in te dien rakende toestande op die Witwatersrandse goudvelde in die algemeen met verwysing na alle struikelblokke wat die ontwikkeling van die myn-industrie belemmer en teëhou en om hiervolgens dan aanbevelinge tot bevordering en verbetering van die toestand te maak.

Ten einde die taak van die Kommissie so verrydig moontlik te maak en die nagaan van die werklike toestande te vergemaklik, is hy gemagtig om getuienis af te neem in verband met alle aspekte wat die doel van die ondersoek raak.²³⁾ Al die gekose lede het hul benoemings aanvaar.²⁴⁾

49/

20) U.R., art. 278, 30 Maart 1897.

21) Scholtz, G.D., a.w., deel II, bl. 157.

22) The Comet, 8 April 1897.

23) Die briewe aan die verskillende lede is almal op 5 April 1897 geskrywe en kan gevind word in die Regerings Brieweboek, aangedui R.BB. 499/97 en 506/97 tot 512/97.

24) R 10571a/97, deel 1, asook R 10571a/97, deel 3 vir James Hay en George Albu se antwoorde.

Op 1 April 1897 het H.S. van Diggelen aansoek gedoen om as sekretaris van die Industriële Kommissie op te tree, maar sy aansoek is nie aanvaar nie.²⁵⁾ Edgard Levy en Hendrik Bosch is egter tot sekretarisse van die Kommissie benoem en hulle aanstellings is respektiewelik goedgekeur en beëdig op 12 April 1897 en 21 April 1897.²⁶⁾

Die benoeming van die Industriële Kommissie is orals met tevredenheid en opwinding ontvang en die keuse van Schalk Willem Burger as voorsitter het oor die algemeen byval gevind.²⁷⁾ Volgens 'n berig blyk dit egter dat die Paryse "Matin" geen vertroue in die Industriële Kommissie van Onderzoek gehad het nie en hierdie benoeming slegs as 'n set van President Kruger beskou om tyd te wen en om Dr. Leyds geleentheid te bied om sy sending na Europa te volbring.²⁸⁾

Die gevoel was dat ondersoek so gou moontlik 'n aanvang moes neem. "It is of the utmost importance that the members should receive their authoritative credentials without delay, and that they should proceed to work so as to enable them to bring in their report as early as possible."²⁹⁾

Volgens 'n skrywe van die Johannesburgse Kamer van Handel aan die Industriële Kommissie word dit na 'n eenparige besluit van hierdie vereniging wenslik geag om die sitting van die Industriële Kommissie hoofsaaklik in Johannesburg te laat plaasvind.³⁰⁾

Na aanleiding van hierdie aanbeveling, skrywe

50/

25) R4767/97 by R10571a/97, deel I.

26) R5474/97 by R10571a/97, deel 3.

27) De Volksstem, 12 April 1897, vgl. ook:

i) The Comet, 27-3-1897;

ii) The Press Weekly 17-4-1897.

28) De Boerenvriend, 3 April 1897.

29) The Johannesburg Times, 7 April 1897.

30) R10571a/97, deel I, brief gedateerd 15 April 1897 en onderteken deur die sekretaris van die Kom.

S. Hershfield van Freemasons Hall, Jeppe Straat te Johannesburg aan J.F. de Beer, lid van die Kommissie: "I have the honour to place my hall upstairs in this building (te wete die Masonic Saal) at the disposal of the Commission for the purpose of holding its meetings. As regards the remuneration for same by way of rent, I beg to state that I leave the same entirely in your hands." ³¹⁾

Volgens notule sou die verrigtinge met oop deure behou word, tensy die Kommissie sou besluit om 'n saak in komitee te behandel. Getuienis sou onder eed afgeneem word. ³²⁾ Vir algemene inligting is die name van die lede wat tot die Industriële Kommissie benoem is asook die doel van die Kommissie van Onderzoek in die Staatscourant gepubliseer. ³³⁾

In "De Volksstem" het die volgende kennisgewing verskyn: "Kennis word hierdoor gegee aan alle belanghebbenden dat die Kommissie door die Regeering aangestel in sake de Mijn Industrie zitting zal nemen en hare werkzaamheden beginnen te Johannesburg, in de Masonic Hall, Jeppestraat, op aanstaande Dinsdag, 20 April, ten 11 ure v.m. op laat, Edgard Levy, Secretaris." ³⁴⁾ Verder sou twee "politie-agenten" die plek van vergadering daaglikse bewaak om enige moontlike ongerymdhede te voorkom. ³⁵⁾

Daar is ook besluit dat die vergaderings daaglikse tussen 9.00-12.00 in die oggend en 3.00-5.00 in

51/

31) R10571a/97, deel 3, brief beskrywe op 12 April 1897.

32) R10571a/97, deel 3, volgens notule van die Kommissie: 9/4/1897.

33) Staatscourant, 14 April 1897, Gouvernements-kennisgewing, no. 157.

34) De Volksster, 15 April 1897; vgl. ook: The Press, 16 April 1897.

35) R10571a/97, deel 1.

die middag gehou sou word en volgens die notule van 20 April 1897 van die Industriële Kommissie wou die lede in die eerste plek die werklike oorsake van die beweerde toestand vasstel deur 'n ondersoek in te stel na die hoë arbeidslone, die beweerde swak bestuursorganisasie, oordrewe belastinge, hoë vraglone en die buitelandse (politieke) invloed.³⁶⁾

Op 22 April 1897 het die volgende kennisgewing verskyn: "Bij deze wordt kennis gegeven dat alle kennisgevingen bestemd voor de Commissie kunnen worden geadresseerd naar Postbus 1725, en dat alle personen die wenschen getuigenis af te geven of eenige inlichtingen te verschaffen verzocht worden zich schriftelijk te wenden tot bovengemeld adres. Met brieven geadresseerd aan de Secretarissen. Levy en Bosch."³⁷⁾ Verder sou aansoeke om vrywillige getuigenis af te lê, op 14 Mei 1897 ten einde loop.³⁸⁾

D. Die Werksaamhede van die Industriële Kommissie van Onderzoek.

Die Kommissie het vanaf Dinsdag 20 April 1897 tot en met Vrydag 4 Junie 1897 vergader en in die proses nie alleen drie en dertig persone as getuigenis ondervra nie, maar ook heelwat klagskrifte en geskrewe inligting oorweeg. (Sien byvoegsel A vir 'n volledige lys van al die getuies wat voor die Kommissie verskyn het.) Die Kommissie het byvoorbeeld aan baie mynmaatskappye vraelyste gestuur om uit die antwoorde 'n suiwer beeld van die posisie wat elke maatskappy bekleed het, te verkry.³⁹⁾

52/

36) R10571a/97, deel 5.

37) The Star, 22 April 1897.

38) The Standard and Diggers News, 10 Mei 1897.
Vgl. ook: The Star, 10 Mei 1897.

39) Sien R10571a/97, deel 6 vir so 'n volledige vraelys.

Dit sou nie doenlik wees om volledig op al die getuienis te let nie, derhalwe verwys ons hier na 'n gepubliseerde bron wat die volledige getuienis bevat soos voor die Industriële Kommissie afgelê.⁴⁰⁾ Die Kommissie het vir die opteken van die getuienis gebruik gemaak van twee snelskriftiksters wat die firma Dunbar Bros. op 30 April 1897 aangebied het om die Witwatersrandse Kamer van Mynwese tot hulp te wees met hierdie groot en uiters belangrike taak.⁴¹⁾

Die meeste getuies was op die een of ander manier aan die mynindustrie verbonde en gevolglik moes die Industriële Kommissie 'n ietwat eensydige en subjektiewe getuienis aanhoor en dit sou sy rapport definitief beïnvloed: want "die Industriële Kommissie het blykbaar die getuienis van die kant van die myne onvoorwaardelik as waar aangeneem en alles wat van die ander kant gekom het aan die strengste toetse onderwerp."⁴²⁾

Alvorens ons die aandag op die verslag van die Kommissie vestig, is dit nodig om die vernaamste feite soos weerspieël in die getuienis van die verskillende ondervraagdes in enkele en breë hooftrekke aan te dui.

Op 28 April 1897 het die Kommissie 'n petisie van die spesiale memoriekommissie ontvang,⁴³⁾ waarin die petisionarisse daarop wys dat ten gevolge van die hoë spoorwegtarief; die buitensporige hoë dinamietprys; die gebreke in die Faswet; die onvolkome administrasie en uitvoering van die Drankwet; die

53/

40) The Mining Industry. Evidence and Report of the Industrial Commission of Enquiry. Compiled and Published by the Witwatersrand Chamber of Mines, Johannesburg, S.A.R. 1897.

41) R10571a/97, deel I.

42) De Winter, G.H.J., Schalk Willem Burger. Die laaste Vise-President van die Suid-Afrikaanse Republiek, bl. 33.

43) Volgens E.V.R., art. 14, 4 Mei 1897 het hierdie Kommissie bestaan uit drie persone te wete

toenemende gouddiefstalle en die gebrek aan 'n behoorlike kontrole oor die inboorlingarbeid: "de schadelijke uitwerkselen op de mijnnijverheid, zoowel als op den Staat in het algemeen zoo ernstig zijn geworden dat vele mijnen reeds hebben moeten sluiten."⁴⁴⁾

As die tariewe verlaag sou word, sou laergraadmyne weer in staat wees om te produseer en dit sou uiteindelik die welvaart van die Staat bevorder. Hierdeur sou die finansiële toestand van die land op 'n soliede grondslag geplaas en steeds verder versterk word. In die onmiddellike begin sou die verlies van inkomste gevoel word, maar met verloop van tyd sou die wins verdubbel word as gevolg van die groot uitbreiding van die handel wat sou volg op die algemene produksie van die myne en die vermeerderde goudopbrengs. 'n Verhoogde aanvraag na lewensmiddele en alle andere produkte sou die landbou bevorder en die waarde van grondeiendom sou styg. Soos die werklike toestand egter daar uitgesien het, kan die bewering dat die organisasie en sistematiese beplanning van die mynwese aan die Witwatersrand tot op daardie stadium die heel swakste in die wêreld was, nie summier veroordeel word nie.⁴⁵⁾

Die Arbeidsprobleem.

Met die ontwikkeling van die mynnywerheid en die gevolglike groter vraag na arbeid, het die kwessie van arbeidstoevoer 'n saak van aansienlike belang vir die mynmaatskappye geword en is pogings sedert 1890 aangewend om die toevoer van naturellearbeid daadwerklik te organiseer ten einde in die behoefte te voorsien.

Volgens Hennen Jennings blyk dit uit ontledinge

54/

44) R10571a/97, deel 3.

45) The South African Financial Record, 10 April 1897.

dat die arbeidsvraagstuk een van die moeilikste struikelblokke was waarmee die mynindustrie te kampe gehad het, want hy het tot die gevolgtrekking gekom dat 60% van die produksiekoste aan arbeid bestee is.⁴⁶⁾

Die lone van blanke arbeiders moes langsamerhand verlaag word: gedeeltelik deur 'n toevloei van vakarbeiders en gedeeltelik deur 'n vermindering in die lewenskoste. Kontrakwerk was volgens Amandus Brakhan die beste metode want daardeur kon die arbeider se vlyt en arbeidsaamheid na vore tree.⁴⁷⁾ W.H. Hall het weer in sy getuienis vir 'n bonusstelsel gepleit wat volgens hom in Amerika goeie vrugte afgewerp het. Hiervolgens het betaling in ooreenstemming met die hoeveelheid werk wat verrig is, geskied.⁴⁸⁾

Dit blyk ook dat baie mynwerkers slegs tydelik op die goudvelde werksaam was, want uit 'n totaal van 3,620 mynwerkers wat 53 verskillende maatskappye verteenwoordig het, het 12.9% getroude mans met hul families by die myne gewoon en was 33.1% getroude mans sonder hul families en 54.0% ongetroude mans by die myne woonagtig. Vanaf begin Mei 1897 tot helfte Junie 1897 het 827 van die 3,620 werkers die mynindustrie vaarwel toegeroep en 46% van hulle het boonop nog die land verlaat.⁴⁹⁾ Die gevaar het egter bestaan dat deur die verlaging van die blanke mynwerker se loon, die goeie vakarbeider noodwendig op die uitkyk na 'n beter besoldigde betrekking sou wees.⁵⁰⁾ Om die salarisskale te verlaag, moes daar

55/

46) Evidence and Report of the Industrial Commission of Enquiry, bl. 218.

47) R10571a/97, deel 29. Vgl. ook hiervoor C.S. Goldmann se getuienis.

(Omdat al die getuienis in beide tale beskikbaar gestel is, het ek hoofsaaklik van die Nederlandse teks gebruik gemaak.)

48) R10571a/97, deel 2. Vgl. ook Robert Mayo Catlin se getuienis hieroor: Evidence and Report of the Industrial Commission. bl. 7.

beslis 'n vermindering in die bedryfskoste te-
weegebring word wat natuurlik in noue verband is
die materiaal- en vragpryse gestaan het.⁵¹⁾

Deur van wetenskaplike beplanningsmetodes in
die mynbedryf gebruik te maak en met die hulp van
finansiële en industriële deskundiges, het 'n man
soos Martin Lubeck gemeen dat die bedryfskoste met
soveel soos 6/- (60c) per ton verminder kon word
as daar ook 'n ooreenstemmende verlaging in die
spoorwegtariewe, dinamietpryse, steenkool, blanke
en nie-blanke arbeidskoste en salarisse plaasvind.
Hierdie verlaging sou noodwendig die lewenskoste
verlaag.⁵²⁾ Robert Barrow het die lewenskoste van
'n gemiddelde mynwerkersgesin in Lancashire (Engeland)
met die van mynwerkers in die Transvaal vergelyk
en daarop gewys dat getroude mynwerkers meer voordele
moes ontvang: "I know some in England and Germany
where the Companies try to give the married miners
some advantage over the others."⁵³⁾

Die Paswet.

Die ondoeltreffende en swak administrasie van
die Paswet, wat die naturelle arbeid op die goudvelde
moes beheer en reël, het by die meeste persone die
hoofklag gevorm ten opsigte van die naturelle-moei-
likhede. Die beheer oor die toevoer van naturelle-
arbeiders het volgens hierdie persone nie aan sy
doel beantwoord nie. Verder is die gebrek aan
lokasies naby die myne as 'n groot leemte gesien, en
het hierdie toedrag van sake veroorsaak dat naturelle
gedros en rondgeloop het. Volgens 'n opname van

56/

51) R10571a/97, deel 29 - vgl. hiervoor Thomas H.
Leggett se getuienis en sy verwysing na verskil-
lende pryse in Kalifornië ten opsigte van die
in die S.A.R.

52) R10571a/97, deel 29 - Martin Lubeck se getuienis.
Vgl. ook: Evidence and Report J.B. Robinson se
getuienis, bl. 264.

53) Evidence and Report Bl. 178. "I have gone into
figures, and I consider that if we can reduce

Charles Sydney Goldmann by 33 verskillende mynmaatskappye blyk dit dat daar gemiddeld 55 naturelle per maand by elke maatskappy gedros het gedurende die tydperk November 1896 tot Maart 1897. Dit het beteken dat 'n maatskappy elke maand 50% van sy naturelliewerkers verloor het.⁵⁴⁾ W.H. Hall het 'n oplossing vir hierdie probleem aan die hand gedoen; naturelle wat 'n myn verlaat of sommer goedmoeds wegloop van hulle werk en by 'n ander myr diens wil gaan aanvaar, moet nie op dieselfde loon skaal geplaas word as diegene wat alreeds daar werk saam is nie. In hierdie verband sou die samewerking van al die mynmaatskappye nodig wees.⁵⁵⁾

Blykens proklamasie was die Witwatersrandse goudvelde in drie dele geproklameer te wete Johannesburg, Krugersdorp en Boksburg. Die hoof van die pasdepartement in Johannesburg het die volgende aanbevelings ten opsigte van hierdie probleem aan die hand gedoen: Hy het aanbeveel i) 'n hoofadministrateur oor die drie arbeidsdistrikte benoem moes word, wat aan die hoof van mynwese verantwoording verskuldig sou wees; ii) dat 'n spesiale pas-kommissaris vir die Johannesburgse arbeidsveld aangestel word en iii) twintig polisie-dienare of meer vir elke distrik asook iv) 'n hoofbewaarder met ses of meer onderbewaarders vir Johannesburg en soveel in die ander twee gebiede as wat nodig gegang sou word, aangestel word v) laastens het hy aanbeveel dat elke naturel 'n distrikspas, 'n reispas en 'n metaalplaatjie - of kenmerk moes besit ten einde daardeur beter kontrole oor hom te kan uitoefen.⁵⁶⁾

Ten opsigte van verblyfplek aan naturelle, het E.J. Way gesê "If locations could be established

57/

54) R10571a/97, deel 29.

55) R10571a/97, deel 2.

56) R10571a/97, deel 12. - Frans W. Kock se getuenis.

somewhere in the neighbourhood of the mines - within walking distance - so that the natives could bring down their wives and families, I think you would have a far greater supply than you require."⁵⁷⁾

Ten spyte van alle pogings het die natuurlike-arbeidstekort bly voortbestaan en is die probleem van die Superintendent van Naturelle duidelik raakgesien: "Aan die een kant het die boere gedurig werkvolk aangevra en aan die ander kant moes die Superintendent van Naturelle sy amptenare aanmoedig om die toevloei van arbeid na die myne ook te bevorder."⁵⁸⁾

Op 1 Junie 1897 het daar 'n loonsverlaging vir naturellemynwerkers in werking getree en ofskoon naturelle in die begin die myne verlaat het, het die meeste rustig bly voortwerk en het daar geen onluste voorgekom nie.⁵⁹⁾

Die Drankwet-kwessie.

As voorsitter van die Drankverkopersvereniging in Transvaal, het Samuel Foote Wet No. 17 1896⁶⁰⁾ as 'n enorme verlies vir die Staat en as die ondergang van die drankhandel in die Republiek beskou. Volgens hom het artt. 5 en 6 van die drankwet, waar die verloop en handel van sterk drank aan enige gekleurde persoon verbied word, nie die oplossing van die probleem gebied nie. Dis veral as gevolg hiervan dat onwettige drankhandel sy kop in die

58/

57) Evidence and Report of the Industrial Commission of Enquiry, getuienis van E.J. Way, bl. 43.

58) Krüger, B.J., Diskussies en Wetgewing rondom die landelike Arbeidsvraagstuk in die Suid-Afrikaanse Republiek met besondere verwysing na die Plakkerswette, 1885-1899, bl. 187.

59) Etheredge, D.A., The early history of the Chamber of Mines. Johannesburg, 1887-1897, bl. 80. Vgl. ook The Johannesburg Times, 10 Junie 1897.

60) Locale Wetten, bl. 159-177 Drankwet no. 17, 7 Augustus 1896.

mynindustrie uitgesteek het. Foote was die mening toegedaan dat die mynbestuurders en/of opsigters op die terreine asook die polisie hulle pligte gruwelik verwaarloos het ten opsigte van die uitoefening en administrasie van die drankwet. Hy het verder bewys deur lande soos Nederland, België, Frankryk, Duitsland en Italië waar drank vrylik bekombaar is, as voorbeelde aan te haal, dat daar relatief gesproke minder dronkenskap voorgekom het as in lande waar 'n algehele verbod op drankhandel toegepas is.⁶¹⁾

Uit 'n vraelys aan vier en sewentig mynmaatskappye blyk dit dat onwettige drankhandel drankmisbruik onder die natuerlike in die hand gewerk het en 'n direkte invloed op die werksvermoë uitgeoefen het wat veral op Maandag te bespeur was.⁶²⁾ Hierdie onwettige dranksmokkelary het alreeds tydens die ontdekking van goud op die Witwatersrand se goudvelde begin posvat. "As early as 2th April, 1885, wagons containing illicit liquor were suspected of being on the Witwatersrand."⁶³⁾

So skrywe Howard Hill, algemene bestuurder van "The Jumpers General Mining Company Limited": "We beg to inform you that the sale of liquor to Natives is going on in the most barefaced way out here. Gangs of boys are continually to be met with in a most helpless state and so far the Detective Department seems to have done nothing."⁶⁴⁾

59/

61) R10571a/97, deel 5 - Samuel Foote se getuienis. Vgl. ook Webber, I. O'Kelly, The Grip of Gold, bl. 68 - die skrywer maak die stelling dat 15% van die mynwerkers gedurig onder die invloed van drank verkeer het.

62) R10571a/97, deel 29 - Goldmann se getuienis. Vgl. ook hiervoor: i) The Star, 23 Julie 1898 - waar beweer word dat 80% van die natuerlike se salarisse aan drank bestee word.
ii) Crisp, R., a.w., bl. 375 - Dronkenskap het sy hoogtepunt op Sondag gehad. (Raadpleeg hiervoor ook: Getuienis van die Witwatersrandse Kamer van Mynwese, R10571a/97.

As gevolg van die misbruik van drank het barbaarse gevegte tussen verskillende Bantoe-stamme dikwels die bloed letterlik laat vloei.⁶⁵⁾ Beter polisie kontrole en toesig sou die enigste oplossing van hierdie probleem wees. "At present the mounted police parade the Main reef-road in batches at no stated interval, but if it were arranged that small detachments should pass a given spot at intervals of an hour or two, officials could always send along the reef to obtain police assistance in cases of emergency."⁶⁶⁾

In 'n petisie gedateer 23 April 1897 het die direkteure van die "Eerste Fabrieken" Natherly Distillery Limited beswaar aangeteken by die regering van die S.A.R. oor die drankwet. Die fabriek wat aandeelhouders dwarsdeur die wêreld verteenwoordig het, het groot aansien in die industriële wêreld verwerf en gunstig met die bestes vergelyk. Baie geld is in die onderneming gestee; 'n eie glasfabriek is opgerig om sodoende self flesses te vervaardig en distilleerders is uit Skotland en Frankryk verkry om whisky en brandewyn van die beste kwaliteit te produseer. Volgens die klagskrif is die maatskappy se regte deur die drankwet heeltemal ingekort en beperk. Beperkings is op drankverkoop ingestel en lisensies is geweier met die gevolg dat die maatskappy nou teen 'n verlies moes werk. Tuile het veral oor die onwettige drankhandel wat die maatskappy ten nadele gestrek het, gekla. Sterk drank is via Delagoabaai na die S.A.R. ingesmokkel en so

60/

65) Bleloch, W., The New South Africa. Its value and development, bl. 230.

66) S.F. 187, brief no. S.F.R. 10396/98 gedateer 27 Oktober 1898, gestrywe deur W.H. Dawe, sekretaris van die "Wolhuter Gold Mines Limited."

het hulle beweer dat gedurende Februarie 1897 33% van die totale verbruikte drank oor Delagoabaai in die S.A.R. inrevoer is. Hulle het tevrede dat die drankwet so verander moes word dat drank aan Kleurlinge verkoop mag word, maar onderworpe aan strafmaatreels, boetes ens. waar misbruik van drank voorkom. Verder het hulle versoek dat sterk drank nie uit Portugal inrevoer moet word nie maar slegs drank wat in die provinsie Mosambiek vervaardig is en daarvan afkomstig is, ooreenkomstig die traktaat tussen die S.A.R. en Portugal op 7 Oktober 1882 (art. 4.)⁶⁷⁾

Dit blyk verder ook dat die meeste drank nie van Delagoabaai afkomstig is nie, "but is manufactured in the neighbourhood of Germiston, in which district licenses for distilleries were granted not so very long ago. The stuff was formerly made in Fordsburg, but Mr. Van den Berg refused to renew the licenses and the distillery gang moved into the jurisdiction of the Boksburg Landdrost."⁶⁸⁾ Drank van swak gehalte is ook uit Duitsland die land ingevoer en aan naturelle op 'n onwettige wyse verkoop.⁶⁹⁾

Na aanleiding van minute R6793/97 aangaande die uitvoering en beter handhawing van die drankwet, het die Kommissaris van Polisie, D.E. Schutte in 'n omsendskrywe van 5 Junie 1897 bevestig dat hy

61/

67) A 991^a vir volledige besonderhede aangaande hierdie versoekskrif.

68) Z.A.R. Landdroste en Delwerye: Argief Johannesburg, band no. 511, stuk geskrywe op 29 April 1898, bl. 32.

Vgl. ook: i) The Star, 16 Mei 1898.

ii) The Star, 3 Augustus 1897 -

naturelle het brandspiritus by aptekers gekoop wat net so 'n bedwelmende uitwerking as drank gehad het.

iii) The Star, 14 April 1898 - 'n metode om drank onwettig aan die naturelle op die nyne te verkoop, was om met 'n wa van myn tot myn te reis onder voorwendsel dat brood en vleis daar aan hulle verkoop word.

inspekteurs aangestel het om toe te sien dat die drankwet nagekom word en dat hulle vernaamste taak sou wees om die onwettige drankhandel in die kiem te smoor. Die samewerking van die polisie sou ook hiervoor verkry word.⁷⁰⁾

Gedurende die tydperk 1 Januarie 1897 tot en met 31 Mei 1897 is 231 sake in verband met oortredings van die drankwet deur die hof afgehandel. Die boetes wat opgelê is, het £10,883 (R21,766) bedra.⁷¹⁾

Gouddiefstal.

In 'n versoekskrif beweer die Witwatersrandse Kamer van Mynwese dat die mynindustrie baie gelyk het as gevolg van die toenemende diefstal van goudamalgam en dat daar "eene combinatie tusschen oneerlijke employeés binnen de werken der Maatschappij en onwettige koopers buiten bestaat, die meestal eene wettige bezigheid doen doch dezelve gebruiken als eene dekking voor het drijven van hunne verachtelijke transacties."⁷²⁾ Volgens die versoekskrif het die goudwet en die optrede van die speurders nie die gewenste resultate tot gevolg gehad nie, aangesien die diefstal steeds toegeneem en sorgwekkende afmetings aangeneem het, waardeur sommige maatskappye groot skade gelyk het.

Het soos goud in en om Johannesburg gesteel is, is diamante in Kimberley gesteel. Die Kaapse regering was verplig om 'n spesiale wet hierop te proklameer.⁷³⁾ Baie van die gesteelde amalgamgoud het hul weg na Kimberley en Delagoabaai gevind.⁷⁴⁾

62/

70) A 91^a, bl. 116, Sirkulêre C.F. no. 10/97.

71) B.B. 349/97 - brief van Kommandant van Dam (Kommandant van Polisie) op 31 Mei 1897 by R10571a/97, deel 2.

72) R10571a/97, deel 2.

73) De Pers, 31 Maart 1897.

74) The Johannesburg Times, 28 Junie 1897.

Die diene het groot fortune uit die gesteelde amalgaamgoud geraak "and one or two sensational prosecutions elicited the fact that the Government officials under the pretence of trapping offenders were themselves buying and misappropriating gold."75)

Die Dinamietkwessie:

Oor die alreëen was die meeste getuies voorstaanders van vrye mededinging en kompetisie ten opsigte van die dinamietvervaardiging, aangesien 'n dinamietring hierdeur geen bestaansreg gegun sou word nie en dit 'n verlaging van die koste sou meebring. Volgens G.A. Denny se getuienis sou dinamiet wat regstreeks van Port Elizabeth af oor Kroonstad na Klerksdorp vervoer word, heelwat voordeliger vir die myne in die distrik meebring, hoë en behalwe die vermindering van die prys per kis dinamiet.76)

W.H. Hall het beweer dat die verlening van konsessies die industriële ontwikkeling in die S.A.R. strem en die leuse "Let the best man win" hierdeur die nek ingeslaan word. "Van het standpunt van industriele ekonomie is het verleënen van eksklusiewe concessies een slechte karaktertrek van Transvaalse zaken."77)

Volgens 'n verklaring van die Witwatersrandse

63/

-
- 75) Fraagh, I.V., The Transvaal and its Mines (The Encyclopedic History of the Transvaal), bl. 20.
Vgl. ook: Die rapport van die Staats Myningenieur oor die jaar 1898, Z.A.R. Groenboek, no. 113 bl. 7 en 8 vir volledige besonderhede oor hoe hierdie diefstal uitgevoer is.
- 76) R10571a/97, deel 4. Volgens The Press Weekly, 29 Mei 1897 het W.R. Brown, W. Shanks en G.A. Denny op 26 Mei in die Raadsaal van die Nasionale Bank te Pretoria voor die Kommissie van Onderzoek verskyn. Vgl. ook: R10571a/97, deel 29 - vir Goldmann se getuienis hieroor.
- 77) R10571a/97, deel 10.

Kamer van Mynwese op 20 Mei 1897 aan die Industriële Kommissie van Onderzoek, sou die mynwywerheid £400,000 (R800,000) per jaar kon spaar indien die myne toegelaat sou word om dinamiet op die goedkoopste markte te koop. Die Staatsinkomste uit plofstowwe sou ook ongeskonde bly, aangesien hy nog steeds die 5/- (50c) staatsreg per kis sou ontvang.⁷⁸⁾

Blykens getuienis het dit ook verder gelyk asof die maatskappy vir plofstowwe vanaf 1 Julie 1896 tot en met 30 Junie 1897 188,841 kiste klaar-gemaakte dinamiet ingevoer en verkoop het en hulle dus aan kontrakbreuk skuldig gemaak het.⁷⁹⁾ Reeds sedert die verlening van die dinamietkonsessie moes die regering al aantygings verduur en klagtes die hoof bied dat hierdie monopolie 'n gruwelike skending van art. 14 van die Londense Konvensie meegebring het.⁸⁰⁾

As voorsitter van "De Zuid-Afrikaansche Fabrieken voor Ontploffbare Stoffen Beperkt" het Alberto Philipp ook getuienis voor die Kommissie van Onderzoek afgelê.⁸¹⁾ Die fabriek wat gebou is, was die grootste dinamietfabriek in die wêreld en het 'n kapitale uitgawe van £450,000 (R900,000) verteenwoordig. Onvoorsiene omstandighede soos die Jameson-inval en die runderpes het verhoed dat die fabriek betyds gereed was.

Wat die produksie van plofstowwe betref, kan opgemerk word dat dit in die begin langsaam geskied het vanweë die nuutheid en onbekendheid met die prosesse asook as gevolg van reelings wat ter

64/

78) R10571a/97, deel 36.

79) R10571a/97, deel 38 - brief van G. Schmitz-Dumont aan die Industriële Kommissie op 20 Julie 1897.

80) Vir verdere korrespondensie hieroor, raadpleeg R10571a/97, deel 26.

81) R10571a/97, deel 38.

voorkoming van ongelukke getref moes word.
Met verloop van tyd het die vervaardiging dan ook
vinniger verloop.

In terme van die kontrak met die regering, is
die maksimum prys vir dinamiet no. 1, bevattende
75% nitro-gliserine, op 90/- (R9.00) per kis vas-
gestel en vir ander soort dinamiet ooreenkomstig
die verhouding nitro-gliserine. Dis bekend dat
die maatskappy 85/- (R8.50) per kis gevra het, wat
baie goedkoper was as in lande soos Australië,
Indië, Suid-Amerika en Rhodesië. Bewerings dat
die maatskappy 40/- (R4.00) per kis wins sou maak,
het Philipp ten sterkste ontken. In 1896 het die
maatskappy byvoorbeeld £44,000 (R88,000) staats-
reg aan die regering uitbetaal.

Die beskuldiging dat die meeste ongelukke ver-
oorsaak is deur die slegte kwaliteit dinamiet was
onwaar want 'n grondige ondersoek na elke ongeluk
afsonderlik, het bewys dat die ongelukke te wyte
was aan slegte lugreëling by die verskillende
myne en/of aan nalatigheid by die laai van die
boorgte. Flofstowwe is altyd eers volgens die
sogenaamde "British Test" getoets, en as dit hier-
die ondersoek gefaal het, is dit sonder versuim
weer bewerk.

Philipp het die dinamietfabriek as 'n noodsaak-
like nywerheid beskou waarsonder die land nie meer
kon klaarkom nie. Hy het gesê dat dit voldoende
is om daarop te wys dat die maatskappy gedurende
die jaar 1896 £118,000 (R236,000) aan aannemers
betaal het vir die bou van huise en waterdamme
£57,000 (R114,000) is bestee aan materiaal soos
byvoorbeeld steenkool, hout en yster. £12,500
(R25,000) aan naturellevoedsel en £104,000
(R208,000) aan spoorvrag betalings om nie eers die
geld wat aan sy werknemers betaal is bestaande uit
700 blankes en 1300 nie-blankes te noem nie.

Met betrekking tot Amerikaanse dinamiet, het Philipp gesê dat die regering in 1894 proefnemings hiermee gemaak het en dat hy in Meksiko oor 'n tydperk van vier jaar met hierdie stof kennis gemaak het. Hy was oortuig daarvan dat hierdie plofstof nie in die myne gebruik moes word nie vanweë die slegte kwaliteit en die gevaar wat aan die gebruik daarvan verbonde is.

In 1895 het die regering van die S.A.R. op aanvraag drie honderd kiste roburiet bestel, maar blykbaar het dit nie aan die vereistes voldoen nie want die maatskappy het in 1897 nog honderd sewe en sestig kiste van hierdie besending besit. W.C. Thomson het egter hierop geantwoord en gesê dat Lippert, wat beulas was met die invoer van roburiet, goed geweet het dat slegs sekere groottes en gehalte roburiet geskik sou wees vir die mynindustrie op die Witwatersrand en dat 'n dinamietpatroon of slaghoedjie niks sou beteken as dit saam met roburiet gebruik sou word nie. "He therefore, disregarded the advice of the Roburite Company to import only sizes suitable and ordered an assortment of all sizes, at the same time refusing to purchase roburite detonators, and, as his object was apparently to discourage its purchase by managers, he charged a much higher price for this than for dynamite."⁸²⁾ Die gevolg was dat die regte groottes verkoop is en die res nie van die hand gesit kon word nie. 'n Versoek van die roburietmaatskappy om weer van die regte soort in te voer, is van die hand gewys.⁸³⁾

66/

82) The Johannesburg Times, 7 Junie 1897.

83) Britse Imperiale Witboek no. 536, bl. 124 en 127-129 vir Thomson se klagtes hieromtrent. Hy bewys dat die gehalte van roburiet goed met die van dinamiet vergelyk: minder gevaarlik en 50% goedkoper as dinamiet van die hand gesit kan word in die S.A.R. Vgl. ook: i) R10571a/97, deel 3 vir meer getuienis van mynbestuurders aangaande roburiet en ii) R10571a/97, deel 12 vir Thomson se getuienis voor die Industriële Kommissie.

Die Spoorwegkwessie.

Die spoorwegtariewe was volgens al die getuies een van die belangrikste struikelblokke in die weg van industriële ontwikkeling. So het William Dalrymple oor die hoë onkoste gekla wat daaraan verbonde was om naturelle arbeid by die myne te kry en hy het die voorbeeld genoem van die "East Rand Proprietary Mines Ltd" wat van die begin van 1896 af tot einde Maart 1896 £8,204-5-3 (R16,408-54c) aan naturelle arbeid moes bestee, waarvan die grootste gedeelte aan spoorwegonkoste betaal moes word. Laer spoorwegtariewe vir die vervoer van naturelle na die myne sou die enigste oplossing wees.⁸⁴⁾

Verder het Sir Percy James Fitzpatrick in 'n tabel daarop gewys dat uit die totale koste vir die verkryging van Oregondennehout van Europa af via Delagoabaai na Johannesburg, (wat dan die koopprys van die hout, seevrag, belasting, aflaaikoste en invoerbelasting ingesluit het) die spoorwegvervoerkoste 55.037% en dié byvoorbeeld van sement 49.342% bedra het.⁸⁵⁾ In vergelyking met lande soos die Verenigde State van Amerika, Engeland en Duitsland, was die vervoerpryse in Suid-Afrika buite verhouding hoog.⁸⁶⁾

Baie getuies het naasting van die spoorweë voorgestaan. "Het zou de middel zijn om het vertrouwen in dit land door den ganschen wereld te herstellen. Het zou een meest wonderbaar uitslag op den handel des lands zoo wel als de mijnnijverheid hebben."⁸⁷⁾ Volgens James Hay sou nasionalisering van die

67/

84) R10571a/97, deel 13.

85) R10571a/97, deel 5. Vgl. ook R10571a/97, deel 2 vir Dougall se verklaring voor die Industriële Kommissie op 29 Mei 1897 vir 'n goeie oorsig oor die vervoertariewe soos deur die N.Z.A.S.M. daar-gestel.

86) R10571a/97, deel 12 - Louis Irving Seymour se getuienis.

87) R10571a/97, deel 30 - Joseph Benjamin Robinson se

spoorweë die regering van die S.A.R. £8,424,633 (R16,849,266) kos.⁸⁸⁾ "Naasting van die spoor onder omstandighede in Transvaal sou geen voordeel gebring het aan die staat nie, maar seker wel aan bepaalde kapitalistiese belange."⁸⁹⁾

Goedkoop vervoer van steenkool en 'n tweede spoorlyn ten Suide van Johannesburg na die myne was noodsaaklik: "door lagere spoorkosten word de handel en bezigheid vooruitgeholpen en er word grootere aanvragen voor kool gedaan."⁹⁰⁾

In verband hiermee het Edmond Brochon in sy getuienis verklaar: "Voorbeelden van dergelijke gevallen die zich in Europa hebben voorgedaan, bewijzen de volstrekt korrektheid dezer Staatshuishoudkundige wet. Verminder de tarieven van een publiek dienst zoals vervoer by spoor- of waterweg- post of telegraaf taxatie en u zult spoedig een groote hoeveelheid voor vervoer krijgen, genoegzaam om de vermindering van inkomsten te compenseeren en zelfs om ze te verhoogen boven wat ze onder het oud tarief waren."⁹¹⁾ Steenkool wat in Desember 1887 te Boksburg ontdek is, het die goudmyne naamlik in staat gestel om goedkoper brandstof te bekom.⁹²⁾

Tereg het George Albu in sy getuienis gesê: "You must always consider, gentlemen, it is not the railways

68/

88) R10571a/97, deel 6.

89) Botha, P.R., a.w., bl. 163.

90) R10571a/97, deel 2 - verklaring van Sydney H. Short. Vgl. ook: i) Sydney, J. Jennings se getuienis hieroor: Evidence and Report of the Industrial Commission of Enquiry, bl. 44.

ii) E.V.R., art. 1276, 20 September 1897. (Vir Volksraadsbesluit hieroor.)

91) R10571a/97, deel 29 - Edmond Brochon se getuienis.

92) Hatch, F.H., and Chalmers, J.A., The Gold Mines of the Rand, bl. 2 en bl. 251.

which make the gold mines, it is the gold mines which make the railways."⁹³⁾ Dit kan begryp word dat baie myneienaars ontevrede was oor die hoë vervoertariewe vir hul benodigdhede aan die myne. Denny het beweer dat mynmateriaal en steenkool saam 24% van die myne se produksiekoste per jaar uitgemaak het.⁹⁴⁾

Ten opsigte van die klagtes oor te hoë spoorwegtariewe en die benoeming van die Industriële Kommissie van Onderzoek skrywe G.A.A. Middelberg op 11 April 1897: "De tegenwoordige crisis die meer direct tegen mij gericht is, laat me heerlijk kalm."⁹⁵⁾ Hy skrywe met gencegdoening oor sy verskyning voor die Kommissie: "Wat Was mooi werk en ik was in de opgewekste stemming. Iets van de emotie van de jacht of een mooi schaakspel voelde ik in al die uren en het speet me toen eindelijk de voorzitter me bedankte en ik mijn papieren inpakte. Daar te zitten tegenover de scherpzinnigste gauwdieven der wereld, die er op uit zijn iemand dingen te laten zeggen die men niet zeggen wil en die je er in willen laten lopen. En dan het spoedig verkregen gevoel dat men ze doorziet en meester is van de situatie, de zachte glimlachen der Regeeringsleden wanneer men een goede zet gedaan heeft, men leeft daarbij voller."⁹⁶⁾

In sy memorandum voor die Industriële Kommissie van Onderzoek, het Middelberg die aantygings teen die N.Z.A.S.M. weerle en ook aangetoon dat die pryse in die S.A.R. nie so besonder hoog was nie. Verder het hy gekonstateer dat die maatskappy bereid sou wees om

69/

93) Evidence and Report of the Industrial Commission of Enquiry, bl. 11 - George Albu se getuienis.

94) Denny, G.A., The Deep-Level Mines of the Rand and their future development considered from the commercial point of view, bl. 146.

95) Du Toit Spies, F.J., Briewe uit Transvaal van G.A.A. Middelberg, bl. 63.

96) Ibid., bl. 66.

die spoorwegtariewe vir die vervoer van goedere na goedduke te verlaag. Hierdie tariefvermindering het dan ook op 1 Januarie 1898 in werking getree en het blykens die verslag van die N.Z.A.S.M. oor die jaar 1898 £247,307-7-11 (R494,614-79) beloop.⁹⁷⁾

Ander industriële konsessies en drukkende belastings.

In 'n brief van 5 Mei 1897 aan die Industriële Kommissie van Onderzoek het W. Laurie Hamilton gewys op die skade wat die ysterkonsessie die land en sy burgers al berokken het, asook hoe dit die welvaart en bloei verhinder het. "Ware het niet deze concessie, hier zou alreeds jaren geleden Ijzer en Staal Fabrieken opgericht zijn geweest. Reeds in 1889 ben ik ten behoeve van Europeesch capitalisten met de eigenaars dezer Concessie in onderhandeling geweest ten einde het recht te verkrijgen ijzer en staal alhier te vervaardigen, de laagste termen die ik verkrijgen kon was eene opbetaling van 2d. (2c.) per lb.; d.i. bijkans £20 (R40) per ton voor ijzer en staal alzo vervaardigd, dit was onaanneemlijk."⁹⁸⁾

Wat die belastings en veral die invoerrege betref, was die meeste getuies dit eens dat die pryse in hersiening geneem en verminder moes word.⁹⁹⁾

Volgens 'n skrywer was die swaar belastings daarvoor verantwoordelik dat besigheid in en om Johannesburg

70/

97) Vir Middelberg se volledige memorandum, raadpleeg: In Memoriam, bylaag no.4, bl. 23 tot 32. Vgl. ook: i) Leyds-argief, band 100, deel 1 - vir die verlaging van spoorwegtariewe vanaf 10 Julie 1892 tot en met 1 Februarie 1898:

ii) Ibid., Brief van Staatssekretaris aan die S.A.R. Konsul te Hamburg gedatceer 17 November 1898, R.A. 1956/98.

98) R10571a/97, deel 13.

99) R10571a/97, deel 30 - vergelyk Harry Johns se getuienis. Vgl. ook: i) Frank Raleigh se getuienis hieroor; Evidence and Report of the Industrial Commission of Enquiry, bl. 89.

ii) 'n Memorandum rakende die toestand van die mynindustrie in die S.A.R. opgestel deur die Staats Myningenieur, Dr. G. Schmitz-Dumont op 12 April 1897. by R10571a/97. deel 37.

feitlik tot stilstand gekom het.¹⁰⁰⁾

Die meeste masjinerie en toebehore in die myne was Amerikaanse produkte en 'n sekere J.K. Wilson het die Kommissie aangeraai om ondersoek in te stel na die koste hiervan: "It will be found the same articles could be had in Johannesburg of French, German or English make at over forty per cent less cost."¹⁰¹⁾

Bale klagtes oor die drukkende belastings kon nie verantwoord word nie. In vergelyking met die van ander lande, was bale belastings in Suid-Afrika besonder laag.¹⁰²⁾ Die Industriële Kommissie sou hom ook oor hierdie feit moes vergewis en die getuienis objektief ondersoek. Nogtans is heelwat belastings en invoerregte gedurende die loop van 1897 verminder.¹⁰³⁾

Ter verwerking van al die getuienis en in 'n poging om 'n verklaring te vind vir die "bedruktheid" wat die industrie oorval het, het die Industriële Kommissie uiteindelik op 4 Junie 1897 besluit om sy ondersoek te beëindig en 'n volledige verslag op te stel en na vore te bring. Op 9 Junie 1897 het lede van die Industriële Kommissie die Zuurfontein Dinamiet Fabriek vir plaaslike inspeksie besoek, alvorens hy te Pretoria aan die verslag begin werk het.¹⁰⁴⁾ Nadat hy ook die

71/

100) Lezard A., Gold Blast, Being the romantic history of the Rand Goldfields, bl. 110. Vgl. ook: Karel Rood se getuienis, Evidence and Report of the Industrial Commission, bl. 293 en 294.

101) R10571a/97, deel 1 - brief aan die Kommissie op 27 April 1897.

102) Ferris, G.H., Blood and Gold in South Africa, An answer to Dr. Conan Doyle: Londen, 1902, bl. 18 (South African Councilization Committee, no.26) Vgl. ook: Scholtz, G.D., a.w., deel II, bl. 323.

103) Vir 'n volledige lys van spesiale invoerregte op 113 artikels R10571a/97, deel I.

104) The Star, 10 Junie 1897.

dinamietfabriek te Modderfontein besoek het,¹⁰⁵⁾ het die Uitvoerende Komitee van die Kamer van Mynwese op Donderdag 10 Junie 1897 'n dinee vir lede van die Industriële Kommissie gereël.¹⁰⁶⁾

Die Industriële Kommissie het hom egter op 'n eensydige getuienis verlaat en gevolglik 'n skewe beeld van die ware toedrag van sake verkry sodat "hy 'n speelbal geword (het) in die hande van diegene wie se werk hul eienlik moes ondersoek."¹⁰⁷⁾ Hy het hom in eerste instansie bemoei met die algemene voorwaardes waaronder die industrie in die lewe geroep is en gevolglik die verskillende teenslae en teenspoed wat die industrie ondervind het asook al die tekortkomings en griewe voor oë geneem.

Uit die getuienis van die ondervraagdes het geblyk dat die redes waarom Suid-Afrika die aandag op hom getrek het, direk aan die volgende faktore toegeskryf kan word -

1. Die ontdekking van die Witwatersrandse goudvelde wat in die geskiedenis van die mynwese tot hiertoe nog onbekend was.
2. Die buitengewoon gunstige omstandighede vir myne, met inbegrip van 'n gesonde en periodieke reënval; die maklike toegang na die see asook die uitgestrekte steenkoolslae in die onmiddellike nabyheid van die myne.¹⁰⁸⁾
3. Die skaarsheid van goud in die wêreld gepaard met die vermeerderde opbrengs van goud in Suid-Afrika.

72/

105) E.V.R., art. 811, 9 Augustus 1897 (Volgens die rapport van die Industriële Kommissie.)

106) De Pers, 10 Junie 1897.

107) Coetsee, A.G., Die beleid van President Kruger (1897-1899) met betrekking tot die onafhanklikheid van Transvaal, bl. 31.

108) Vergelyk W.H. Hall se getuienis, R10571a/97, deel 2.

Die opbrengs van goud vir die jare 1884-1895 beide inbegrepe, het 9,749,170 onse ter waarde van £33,730,427 (R67,460,854) bedra.¹⁰⁹⁾

4. Die redelike stadige opbrengs van sommige van die eerste myne.
5. Die gesamentlike dividende wat tot aan die einde van 1895 betaal is en £7,408,371 (R14,816,742) bedra het.
6. Die oortuigende en hoopvolle verslae wat deur hoogaangeskrewe en eersterangse geoloë en myningenieurs uitgebring is in verband met die Witwatersrandse goudvelde.
7. Die bevestiging van bogenoemde verslae deur onafhanklike verslae wat namens en ten behoeve van vreemde moondhede uitgebring is.
8. Die volledige statistiese opgawes van uitslae en die gevolglik maklik bekombare inligting asook die inspeksie van myne wat saam met al die bogenoemde faktore aanleiding gegee het tot 'n groot belangstelling in die buiteland vir die mynindustrie en wat 'n instroming van kapitaal tot gevolg gehad het met as toppunt 1895 toe 'n ongeëwenaarde staat van algemene kommersiële voorspoed beleef is. Die voorspoed was egter van 'n betreklike korte duur. 'n Skerp reaksie het ingetree wat nie net openbare geldbeleggings nadelig beïnvloed het nie maar ook die ontginning van die goudvelde 'n geweldige knou toegedien het. Hierdie toestand het steeds erger afmetings aangeneem en die Industriële Kommissie sou hom veral moes besig hou met die dieperliggende oorsake van hierdie toedrag van sake. Hierdie ploffbare toestand het geblyk uit die feite:-

- 1) dat menige maatskappye in 'n staat van veelbelowende ontginning tot stilstand gebring moes word vanweë 'n gebrek aan fondse.

73/

109) Rapport van die Staats Myningenieur oor die jaar 1895. Tweede Volksraad, art. 568, 13 Junie 1896.

- ii) Dat daar 'n gevoelsverandering by Europese kapitaliste ontstaan het met die gevolg dat daar geen geld meer in die goudvelde belê is nie.
- iii) Dat die gesamentlike opbrengs van gemaalde erts vir die laaste paar jare tussen 1895 en 1897 minder was as dié van vorige jare.
- iv) Dat die totale myntoerusting die oorspronklike waardering ver oortref het, wat genoegsaam bewys kan word uit die feit dat die werklike kontantgeld wat aan die myne bestee is, die totale oorspronklike kapitalisasie vier maal oortref het.
- v) Dat die maatskappye verplig was om natuurlike arbeid teen groot onkoste en uitgawes te koop, buiten en behalwe die hoë koste van werklike arbeid wat verrig moes word.
- vi) Dat die industrie onderworpe was aan onnodige belasting, waarvan die spoorwegtariewe, dinamiet- en invoerbelasting die swaarste op die mynindustrie gedruk het.
- vii) Dat 'n algemene klag van al die mynmaatskappye en hul verteenwoordigers gegaan het oor die gebrekkige administrasie van noodsaaklike wette soos die Paswet, Drankwet en die Wet op Goudiefstalle.
- viii) Dat samewerking tussen al die belanghebbende partye ontbreek het, veral ten opsigte van die verstandhouding tussen die regering van die S.A.R. en die verskillende mynmaatskappye.¹¹⁰⁾

Uit bogenoemde opsomming blyk dit dus dat al die getuies wat voor die kommissie verskyn het, behalwe G.A.A. Middelberg, direkteur van die N.Z.A.S.M. en Alberto Philipp, direkteur van die Dinamiet Fabriek,

74/

110) R10571a/97, deel 29. Hierdie breë riglyne is hoofsaaklik uit Charles Sydney Goldmann se getuienis gehaal.

ten gunste van 'n drastiese verandering en vermindering van die bestaande tariewe en belastingstelsel was en dat hulle onvoorwaardelik die slapte in die mynindustrie en die algemene depressie op die regering ten laste gelê het.¹¹¹⁾

Die Industriële Kommissie kon eenvoudig as 't ware niks anders doen as om aan die versoeke van die meerderheid gehoor te gee nie. Gevolglik het Schalk Burger hom ten aansien van die Industriële Kommissie Rapport lelik deur die kapitaliste en mynbase om die bos laat lei: "As chairman of the Industrial Commission, he had taken upon himself a task which was above his powers, and it was very easy for the experts, his advising members, to lead him off the scent with all sorts of sophisms."¹¹²⁾

Heeltemal tereg het M.P.C. Valter geskrywe: "De grondoorzaak uit hoofde waarvan een deel van de bevolking van de goudvelden zich tegen de Regeering heeft gekeerd, is niet van economischen, maar politiek aard en oorsprong."¹¹³⁾

Vervolgens let ons dan op die verslag van die Industriële Kommissie van Onderzoek.

75/

111) Die Kommissie sou hom ook verder moes vergewis of die oorkapitalisering van die mynmaatskappye, die floterings van maatskappye op grond wat nie gouddraend was nie en gebeurtenisse soos die Jameson-inval nie die belangrikste faktore was waarom buitelandse kapitaal nie meer die land ingestroom het en die vertroue in S.A. verlore gegaan het sodat baie aandele weer opgekoop is nie. (Vgl. ook hiervoor die memorandum van Henry Hartog, R10571a/97, deel 3.)

112) Rompel, F., Heroes of the Boer War, bl. 85.

113) Valter, M.P.C., De Mynindustrie, bl. 37; in Leydsargief, No. 100, deel I, band No. 994.

HOOFSTUK 4.

DIE VERSLAG VAN DIE INDUSTRIËLE KOMMISSIE VAN
ONDERSOEK.

A. Die rapport van die Kommissie.

Tydens die bespreking van die getuienis wat die Kommissie te Pretoria gehou het, het Schaik Burger op 1 Julie 1897 'n brief van een van die adviserende lede, James Hay, ontvang waarin hy onder andere skrywe: "I have to inform you that serious differences have arisen between the Executive of the Chamber of Mines and myself as to the way in which my duties as an advisory member are to be carried out and in consequence I have resigned the position of President of the Chamber and as I am no longer representing the Mining Industry, I beg to retire from the position of an advisory member."¹⁾ Later het hy hom weer tot die Kommissie gewend sodat die rapport uiteindelik deur al die lede onderteken kon word.²⁾

Gedurende hierdie periode het Sir Alfred Milner, as Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, op die toneel verskyn en in sy poging om hom met die Republiek se huishoudelike sake te bemoei, het hy veral die griewe van die Uitlanders probeer uitbuit. Hy het dus ook met groot afwagting en spanning op die verskynning van die Industriële Kommissie se rapport gewag.³⁾

Op 27 Julie 1897 het die Kommissie sy rapport by

76/

1) R10571a/97, deel 38.

2) De Pers, 8 Julie 1897.

Vgl. ook hiervoor:-

i) The Johannesburg Times, 3 Julie 1897.

ii) The Press, 9 Julie 1897.

iii) The Star, 10 Julie 1897, asook 19 Julie 1897.

iv) The Weekly Press, 10 Julie 1897.

v) De Volksstem, 6 Julie 1897.

vi) Britse Imperiale Witboek no. 536, (By British Agent, no. 52); bl. 252 - brief van Greene aan Milner op 1 Julie 1897.

3) Krüger, D.W., a.w., deel II, bl. 220.

die regering ingedien.⁴⁾ Volgens die rapport blyk dit dat van die 185 werkende goudmyne op die Witwatersrandse goudvelde slegs 79 gedurende die jaar 1896 goud kon oplewer ter waarde van £8,613, 821 (R17,227,642) terwyl net 23 maatskappye 'n dividend kon verklaar. Van die 106 myne wat geen goud oplewer het nie, het heelwat alreeds gesluit en hulle werk gestaak. Die Kommissie was oortuig daarvan dat die hoë produksiekoste die vernaamste oorsaak was waarom so baie myne geen dividende kon betaal nie. Oor die bekwaamheid van die mynbestuurders het die Kommissie gesê: "dat de meeste mijnen bestuurd en beheerd worden, door finantieele en practische mannen die hun tijd, energie, bekwaamheid en kennis wijden aan de belangen van de mijnindustrie en die niet alleen ingevoerd hebben ten behoeve van de industrie, de laatste machinerieën en werktuigen, maar ook aanwenden de best mogelijke principes en regelen bekend aan de wetenschap."

Volgens die Kommissie het die kern van die probleem by die produksiekoste gelê, wat verlaag moes word sodat daar 'n profyt op die vervaardigde produk getoon kon word, en het die kwessie van oorspekulasie of oorkapitalisering niks met die ontginningskoste van 'n myn te doen nie.

Omdat die mynindustrie die finansiële basis en die vernaamste ondersteuning van die Staat uitgemaak het, kon hierdie kwessie as 'n vraagstuk van Staats-huishoudkunde beskou word, "en het rust op het Gouvernement om in aanmerking genomen de snelle groei en vooruitgang van het land zijn belastingstelsel zoodanig te veranderen, dat hetzelfde zal beantwoorden aan de vereischten van de voornaamste industrie."

77/

4) E.V.R., art. 811, 9 Augustus 1897 - Rapport van die Industriële Kommissie van Onderzoek.

Die Kommissie was die mening toegedaan dat landbou-ontwikkeling aangemoedig en bewerkstellig moes word, sodat die landbou tred kon hou met die algemene vooruitgang van die land. 'n Landbou-departement onder toesig van die regering, sou groot hoogtes in hierdie verband kon bereik.⁵⁾

Die Kommissie het die beleid van konsessies afgekeur omdat die nywerheid van die Republiek daardeur gestrem is en het in die plek daarvan vrye mededinging ooreenkomstig republikeinse beginsels voorgestaan.

1. Blanke Arbeid.

Die Kommissie het beweer dat die lewenskoste op die goudvelde te hoog was met die gevolg dat die blanke mynwerkers nie hul families na behore kon onderhou nie. Die Kommissie het by die regering aanbeveel dat die lot van hierdie groep arbeiders aansienlik verbeter kon word deur die bou van huise en deur vir hulle beter voorwaardes te verseker. Dit sou dit vir die mynmaatskappye asook ander industrieë moontlik maak om blanke werknemers te verkry en die loonskaal kon selfs verminder word mits die lewenskoste op alle terreine verlaag kon word.

2. Nie-blanke Arbeid.

Om 'n groter toevoer van naturelle na die goudvelde te bewerkstellig, moes die regering volgens die Kommissie nie-blanke arbeiders uit Mosambiek en omstreke en van Portugese gebiede langs die Ooskus probeer invoer volgens ooreenkomste wat met die Portugese owerhede aangegaan kon word. Ook moes daar binne die grense van die land self pogings aangewend

78/

5) Raadpleeg ook hiervoor:-

- i) The Johannesburg Times, 14 Junie 1897.
- ii) The Press, 16 Junie 1897 en 11 Augustus 1897.
- iii) The Weekly Press, 20 November 1897.

word om die samewerking van kafferkapteins te verkry vir die werwing van plaaslike Bantoe-arbeid. Waar daar geen spoorverbinding was nie, sou depots langs die roete opgerig moes word, waar die natuurlike dan voedsel en slaapplek kon ontvang.

Ten opsigte van die oprigting van lokasies op die goudvelde, het die Kommissie beweer: "zoodra toch een Kaffer met zijne familie in eene locatie woont, is zijn hoogste doel zijne vrouw en kinderen te laten werken, en zelf daarnaar te liggen kijken, bereikt."⁶⁾

3. Die Drankwet.

Die Kommissie was van oordeel dat 'n beter uitvoering van die Drankwet no. 17 van 1896 noodsaaklik was, aangesien die onwettige drankhandel veral die mynindustrie baie hoofbrekens besorg het. Hulle het aanbeveel:-

- i) dat alle lisensies vir eetsale by die myne in die vervolg deur die Kommissie van Dranklisensies uitgereik moes word;
- ii) dat daar meer polisie-amptenare op die goudvelde toesig moes hou;
- iii) dat 'n ongelisensieerde persoon wat skuldig bevind word aan onwettige drankverkoop by die myne of elders, gevangenisstraf opgelê moes word.

Blykens statistieke was daar in Julie 1897 438 gelisensieerde drankhandelaars in Johannesburg en volgens artikel 17 van die Drankwet sou daar slegs 88 lisensies deur die Kommissie van Dranklisensies uitgereik word, met die gevolg dat 350 lisensies geweier sou word. So 'n drastiese verandering en ver-

79/

6) Leyds, G.A., A History of Johannesburg, bl. 281 - Dit dien daarop gelet te word dat daar met die ontdekking van goud in 1886 geen naturelle stamme in of naby Johannesburg woonagtig was nie. Die naaste stam het ten minste sewentig myl van die goudvelde af gewoon.

minderung van dranklisensies sou slegs chaos en opstand beteken en derhalwe het die Kommissie n geleidelike vermindering van die uitreiking van dranklisensies voorgestaan. Daar moes ook beter kontrole oor die voorwaardes vertonde aan 'n drank-lisensie, uitgeoefen word.⁷⁾

4. Deurvoerbelasting.

Die regering van die S.A.R. moes jaarliks 'n bedrag van £500,000 (R 1,200,000) vir deurvoerregte aan die naburige State (behalwe die Oranje-Vrystaat⁸⁾) betaal en die Kommissie het aanbeveel dat die regering met hierdie State onderhandel om die deurvoerregte af te skaf.

5. Invoerregte.

Die Kommissie het aanbeveel dat voedingsmiddelle vrygestel moes word van invoerbelasting, aangesien die opbrengs van die landbou nie in staat was om die bevolking van die Republiek te voed nie en daar dus noodwendig voedsel ingevoer moes word.

6. Dinamiet en Plofstowwe.

"Het is volgens de opinie uwer Commissie duidel-
lijk bewezen, dat de prijs door mijnmaatschappijen,
betaald voor ontplofbare stoffen van alle soorten
onredelijk hoog is, in aanmerking genomen den
origineelen kostprijs en de kosten van aflevering in
de Z.A.-Republiek, en behoort alzoo eene belangrijke
verlaging in dien prijs plaats te vinden."

80:

7) Volgens The Star, 10 Januarie 1898 is daar gedurende 1897 'n totaal van 64,000 gallon sterk drank in die land ingevoer, waarvan die Mosambiek-industrieë 22% bygedra het.

Vgl. ook hiervoor: The South African Financial Record, 18 Desember 1897 - vir die hoeveelheid drank wat gedurende 1896 in die land ingevoer is.

8) E.V.R., art. 1360, 1 Oktober 1897 vir spoorweg konvensie tussen die S.A.R. en die O.V.S.

Die feit dat die monopoliste tot 45/- (R4.50) wins op elke kis dinamiet ten koste van die mynindustrie gemaak het, het baie ontevredenheid veroorsaak. Die Volksraadse dinamiet kommissie het die wins van die maatskappy vir 1897 en 1898 op £580,000 (R1,160,000) begroot. Uit getuigenis het dit verder geblyk dat dinamiet no.1 vry aan boord te Hamburg afgelewer kon word teen 23/6 (R2.35) per kis van 50 pond gewig en dat die onkoste om sodanige kis na Johannesburg te vervoer min of meer 14/- (R1.40) bedra het.

Ander getuies het beweer dat Nobel dieselfde stof aan die maatskappy teen 29/6 (R2.95) per kis in Hamburg verkoop het. Hierdie kiste wat dan teen 37/6 (R3.75) of 43/6 (R4.35) in Johannesburg afgelewer is, is weer aan die myne teen 85/- (R8.50) verkoop wat 'n wins van 47/6 (R4.75) enersyds en 41/6 (R4.15) in die ander geval aan die maatskappy besorg het, waarvan die regering dan slegs 5/- (50c.) per kis ontvang het. Waar springgelatine teen 57/6 (R5.75) per kis in Johannesburg gelewer is, het die maatskappy dit teen 107/6 (R10.75) aan die mynmaatskappye van die hand gesit en dit was duidelik "dat het profijt aan de maatschappij komende nog grooter is."

Dat hierdie vraagstuk belangrik vir die mynindustrie was, blyk uit die feit dat plofstowwe gemiddeld 9% van die werksonkoste van 'n myn uitgemaak het, terwyl die persentasie in gevalle waar myne nog in 'n vroeë staat van ontginning verkeer het, veel hoër was.

Nog 'n nadelige uitwerking van hierdie monopolie was dat volgens die Kommissie alle nuwe uitvindings met betrekking tot plofstowwe uit die Republiek uitgesluit was en dat daar geen geleentheid bestaan het om proefnemings te maak met ander en minder gevaarlike plofstowwe nie.

Ten einde die dinamietkwessie op te los, het die Kommissie by die regering aanbeveel dat hierdie hele saak na die regsadviseurs verwys word sodat hulle kon vasstel of die bestaande kontrak wettiglik tot niet verklaar kon word. Die Kommissie het die regering verder aangeraai om intussen dadelik van sy regte kragtens artikel 15 van die Regulasies gebruik te maak.⁹⁾ Hierdie beskermende invoerreg sou nie alleen die industrieë in die Republiek beskerm nie, maar ook die Staatskas se inkomste aansienlik laat styg.

Verder het die Kommissie gevoel dat die boeke van die dinamietmaatskappy ooreenkomstig artikel 6 van die kontrak deur bevoegde rekenmeesters in oorleg met die finansiële adviseur van die Kommissie nagegaan moes word ten einde vas te stel welke som aan die regering verskuldig was rakende die 20% oorwins, soos volgens die kontrak bepaal; asook om verder ondersoek in te stel na die aantal kiste springgelatine en dinamiet wat deur die maatskappy gedurende die tydperk 1 Julie 1896 tot en met 30 Junie 1897 ingevoer is.

Ofskoon steenkool in die Republiek verkry is, het die hoë vervoerpryse die koste so laat styg dat hierdie artikel haas goedkoper ingevoer kon word.

7. Die Spoorweë.

'n Vermindering in die spoorwegtariewe van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij

82/

9) Art. 15 (a) van die regulasies lui soos volg: "De Regeering zal zich uitdrukkelijk voorbehouden:
a) Het recht, wanneer de belangen van de Staat zulks noodig maken, het agentschap van handel drijven in kruit, patronen en andere ammunitie, dynamiet en andere ontplofbare stoffen, af te nemen van boven bedoelde perzonen enz. en dadelijk zelf in handen zal nemen de invoer van dynamiet en andere ontplofbare stoffen ter voordele der mijnindustrie onderworpen aan een invoerrecht van niet meer dan 20 sh. (R2.00) per kist of zoodanige mindere som als van tijd tot tijd mag worden vastgesteld "

sou volgens die Kommissie van groot waarde vir die industrieë dwarsdeur die land wees.

Die Industriële Kommissie het dit derhalwe wenslik geag om aan te beveel dat die bruto opbrengste van die N.Z.A.S.M. vir goederevervoer met £500,000 (R1,000,000) verlaag moes word, wat gelykstaande sou wees aan 'n gemiddelde vermindering van 25%. Hierdie verlaging moes veral op die vervoer van steenkool, hout, mynmasjinerie en voedingsmiddele betrekking hê volgens 'n skaal wat die regering van die S.A.R. en die N.Z.A.S.M. moes vasstel. Verder moes die naburige state en kolonies ook so gou moontlik hierby betrek word, want ook hier is besondere hoë tariewe gehef.

Met betrekking tot die kwessie van naasting of onteiening van die N.Z.A.S.M. het die Kommissie hom met die maatskappy se voorstel verenig, naamlik dat die dividende oor die jare 1895, 1896 en 1897 as basis van die nasionaliseringsprys gebruik moes word.¹⁰⁾

Die Kommissie het ook in sy rapport aanbeveel dat 'n spoorlyn ten Suide van die hoofrif tussen Boksburg en Krugersdorp aangelê moes word, ten einde die vervoer en aflewering van steenkool by die myne te bespoedig en te vergemaklik. Groot onkoste sou hierdeur bespaar kon word, veral as steenkoolwaens deur die maatskappy aangekoop kon word wat die vervoer van steenkool in sakke sou kon uitskakel.¹¹⁾

83/

10) Vir die vereistes van naasting van die N.Z.A.S.M. raadpleeg : Z.A.R. Groenboek, 152 - Jaarverslag van die Regerings Kommissaris van Spoorweë oor die jaar 1893, bl. 10.

11) Coetzee, D.J., a.w., bl. 124 - Die N.Z.A.S.M. kon die verbruikers net nie so ver kry om die steenkool in spoorwegwaens, sonder sakke te bestel nie. Die maatskappy kon dus nie vir hierdie toedrag van sake aanspreeklik gehou word nie.

Vir die vervoer van landbouprodukte moes nagtreine na die hoofmarkte van die Republiek ingestel word, sodat vars voedingsmiddele aan die publiek verskaf kon word.

Naturelle- en gekleurde arbeiders moes goedkoper vervoer kon word, terwyl die Kommissie van mening was dat 'n eenvormige vervoertarief vir alle persone en goedere dwarsdeur Suid-Afrika ingestel moes word.

8. Gouddiefstal.

Weens die gebrekkige administrasie en uitvoering van die Goudwet, het gouddiefstal die mynindustrie jaarliks £750,000 (R1,500,000) of 10% van die jaarlikse produksiegeld gekos. 'n Spesiale departement sou in samewerking met die verskillende mynbesture in die lewe geroep kon word om die diefstal van goudamalgam na te speur, te ondersoek en daaroor toesig te hou.

9. Die Paswet.

Om die Paswet beter te laat funksioneer, het die Kommissie aanbeveel dat die administrasie hiervan voortaan onder die Superintendent van Naturelle moes sorteer in plaas van onder die Hoof van Mynwese.¹²⁾

10. Industriële Raad of Kommissie.

Na aanleiding van getuienis, het die Kommissie dit goedgevind om by die regering aan te beveel dat 'n Industriële Raad in die lewe geroep moes word waarop regeringslede asook verteenwoordigers van die mynindustrie en persone met ander handelsbelange op die Witwatersrand, sitting sou hê. Hulle sou dan oor die

84/

12) Vgl. ook hiervoor: R10571a/97, deel 12 vir Frans, W. Kock se getuienis en aanbevelings.

Drank- en Paswette, die Wet teen gouddiefstal en oor die toevoer van natuurlike-arbeid na die myne toesig kon hou en die verskillende liggame hiermee belas, in volle samewerking, met raad en advies kon bedien.¹³⁾

11. Sement.

Die Kommissie het die hoop uitgespreek dat die invoerreg van 12/6 (R1.25) per sak sement so spoedig moontlik opgehef sou word.

12. Bakstene.

Die ongewenste konsessie hieraan verbonde, moes ook volgens aanbeveling van die Kommissie van Onderzoek dadelik afgeskaf word.

13. Loterie.

Die Kommissie het by die regering aanbeveel dat wetgewing sodanig gewysig moes word dat loterie en alle ander vorme van weddenskappe en dobbelary as verbode beskou word, aangesien dit nie alleen nadelig vir die Republiek se handel was nie, maar ook die moreel van die bevolking aangetas het.

Ten slotte het die Kommissie sy dank teenoor alle getuies uitgespreek vir hulle onvermoeide ywer en opoffering.

Dit blyk dat almal beïndruk was met die wyse waarop Schalk Burger, as voorsitter, die vergaderings gelei en die getuies gehanteer het. Die ondersoek het selfs die aandag van Europese en Amerikaanse

85/

13) Raadpleeg hiervoor: i) The Press, 10 Augustus 1897.
ii) C 9345, bl. 186.

ekonomiese kringe getrek.¹⁴⁾ Die Industriële Kommissie is egter so geïndoktrineer dat koerante hom as 't ware voorgeskryf het hoe om sy rapport op te stel.¹⁵⁾

Baie het slegs met lof oor die aanbevelings wat die rapport bevat het, gespreek.¹⁶⁾ So het Milner op 12 Augustus 1897 aan Greene geskrywe: "I have just been reading the Report of the Mining Commission and I must say I think it is a startler" en verder: "It shows a breadth of view, a liberality of judgement and a force of expression, which, if of genuine Boer origin, gives me quite a new idea of the niveau intellectual of the Boer. I hope Schalk Burger will stick to his guns, and not allow himself to be brow-beaten by Kruger and Leyds."¹⁷⁾

In die Volksraad het die rapport 'n ernstige en druk bespreking uitgelok terwyl die aanbevelings van die Industriële Kommissie in die buitewêreld goed ontvang is.

Vergaderings wat deur die inwoners van Lydenburg, Heidelberg en Potchefstroom gehou is, het hul almal ten gunste van die aanbevelings van die Kommissie

86/

-
- 14) The Johannesburg Times, 13 Mei 1897 en 31 Mei 1897.
Vgl. ook: The Press, 14 Mei 1897.
 - 15) Vgl. hiervoor: The Transvaal Advertiser, 20 Mei 1897; 3 Junie 1897 en 8 Junie 1897.
 - 16) i) The Star, 7 Augustus 1897.
ii) The South African Financial Record, 14 Augustus 1897.
iii) The Weekly Press, 11 September 1897, hier volgens swaai koerante soos "The Daily Chronicle", "The Times", "The Mail Mail Gazette" en "The Times of Africa" die Industriële Kommissie almal lof toe.
iv) Worsfold, W.B., Lord Milner's Work in South Africa, bl. 89.
v) Fitzpatrick, P.J., The Transvaal from within, bl. 303.
vi) Scoble, J., and Abercrombie, H.R., a.w., bl. 216.
 - 17) Headlam, C., The Milner Papers. South Africa, 1897-1899, deel I, bl. 82 en 83. Raadpleeg ook hiervoor: Britse Imperiale Witboek, no. 536 (Ere Britse)

uitgespreek.¹⁸⁾

Die teleurgesteldes was egter ook daar: "Wij scharen ons onder de teleurgestelden; wij zijn van oordeel dat de Commissie op een dwaalspoor is gebracht door het verkeerd opvatten van hetgeen van haar verlangd werd."¹⁹⁾ "De Volksstem" verklaar "Het is niet een nationaal staatsstuk, maar een schema van enkele Johannesburgse heren om weer eens een "boom" op te krijgen in Witwaterrandse kompagnie-aandelen."²⁰⁾ Blykens 'n brief van Schalk Burger aan die redakteur, Dr. Engelenburg, het hy die kritiek van "De Volksstem" as eensydig en beledigend beskou.²¹⁾

President Kruger was ook die mening toegedaan "dat die Industriële Kommissie sig in baie opsigte laat mislei het deur die belanghebbende kapitaliste en mynmagnate."²²⁾ Ofskoon Schalk Burger altyd groot respek en bewondering vir President Kruger getoon het,²³⁾ het Burger nou 'n "openlike politieke opponent van Krüger geword" "tot Milner se grootste vreugde."²⁴⁾ In Engeland weer het Kruger die steun van heelwat liberales verloor.²⁵⁾

In antwoord op 'n vraag aan Schalk Burger of dit

87/

-
- 18) The Transvaal Advertiser, 14 September 1897.
Vgl. ook The Weekly Press, 18 September 1897.
19) Een oordeel over het rapport van de Industriële
Commissie; Amsterdam, 1897, bl. 1.
20) De Volksstem, 11 Augustus 1897.
vgl. ook: De Volksstem van 14 Augustus 1897.
21) De Volksstem, 18 Augustus 1897 en 21 Augustus 1897.
22) Breytenbach, J.H., Die Tweede Vryheidsoorlog, deel
I, (Die diplomatieke voorspel tot die oorlog),
bl. 516.
Vgl. ook hiervoor: i) De Winter, G.H.J., a.w., bl.
55;
ii) Statham, F.R., Paul Kruger
en zijn tijd, bl. 225.
23) Jorissen, E.J.P., Transvaalsche Herinneringen,
1876-1896, bl. 140 en 141.
24) Breytenbach, J.H., a.w., bl. 517.
25) Hugo, M.J., a.w., bl. 102.

waar is dat hy by die opstel van die verslag van die Industriële Kommissie om die bos gelei is (soos deur President Kruger en andere beweer), het hy geantwoord: "I signed the Industrial Report because I was, and am, convinced that reforms are necessary; there can be no question of our having been influenced by anyone. We were neither influenced by the people of the Rand nor the President."²⁶⁾

Na 'n heftige bespreking in die Volksraad en te midde van groot druk van veral die kapitaliste en Uitlanders, het die Volksraad besluit dat 'n kommissie benoem sou word wat die rapport van die Industriële Kommissie in oorleg met die Uitvoerende Raad moes nagaan, en vervolgens 'n rapport met sy aanbevelinge daaroor moes uitbring.²⁷⁾

Dit het groot ontevredenheid onder die geledere van die kapitaliste en Uitlanders veroorsaak,²⁸⁾ maar nogtans het hulle die verwagting gekoester dat daar nie veel aan die Industriële Kommissie se aanbevelings verander sou word nie. In werklikheid egter het die Volksraadskommissie se verslag weer die strydpunt opnuut laat opvlam. Twee verskillende groepe te wene Kruger en sy konserwatiewes teenoor Milner en sy Uitlander progressiewe groep was nou direk met mekaar gekonfronteer.²⁹⁾

Dit kom dus daarop neer dat die Industriële Kommissie in sy politieke betekenis verreikerde gevolge gehad het wat mettertyd uiteindelik meegehelp het tot die groot uitbarsting in Oktober 1899.

88/ ooooooooooooo

26) The Weekly Press, 4 Desember 1897.

27) E.V.R., art. 815, 9 Augustus 1897 Hierdie Kommissie sou bestaan uit:
F.G.H. Wolmarans
A.D.W. Wolmarans
B.J. Vorster
C.J. Tosen
L. Botha

28) Iwan - Müller, E.B., Lord Milner and South Africa, bl. 549.

29) Weinthal, L., Memories, Mines and Millions, bl. 148.

B. Die Werkzaamhede en die gevolge van die Volksraadskommissie.

i) Inleiding.

Ofskoon die rapport van die Industriële Kommissie die goedkeuring van die grootste deel van die bevolking weggedra het en byna orals met lof begroet is, het Paul Kruger en sy regering die dieperliggende faktore, redes en gevolge van hierdie rapport raakgesien en besef dat 'n teenvoeter hiervoor gevind moes word. Die Volksraad het met 'n meerderheid van sestien teenoor sewe stemme besluit om 'n Volksraadskommissie of 'n sub-kommissie bestaande uit vyf lede, te benoem. Sy taak sou wees om die rapport van die Industriële Kommissie in samewerking met die Uitvoerende Raad na te gaan en dienooreenkomstig te rapporteer.

Intussen het die inwoners van Johannesburg op 8 September 1897 bymekaar gekom en besluit om die regering se aandag daarop te vestig dat die depressie in die land beëindig sou word indien die aanbevelings van die Industriële Kommissie deur die Volksraad aanvaar word.³⁰⁾

Hierdie Raadskommissie moes hom dus hoofsaaklik toespits op die vraag of die aanbevelings van die Industriële Kommissie van Onderzoek deeglik gefundeerd was, of die praktiese, politieke en ekonomiese uitvoerbaarheid daarvan tot die voordeel van die Republiek en sy burgers asook die land in sy geheel sou strek, en of dit die onafhanklikheid van die land skade sou berokken, wat noodwendig tot uitbarsting en oorlog sou lei.

89/

30) Britse Imperiale Witboek no. 536, bl. 391.
Vgl. ook: i) The Standard and Diggers News,
9 September 1897.
ii) The Star, 9 September 1897.

Die Volksraadskommissie is van sy benoeming af uit alle oorde gekritiseer en gevolglik is sy werksaamhede orals met agterdog bejeen. Ofskoon sommige Uitlanders en kapitaliste met volle vertroue op die Kommissie se rapport gewag het, het die weegskaal in Oktober 1897 reeds begin swaai vanweë die opgehoopte ontevredenheid en griewe. Die toestand wat sedert 27 Julie 1897 met die verskyning van die rapport in die Republiek ontstaan het, is skielik op 16 Oktober 1897 versteur met die publikasie van die verslag van die Volksraadskommissie. Baie was ongeduldig omdat die samesprekings van die Kommissie heelwat tyd in beslag geneem het.³¹⁾

ii) Die Rapport van die Volksraadskommissie.

Op 16 Oktober 1897 is die rapport van die Volksraadskommissie by die regering ingelewer.³²⁾ Uit die verslag het dit geblyk dat die Kommissie besef het dat die opdrag wat die Volksraad aan hom opgelê het "niet alleen zeer belangrijk, doch ook omvangrijk en moeilijk was."³³⁾ met die gevolg dat hy al sy kragte aangewend het om hom so goed moontlik van sy taak te kwyf.

In oorleg met die Staatspresident moes die Kommissie al spoedig besluit om daaglik minstens vier uur te vergader "om daardoor van hare zijde mede te werken in de bestaande toestanden, voor zover doenlijk, zonder het minste verzuim eene gunstige verandering aan te brengen door de finale behandeling van het rapport der Industriele Commissie van Onderzoek niet te doen vertragen."³⁴⁾ Die Kommissie het

90/

31) De Volksstem, 16 Oktober 1897.

32) E.V.R., art. 1563, 16 Oktober 1897.

33) E.V.R., art. 1564, 16 Oktober 1897 - Rapport van die Volksraadskommissie insake die nagaan van die Industriële Kommissierapport.

34) Ibid.

sy werksaamhede in die President se huis te Pretoria in samewerking met die Uitvoerende Raad voltooi.³⁵⁾

Dit het die Kommissie agt weke geneem om sy taak te voltooi as gevolg van die verskillende en uiteenlopende vraagstukke, wat met nougesetheid behandel moes word; en te meer nog vanweë die feit dat die Kommissie ook nog onderhandelings met verskillende maatskappye, as kontrakterende partye met die regering, moes aanknoop.³⁶⁾

Die heer George du Flessis wat as sekretaris van die sub-Kommissie benoem was, is later deur die heer A. Kuyper vervang.³⁷⁾

In terme van die opdrag om alle punte wat in die Industriële Kommissierapport voorgekom het en wat volgens die Kommissie se oordeel by die Tweede Volksraad tuis gehoor het en so spoedig moontlik na hierdie liggaam verwys moes word, het die Kommissie op 25 Augustus 1897 dié afdeling van die rapport van die Industriële Kommissie van Onderzoek handelende oor die Drankwet en gouddiefstalle na die Tweede Volksraad verwys.

Die eerste afdeling, die rakende die Drankwet, is egter met uitsondering van dié gedeeltes wat handel oor aanbevelings oor meer polisie en beter toesig by die myne en die stasionering van aksyn-beamptes, inspekteurs en speurders, onder kontrole van die Kommissie vir Dranklisensies geplaas.³⁸⁾

92/

35) The Press, 20 Augustus 1897.

36) The Star, 23 September 1897 - dié koerant het Dr. Leyds daarvan beskuldig dat hy die oorsaak was waarom die sub-kommissie so lank met sy samesprekinge besig was.

37) The Transvaal Advertiser, 5 Oktober 1897.

38) Hoofstuk I van die rapport.

In die inleiding van die rapport het die Industriële Kommissie sy misnoeë aangaande konsessies te kenne gegee "waardoor de nijverheid der Republiek gestremd wordt." Na aanleiding hiervan het die Kommissie gerapporteer, dat hy nadat "toelichtingen van den Voorzitter der Industriële Kommissie te hebben gehoord," van oordeel was dat die Volksraad alreeds aan hierdie beswaar gehoor gegee het deur goedkeuring van die rapport en skema van die Kommissie in sake die oprigting van fabriek "en het verleen van beschermrechten."³⁹⁾

Om die oprigting van fabriek makliker te werkstellig, het laasgenoemde Kommissie die volgende skema aan die hand gedoen:-

- i) Om die plaaslike industrie te bevorder, sou elke persoon of persone die reg he om een of meer fabriek op te rig, met uitsondering van die industrie aan wie konsessies en uitsluitlike regte verleen is en wat nog steeds bestaansreg besit het.
- ii) Enige persoon wat een of meer fabriek wou oprig in die Suid-Afrikaanse Republiek, moes vooraf eers die toestemming van die Uitvoerende Raad ontvang, mits sodanige fabriek of fabriek in die belang van die land sou wees.
- iii) Die Uitvoerende Raad kon met die Volksraad se goedkeuring, beskerming in die vorm van 'n heffing van spesiale beskermende invoerrechte op die artikel wat geproduseer sou word, verleen vir 'n tydperk wat vasgestel sou word, mits die kwaliteit en kwantiteit van sodanige artikel bevredigend en genoegsaam was.
- iv) Die Uitvoerende Raad sou die reg he om persone aan te stel om kontrole oor sodanige fabriek uit te oefen, die boekhouding na te gaan en toe

92/

39) E.V.R., art. 1868 en 1871, 2 en 3 November 1896. Vgl. ook hiervoor: E.V.R., art. 628, 18 Julie 1895 vir die benoeming van hierdie Kommissie.

te sien of die vervaardiger aan alle vereistes aan hom gestel, voldoen het.

- v) Indien dit sou blyk dat die vervaardiger nie die gevraagde kwaliteit en kwantiteit kon produseer nie, sou die Uitvoerende Raad die reg hê om die spesiale invoerregte met goedkeuring van die Eerste Volksraad op te hef.
- vi) Die vervaardiger sou nie sy uitsluitlike regte misbruik of oorskry deur sy produk teen 'n veel hoër prys te verkoop as wat dit in die algemeen sonder uitsluitlike regte van die hand gesit sou word nie.

Ten aansien van die aanbeveling van die Industriële Kommissie in sake die opstel van rekeninge in verband met uitbetalings van lone en salarisse deur die mynmaatskappye, het die sub-kommissie aanbeveel dat 'n wetsvoorstel dienooreenkomstig opgestel word.⁴⁰⁾

Aangaande die aanbeveling van die Industriële Kommissie rakende die bou van woonhuise deur mynmaatskappye vir blanke arbeiders, was die Kommissie van oordeel dat dit 'n saak was waarmee die Volksraad hom nie kon inlaat nie en dat die maatskappye self daaroor moes beslis. Die regering sou egter standplase tot die arbeiders se beskikking kon stel teen sekere voorwaardes.⁴¹⁾

Met betrekking tot die aanbeveling van die Industriële Kommissie aangaande 'n wysiging van die Wet tussen heer en diensbode, het die Kommissie aanbeveel dat aan die regering opgedra moes word om 'n konsepwysiging van die wet "voor het reguleeren van de betrekkelijke rechten en plichten van meesters, bedienden en leerlingen" in terme van die aanbeveling op

93/

40) Hoofstuk 3, art. 1 van die rapport.

41) Hoofstuk 3, art. 2 van die rapport.

te trek.⁴²⁾

Die Kommissie was dit geheel en al eens met die Industriële Kommissie dat dit wenslik was om alle industrieë te bevorder en daarenteen was dit nie aan die Kommissie bekend dat enige industrie hier ter lande ooit deur die Volksraad of die regering teengewerk of belemmer is nie.⁴³⁾

Die Kommissie was van mening dat die regering reeds met die Portugese owerhede in korrespondensie getree het om naturelle van die Ooskus vir arbeid in die myne te betrek en die toevoer te vergemaklik.⁴⁴⁾

Die Industriële Kommissie het voorgestel dat die verkryging van naturelle-arbeid soveel moontlik aangemoedig moes word:

- i) deur premies aan naturellehoofde te betaal,
 - ii) en deur die vermindering van die vervoerprys van naturelle per spoor tot een derde van die tarief wat toe gehef is en "verskil te worden verhaald bij een eventueele terugreis."
- Blykens ingewonne inligting was die regering steeds besig om die myne hierin soveel moontlik tegemoet te kom en was die Kommissie oortuig daarvan dat die regering sou voortgaan

94.

42) Hoofstuk 3, art. 3 van die rapport. Vgl. ook hier-voor Oosthuizen, J., Generaal Koos de la Rey en sy verhouding tot die Uitlanders, bl. 47 — Generaal De la Rey was gekant daarteen dat beskerming verskaf sou word aan "leergongens" wat afkomstig was uit Europa om op die myne te kom werk, want dit sou die armer deel van die bevolking werkloos maak. "Hy wou eerder sien dat die mynmagnate skade ly en dat Uitlanders op straat rondloop as dat "zonen des lands" tot die bedelstaf gebring word."

43) Hoofstuk 3, art. 4 van die rapport.

44) Hoofstuk 4, art. 1 van die rapport.

om hulp en bystand te verleen.⁴⁵⁾

Dit kan nie betwyfel word dat die regering in die verlede daadwerklik probeer het om die arbeidsprobleem op te los.⁴⁶⁾ Volgens 'n Kommissie wat in 1896 benoem is⁴⁷⁾ en wie se aanbevelings ook deur die regering goedgekeur is,⁴⁸⁾ moes die Superintendent van Naturelle in opdrag van die regering aan al die Kommissaris van Naturelle en Onder-Kommissaris van Naturelle opdrag gee om hul sedelike invloed te laat geld by die Kafferkapiteins of Kafferhoofde, sodat hulle hul volk kon aanmoedig tot werksaamheid en hul volk sou leer en oortuig dat arbeidsaamheid een van die grootste beginsels van beskawing is. Hierdeur sou naturelle wat geskik was vir mynarbeid, na die delwerye gaan en hulle wat nog te jonk was, op plase gaan werk; "de kafferkapiteins of kafferhoofden, die daartoe bereid en gewillig worden bevonden, zullen elk jaar van de Hoog. Ed. Regeering een geschenk ontvangen, bestaande uit één uniform". Verder sou Naturellekapiteins ook volgens 'n spesifieke skaal wat op 1 Januarie 1897 in werking sou tree, beloning ontvang volgens die getal naturelle wat deur hulle toedoen op plase gaan werk, te wete:-

95/

-
- 45) Hoofstuk 4, art. 2 van die rapport. Vgl. ook hiervoor R10295/93 en Gouvernements-kennisgeving no. 319/93 vir 'n volledige rapport van die Kommissie wat benoem is volgens E.V.R., art. 1161, 22 Augustus 1893 om die arbeidskwessie behoorlik te ondersoek en verbeteringe aan te beveel om 'n oplossing te bewerkstellig. Raadpleeg verder ook E.V.R., art. 1256, 31 Augustus 1893 vir die goedkeuring van die rapport.
- 46) Vgl. hiervoor Circulaire C.B. 1/97 - Superintendent van Naturelle aan Landdroste, Kommissaris en Onder-Kommissaris van Naturelle.
- 47) E.V.R., art. 1019, 27 Julie 1896 - die Kommissie het bestaan uit A.D.W. Wolmarans (Voorsitter), L. de Jager en C.J. Tosen.
- 48) E.V.R., art. 2260, 8 Desember 1896.

- 2/- (20c) vir elke jong naturel wat een jaar werksaam was,
- 3/- (30c) per naturel vir tien tot vyf en twintig naturelle wat een jaar werksaam was,
- 4/- (40c) per naturel vir vyf en twintig tot vyftig naturelle wat een jaar werksaam was,
- 5/- (50c) per naturel vir vyftig en meer naturelle wat een jaar werksaam was.

Die sub-kommissie het ook verneem dat vervoer van naturelle na die myne "per spoor al reeds de helft bedraagt van hetgeen daarvoor in andere richtingen wordt betaald."⁴⁹⁾

Die Kommissie het ook aanbeveel om in terme van die Industriële Kommissie se aanbevelinge in korrespondensie te tree met die kolonies en state van Suid-Afrika, ten einde die kwessie van "zwarten arbeid" vir eens en vir altyd op 'n goeie basis te vestig.⁵⁰⁾ Die Kommissie was die mening toegedaan dat die mynmaatskappye self op eie koste en verantwoordelikheid depots langs die paaie vir naturelle moes oprig.⁵¹⁾

Volgens die opmerkings van die Industriële Kommissie, sou die Republiek jaarliks 'n bedrag van £660,000 (R1,200,000) aan die naburige state vir deurvoerbelasting moes betaal, maar uit die rapport van die Inspekteur-Generaal vir Invoerregte blyk dit "dat dit evenwel moet zijn circa £320,000 (R640,000)."⁵²⁾

Die Kommissie het aanbeveel dat die regering van die S.A.R. met die verskillende state en kolonies in Suid-Afrika moes onderhandel om die deurvoerregte

96/

49) Hoofstuk 4, art. 2 van die rapport.
50) Hoofstuk 4, art. 3 van die rapport.
51) Hoofstuk 4, art. 4 van die rapport.
52) Hoofstuk 5 van die rapport.

te verminder of selfs af te skaf en ondertussen moes die deurvoerregte in die Suid-Afrikaanse Republiek van 3% tot $1\frac{1}{2}\%$ verlaag word.⁵³⁾

Die Kommissie het gemeen dat voedingsmiddele wat alreeds vrygestel is van die spesiale invoerbelasting,⁵⁴⁾ voorlopig so gehandhaaf moes word, onder voorwaarde dat indien die Uitvoerende Raad van oordeel sou wees "dat de omstandigheden vereischen om tot bescherming en tegemoetkoming van de inlandsche industries en producties wederom de bij de wet bepaalde speciale invoerrechten op zoodanige artikelen te heffen, zulks door den H.Ed. Uitvoerenden Raad bepaald kan worden nadat zes maanden van te voren door publicatie in de Staatscourant is kennis gegeven." Die Kommissie het aanbeveel dat die volgende artikels ook by die lys voedingsmiddele bygevoeg moes word, wat dan van die spesiale invoerreg kwytgestel sou wees: - botter, kaas, koffie, rys, suiker, groot- en kleinvee.⁵⁵⁾

Die Kommissie het ook spesiale invoerregte op sekere artikels en veral weelde artikels,⁵⁶⁾ asook verskillende seëlbelastings by die regering aanbeveel,⁵⁷⁾ en 'n verhoging van die spesiale invoerregte op alle gedistilleerde drankie en wynsoorte van oorsee, voorgestel.⁵⁸⁾

Wat die dinamietkwessie betref, het die Kommissie dit goedgevind om L.G. Vorstman, die regerings-agent,

97/

53) Ibid.

54) Vgl. hiervoor U.R., art. 22, 21 Januarie 1896, asook E.V.R., art. 100, 11 Mei 1896.

55) Hoofstuk 6, art. I van die rapport.

56) Raadpleeg hoofstuk 6, art. 2 van die rapport vir 'n lys van hierdie artikels en die spesiale invoerreg belastings op elke artikel. Vgl. ook hiervoor: R10571a/97, deel I vir 'n circulaire van die Inspekteur-Generaal, E.H. de Waal wat opgestel en geskrywe is op 22 November 1897.

57) Hoofstuk 6, art. 3 van die rapport.

58) Hoofstuk 6, art. 4 van die rapport.

te versoek om die Kommissie in verband met hierdie probleem te adviseer.

Die Kommissie het in eerste instansie gemeen dat die winste wat die maatskappy uit die verkoop van dinamiet gemaak het, en wat volgens bewering van die Industriële Kommissie, tot meer as £2 (R4.00) per kis beloop het, onmoontlik so hoog kon wees "uit hier te lande van ingevoerde stoffen vervaardigde dynamiet."⁵⁹⁾

Na aanleiding van die opmerking van die Industriële Kommissie in sake die produsering van plofstowwe uit produkte van die land, het die Kommissie die volgende beweer:-

- i) Dat aan die Kommissie berig is "dat geen land ter wereld zelve alle benodigde producten kan opleveren."⁶⁰⁾
- ii) "Dat in dezen Staat reeds in groote hoeveelheden Kieselguhr is verkregen, en hier ook wordt gevonden zwavel en salpeter."⁶¹⁾
- iii) Dat volgens 'n brief aan die regering, plofstowwe vir die vervaardiging van dinamiet in die toekoms nie meer ingevoer sou hoef te word nie, vanweë die feit dat voldoende hoeveelheid dinamiet uit grondstowwe in Suid-Afrika gemaak sou kon word.⁶²⁾

98/

-
- 59) Hoofstuk 7, art. 2 van die rapport. Vgl. ook hiervoor: R2808/97 - brief van L.G. Vorstman aan die Staatssekretaris op 22 Februarie 1897, waarin hy onder andere skrywe: "Wij zijn begerig eene gelegenheid te hebben om aan te toonen, dat de winst der Maatschappij niet nagenoeg £2 (R4.00) per kist bedraagt. De werkelijke winst is veel minder - zelfs onder 10/- (R1.00) per kist - zooals wij, wanneer eene gelegenheid ons daartoe verschaft wordt, duidelijk zullen kunnen bewijzen."
- 60) Hoofstuk 7, art. 4(a) van die rapport.
- 61) Hoofstuk 7, art. 4(b) van die rapport.
- 62) R10571a/97, deel 7 - brief van Alberto Philipp, direkteur van die "Zuid-Afrikaansche Fabriek voor Ontploffbare Stoffen, Beperkt," aan die regering op 31 Augustus 1897.

- iv) Dat volgens oordeel van die Kommissie die maatskappy aangesê moes word om dinamiet te vervaardig en daarvoor "de grondstoffer van dit land te gebruik." ⁶³⁾

Die Industriële Kommissie het gerapporteer dat volgens getuigenis "buiten die welke geleverd zijn door de Dynamietmaatschappij, haar gebleken is, dat Dynamiet No.1 bevattende 75% pCt. nitroglycerine, kan afgeleverd worden vrij aan boord te Hamburg tegen 23s.6d. (R2.35) per kist van 50 lb." ⁶⁴⁾ Die Kommissie het die Volksraad verwys na hulle besluit dat ondersoek ingestel is na die hoeveelhede dynamiet en pryse waarvoor die regering plofstowwe self kon aankoop. ⁶⁵⁾

Die rapport van die Industriële Kommissie het bepaal: "De getuigenis gegeven namens de Maatschappij beweert dat Nobel dezelfde stof (d.w.z. dynamiet no.1) haar factureert tegen 29s.6d. (R2.95) per kist in Hamburg." Die Kommissie kon in verband hiermee meedeel dat hy uit betroubare bron verneem het dat dynamiet nog nooit ingevoer is nie, maar wel guhr-impregnê deur die regering van die S.A.R. waaruit die maatskappy dan dynamiet ens. vervaardig het. ⁶⁶⁾

99/

63) Hoofstuk 7, art. 4(d) van die rapport.

64) Hoofstuk 7, art. 5 van die rapport.

65) Ons verwys hiervoor na R1770/97;
E.V.R., art. 415, 22
Februarie 1897 (art. 16,
afd. 5 van die rapport);
U.R., art. 260, 23 Maart
1897 - waarvolgens die

hierbo bedoelde ondersoek opgedra is aan die Staatssekretaris tydens sy verblyf in Europa en waarvoor hy ook van deskundige dienste gebruik kon maak o.a. van die Staats Myningenieur, die heer Klimke.

Vgl. ook hoofstuk 7, art. 5 vir die verskillende opgawes van dynamietpryse.

66) Hoofstuk 7, art. 6 van die rapport.

In verband met bewerings van die Industriële Kommissie dat die maatskappy 22/6 (R2.25) meer vir springgelatine laat betaal het as vir dinamiet no.1, is die Volksraadskommissie deur die maatskappy ingelig "dat in ooreenstemming met de verhouding van nitroglycerine in dynamiet no.1 en in springgelatine zijnde respectievelijk 75 pct. en ongeveer 93 pct., de Maatschappij met toestemming van de H.Ed. Regeering gerechtigd is voor springgelatine meer te eischen en wel 40 pct. meer dan hetgeen betaald wordt voor dynamiet no.1"⁶⁷⁾

Die Industriële Kommissie het in sy rapport gesê dat daar goeie gronde is om te glo dat die kontraktante in gebreke gebly het om aan die voorwaardes in die kontrak met betrekking tot die oprigtingsperiode, te voldoen. Dienaangaande is die Kommissie ingelig, dat daar aan die kant van die maatskappy beweer is dat die vertraging groten-deels te wyte was aan die Jameson-inval, soos dit uit die rapport van die Volksraad-dinamiet-Kommissie geblyk het.⁶⁸⁾

Met betrekking tot die aanbeveling van die Industriële Kommissie dat die regering gebruik moes maak van sy regte kragtens artikel 15 van die regulasies vir die agentskap, deur dit in eie hande te neem, was die sub-kommissie van oordeel dat die Industriële Kommissie die bepalings soos vervat in artikel 12 van die Kontrak met Vorstman sekerlik uit die oog verloor het. Die Kommissie het verder gemeen, dat al sou die regering van hierdie reg gebruik gemaak het "de mijnindustrie in geen en deele daardoor gebaat zou zijn."⁶⁹⁾

100/

67) Hoofstuk 7, art. 8 van die rapport. Vgl. ook hiervoor: art. 6, paragraaf 4 van die regulasies rakende die Staatsmonopolie in sake ammunisie en plofstowwe.

68) Hoofstuk 7, art. 9 van die rapport. Vgl. ook hiervoor: E.V.R., art. 396, 22 Februarie 1897 en wel Hoofstuk I, paragrawe 5 en 8.

69) Hoofstuk 7, art. 10 van die rapport.

In verband met die aanbevelings van die Industriële Kommissie, dat regsadviseurs van die Staat die wetlike posisie van die regering ten opsigte van die maatskappy moes nagaan en dat onmiddellik ondersoek na die boeke en rekeninge van die maatskappy ingestel moes word, was die Kommissie van oordeel dat hierdie sake uitsluitend by die regering tuishoort, en volgens ingeligte bronne het die regering alreeds die nodige stappe in hierdie rigting gedoen.⁷⁰⁾

Die sub-kommissie was verder van oordeel dat daar teen sekere afskrywings van die maatskappy beswaar aangeteken kon word, en het gevolglik aanbeveel "om alsnog het nog onbetaalde minimum-bedrag der overwinst van 2s.6d. (25c) per kist verkochte dynamiet, zooals bepaald bij alinea 7 van art. 6 van het contract, alsmede dat bedrag hetwelk 20 pct. der overwinst volgens alinea 8 van art. 6 van het contract meer zal zijn dan genoemd minimum-bedrag, van de maatschappij te vorderen."⁷¹⁾

Die Kommissie het aanbeveel dat slaghoedjies of patroondoppies slegs ingevoer kon word deur persone aan wie permitte uitgereik is onderhewig aan sekere voorwaardes.⁷²⁾

101/

70) Hoofstuk 7, art. 11 van die rapport.

71) Hoofstuk 7, art. 12 van die rapport.

72) Hoofstuk 7, art. 13 van die rapport. Vgl. hiervoor die reaksie daarteen: Britse Imperiale Witboek, no. 543, bl. 24 - brief no. 23 van die "National Explosives Company" aan die Koloniale Kantoor op 10 November 1897. Hulle was die mening toegedaan dat permitte slegs aan die sg. "Dynamietring" uitgereik sou word, "and we, as English manufacturers would still be excluded from participating in the dynamite trade of the Transvaal." Vgl. ook nog: Britse Imperiale Witboek, no. 536, bl. 333 en 334 - brief van dieselfde maatskappy aan die Koloniale Kantoor op 20 Augustus 1897 waarin hulle sê dat hulle uitgesluit was van alle handel net die S.A.R. ten opsigte van plofstowwe en dat dit volgens hulle mening 'n skending van die Londense Konvensie was. Hulle het gevolglik 'n direkte en indirekte skade gely: direk omdat hulle nie hulle produk op die mark van die S.A.R. mag verkoop nie en indirek, omdat ander maatskappye

Na aanleiding van die Industriële Kommissie se opmerkings aangaande die pryse wat vir dinamiet betaal is, het die Kommissie met die Uitvoerende Raad onderhandel in verband met die verlaging van dinamietpryse (artikel 7 van die regulasies) deur tussenkoms van die regering, en ook direk met die maatskappy. Die maatskappy het hom bereid verklaar om vir 'n onbepaalde tydperk sy pryse vir dinamiet en ander plofstowwe met 5/- (50c.) per kis te verminder. Die Kommissie het hierdie tegemoetkoming aanvaar en die maatskappy meegedeel dat hy dit aan die Volksraad bekend sou maak.

As gevolg van die bewering dat die meeste myne nie met sukses bewerk kon word nie, en dat die vestiging van 'n dinamiet-industrie nie soseer plaasgevind het met die doel om die Staatskas te bevoordeel nie, maar eerder om die Staat self onafhanklik te maak op die gebied van dié industrie en die handel in plofstowwe, en as gevolg van die feit dat daarna gestreef moet word om die mynindustrie te steun en tegemoet te kom, het die Kommissie aanbeveel dat die regering ten behoeve van die mynindustrie slegs as 'n proefneming afstand moes doen van die 5/- (50c) Staatsreg, wat kragtens artikel 6 van die Kontrak en artikel 11 van die regulasies aan die regering toegekom het op elke verkoopte kis dinamiet. Die gevolg hiervan was dat die prys van dinamiet nou met 10/- (R1.00) per kis verminder sou wees, waardeur die mynindustrie by verbruik van 200,000 kiste per jaar £100,000 (R200,000) sou kon bespaar.⁷³⁾

Met betrekking tot die aanbeveling van die Industriële Kommissie om die spoorwegtariewe vir goedere sodanig te verlaag dat die bruto opbrengs van goederevervoer vir die jaar 1896, met £500,000 (R1,000,000) verminder sou word, het die Kommissie opgemerk dat so 'n verlaging, te wete 25% van die

73) Hoofstuk 7, art. 14 van die rapport.

bruto opbrengs, gelykstaande sou wees aan 'n verlaging van £500,000 (R1,000,000) van die oorwins.

In oorleg met die direkteur van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij, G.A.A. Middelberg, het die Kommissie ooreengekom om die Volksraad te vra om by die regering aan te beveel dat die spoorwegtariewe in oorleg met die Spoorwegmaatskappy sodanig verlaag moes word dat die oorwins £200,000 (R400,000) minder sou wees, in vergelyking met die bruto opbrengs van 1896.

Die Kommissie het begeer dat hierdie verlaging van 1 Januarie 1898 af in werking moes tree en dat dit hoofsaaklik betrekking moes hê op die tariewe vir die vervoer van artikels wat die mynindustrie direk aangegaan het, soos deur die Industriële Kommissie in sy rapport genoem, en "ook zal dienen ter tegemoetkoming van onze boerenbevolking voor hare inlandsche productie en industrie."⁷⁴⁾ Die konsessie het as gevolg van hierdie verlaging van tariewe onveranderd gebly, met die gevolg dat naasting van die spoorweë wat die N.Z.A.S.M. betref het, buite die kwessie was.⁷⁵⁾

Aangaande die klagte dat die N.Z.A.S.M. nie oor genoegsame fasiliteite vir die vervoer van steenkool beskik nie en in verband met die noodsaaklikheid om die vervoer van steenkool te bevry van klein onkostes "voor wagenhuur, rangeeren, enz." asook die wenslikheid om behoorlike steenkoolwaens aan te skaf, sodat steenkool nie meer in sakke verpak hoef te word nie, het 'n verteenwoordiger van die N.Z.A.S.M., die Kommissie meegedeel dat dit die strewe van die maat-

103/

74) Hoofstuk 8, art. 1 van die rapport.

75) Hoofstuk 8, art. 2 van die rapport.

skappy was "den dienst en het vervoer gemakkeliker te maken, doch dat zulks ondanks de vele moeiten en pogingen daartoe slechts langzamerhand kan worden gedaan, en verder, dat het ook het streven der Maatschappij is, het vervoer van lastigen en kleine onkosten te bevrijden, welken onkosten echter slechts een klein bedrag vertegenwoordigen."⁷⁶⁾

Ten opsigte van die bou van 'n suiderlyn tussen Boksburg en Krugersdorp vir die vervoer van steenkool, het die regering die Kommissie belowe om 'n voorstel in dier voege aan die Volksraad voor te lê.⁷⁷⁾ Die Kommissie was van mening dat die aanlê van sylyne na die myne, noodsaaklik en onontbeerlik was.⁷⁸⁾

Aangaande die wenslikheid om nagtreine te laat loop vir die vervoer van melk "en andere snel bederf onderhevige producten," was die Kommissie die oordeel toegedaan dat die toestand en die behoefte dit nog nie geregverdig het nie, maar dat so 'n idee in beginsel aanvaar kon word.⁷⁹⁾ Die Kommissie het hom met die Industriële Kommissie se voorstel vereenselwig dat vervoer van steenkool en landbouprodukte vergemaklik en bespoedig moet word.⁸⁰⁾

Die Kommissie het gevoel dat 'n verandering in die spoorwegkonsessie aangebring moes word sodat die invoerreëte, deurvoerreëte en uitvoerreëte aan die Portugese grens "verschuldigd voor de over den spoorweg vervoerde goederen, door den Staat zelve zullen worden geïnd als een Staatsinkomste," in plaas van deur die N.Z.A.S.M.⁸¹⁾

104/

-
- 76) Hoofstuk 8, art. 3 van die rapport.
77) Hoofstuk 8, art. 4 van die rapport.
78) Hoofstuk 8, art. 5 van die rapport.
79) Hoofstuk 8, art. 6 van die rapport.
80) Hoofstuk 8, art. 7 van die rapport.
81) Hoofstuk 8, art. 8 van die rapport.

Nadat daar gelet is op wat die Industriële Kommissie oor die Paswet gesê het, het die sub-kommissie aanbeveel dat die regering in oorleg met die Superintendent van Naturelle en die "Pasuitdeelters op de delverijen" die Paswet moes verander, ooreenkomstig wat die Uitvoerende Raad in belang van die mynindustrie ag.⁸²⁾

Met betrekking tot die voorstel van die Industriële Kommissie om 'n Industriële Raad of Kommissie aan te stel om toesig op die delwerpe te hou, het die Kommissie gevoel dat so 'n stap 'n regering binne 'n regering sou meebring.⁸³⁾

Om die mynindustrie tegemoet te kom in verband met gouddiefstalle, wat volgens die rapport van die Industriële Kommissie op 'n groot skaal plaasgevind het, het die Kommissie by die Volksraad aanbeveel dat die regering as proefneming 'n betroubare en bekwame persoon aanstel, om toesig te hou oor die uitvoering van bogenoemde wette, en om gouddiefstalle teen te gaan en misdadigers op te spoor. Vervolgens sou daar vir die uitvoering van sy pligte 'n paar "vertroubare en bekwame speurdienaars" tot sy beskikking gestel word en "zullen deze speurdienaars geen de minste inbreuk maken op of vermindering brengen in de verplichtingen en de taak der politiemacht (de geheime politie niet uitgesloten) op de delverijen."⁸⁴⁾ Hiervolgens het die Kommissie uitvoering gegee aan die Industriële Kommissie se aanbevelings.⁸⁵⁾

105/

82) Hoofstuk 9 van die rapport.

83) The Star, 29 April 1898 - dié koerant sou graag wou sien dat President Kruger self die voorsitter van 'n moontlike Plaaslike of Industriële Raad sou wees en "there is not the faintest desire to turn the Local Board into a political machine."

84) Hoofstuk 10, art. 1 van die rapport.

85) Hoofstuk 10, art. 3 van die rapport.

Om die gouddiefstalle verder te bekamp moes die regering van die S.A.R. ook met die ander state en kolonies in Suid-Afrika onderhandel om sodoende onderlinge maatreëls te tref om gouddiefstalle teen te gaan.⁸⁶⁾

Met betrekking tot die aanbeveling van die Industriële Kommissie om aksynbeampies direk onder die beheer van die drankkommissaris van die verskillende distrikte te plaas het die sub-kommissie gevind dat hy dit nie kon onderskryf nie, op grond daarvan dat die heffing van "accijnzen" volgens sy oordeel onder die departement van die Inspekteur-Generaal van Invoerregte tuishoort.⁸⁷⁾

Die Kommissie het dit goed gedink om geen vermindering van invoerregte op sement voor te staan nie as gevolg van

- i) inligting wat hy ingewin het;
- ii) die feit dat daar 'n "inlandsche cement-industrie bestaat;"
- iii) as gevolg van Eerste Volksraadsbesluite, artikels 1868 en 1871, 2 en 3 November 1896 waar die beginsel neergelê is dat binnelandse industrie beskerm moet word en
- iv) "oordeelende dat en kwaliteit en kwantiteit van de hier te lande geproduceerde cement voldoende aansporing is om de bestaande fabrieken te beschermen."⁸⁸⁾

In verband met die aanbeveling van die Industriële Kommissie dat daar weggedoen moes word met die baksteen konsessie, het die Kommissie gesê dat die konsessie volgens kontrak eers in 1902 verval en verder daarop gewys dat "zoolang de concessionaris voldoet aan de

106/

86) Hoofstuk 10, art. 2 van die rapport.

87) Hoofstuk 10, art. 4 van die rapport.

88) Hoofstuk 11, van die rapport.

gestelde vereischten kan er geen sprake zijn van vernietiging dezer overeenkomst." Die Kommissie was ook van oordeel dat teëls en dakpanne sowel as bakstene geproduseer moes word, en derhalwe moes daar 'n noukeurige ondersoek ingestel word of daar aan elke fabriek ook 'n dakpan- en teëlfabriek verbonde was.⁸⁹⁾

Ten opsigte van loterye het die Kommissie na 'n Volksraadsbesluit dienooreenkomstig verwys.⁹⁰⁾

Volgens hierdie rapport is aan al die memories, klagskrifte en griewe gehoor gegee.⁹¹⁾ Twee lede van die Kommissie te wete Louis Botha en Barend J. Vorster Jr. het hulself nie met al die aanbevelings in die rapport vereenselwig nie. Ons moet goed verstaan dat die Kommissie die Industriële Kommissie se rapport in oorleg met die Uitvoerende Raad moes nagaan en nie 'n gesamentlike rapport moes opstel nie.

Die meeste aanbevelings is met klein uitsonderings en wysigings aangeneem en goedgekeur.⁹²⁾ Gedurende die bespreking was dit egter veral drie sake, te wete die dinamietkwessie, die naturelle-arbeidsvraagstuk en die spoorwegkwessie wat die aandag van die Volksraad in beslag geneem het.

1. Die Dinamietkwessie.

Die dinamietkwessie het die Volksraad voor moeilike struikelblokke te staan gebring. Tydens die bespreking hieroor is verskillende menings geuit waaruit afgelei kon word dat dit vir die regering van die S.A.R. 'n aktuele en ernstige probleem geword het. President Kruger het

107/

89) Hoofstuk 12 van die rapport.

90) E.V.R., art. 378, 25 Junie 1897.

91) Hoofstuk 14 van die rapport.

92) Raadpleeg E.V.R., art. 1567, 20 Oktober 1897 e.v.

gesê: "Indien de Staat bloeit, moeten ook, de goudmijnen bloeien, doch de maatschappijen moeten elkaar niet tegen werken" "wanneer wij onze onafhankelĳkheid lief hadden dan behoorden wij onpartĳdig te handelen door zowel de goudindustrie als de andere binnenlandsche industriën te beskermen," en verder "allen moeten samenwerken, de Spoorweg-, Dynamiet- en Mĳnmaatschappijen."⁹³⁾ Schalk Burger was oortuig daarvan dat "er werkelyk reden bestaat voor klachten over de duurte der dynamiet op het oogenblik" en dat "die klachten en grieven werkelyk gegrond zĳn."⁹⁴⁾

Die vraag het nou ontstaan hoe aan hierdie griewe en klagtes gehoor gegee moes word veral met die oog op die feit dat 'n kontrak tussen die regering van die S.A.R. en die maatskappy vir plofstowwe alreeds aangegaan is om dinamiet in die Republiek te lewer.

Ofskoon verskillende argumente van Volksraadsweë geopper is om die bestaan van hierdie kontrak te betwis en aan te toon dat die kontrak geen bestaansreg meer besit het nie omdat die maatskappy nie aan sy verpligtinge voldoen het nie, het die saak 'n regskwessie geblyk te wees wat moeilik deur die Volksraad opgelos kon word. Met die oog op die feit dat die Volksraad oortuig daarvan was dat dinamiet te duur aan die myne gelewer is, en dat onder omstandighede en toestande dinamiet beslis goedkoper gelewer sou kon word, was ooreweging van hierdie saak beslis geregverdig.

Dit was niemand se bedoeling of begeerte om die een industrie ten koste van die ander te bevorder of te belemmer nie, maar die groot vraag was slegs "hoe in dien toestand verandering aan te brengen?"⁹⁵⁾

108/

93) E.V.R., art. 1624, 26 Oktober 1897.

94) E.V.R., art. 1625, 26 Oktober 1897.

95) Ibid.

Volgens C.J. Tosen, lid van die sub-kommissie, was dit nie alleen die dinamietmaatskappy wat die myn-industrie benadeel het nie, maar ook die wyse waarop geld van persone in Europa woonagtig, in die Republiek bestee is "door mijnmaatschappijen te floteeren, op gronden, die geen goud inhielden." Baie geld is sodoende verkwis ook as gevolg van die feit dat maatskappye wat met 'n behoorlike kapitaal op goudhoudende grond gefloteer is, hul aandeelhouders tot soveel as 250% van die dividende uitgekeer het.⁹⁶⁾

Volgens President Kruger was die goud- sowel as die dinamietindustrie albei landsindustrië. "Om het zoo uit te drukken zijn het beide kinderen van den Staat, en zooals reeds gezegd, mogen wij niet toelaten dat het eene kind het andere dood maakt."⁹⁷⁾

Op 4 November 1897 het die Volksraad die volgende besluit goedgekeur:— "den HEd. Uitv. Raad op te dragen, deze zaak in handen te stellen van den Staatsprocureur en andere rechtsgeleerden, ten einde uit te vinden, welke stappen in deze kunnen genomen worden en dan naar bevind van zaken te handelen, ten einde de mijnen van goedkoper dynamiet te voorzien, hetzij door het laten invoeren onder permitten, onderworpen aan het betalen van de gewone invoerrechten of anderzins, zooals de Uitv. Raad het wenschelijk acht."⁹⁸⁾

Na aanleiding van hierdie ooreenkoms het die Uitvoerende Raad besluit:— "de zaak te refereeren naar den Staatsprocureur, ten einde zoo spoedig mogelijk in termen van 't eerste gedeelte van het voormelde besluit te handelen en Z.Ed. Gestrenge als rechtsgeleerde adviseurs nu dadelijk toe te voegen den Heeren advocaten Reitz en Curlewis; verder den Staatsprocureur volmacht te geven naar eigen keuze een bekwaam procureur voor deze zaak aan te stellen."⁹⁹⁾

109/

96) Ibid.

97) E.V.R., art. 1644, 1 November 1897.

98) E.V.R., art. 1656, 4 November 1897.

99) E.V.R., art. 1656, 4 November 1897.

2. Die Naturelle-Arbeidsvraagstuk.

Ten opsigte van die naturelletoevoer is daar besluit om met die Portugese owerhede ooreenkomste aan te gaan waarvolgens naturelle van die Portugese besittinge op die Ooskus vir die Witwatersrandse goudvelde verkry kon word.¹⁰⁰⁾ Na aanleiding van hierdie besluit het die Staatssekretaris, Dr. W.J. Leyds, na Delagoabaai vertrek om onderhandelinge met Mousinho d'Albuquerque, Goewerneur-Generaal van Mosambiek, aan te knoop. Daar is ooreengekom dat 'n reëlmatige toevoer van naturelle elke maand na die Witwatersrandse goudvelde teen verlaagde tariewe, sou plaasvind. D'Albuquerque het vervolgens op 19 November 1897 in Pretoria aangekom vir die opstel van die regulasies. "The regulations on the part of the Portuguese authorities and the Transvaal Government for the supply of the mines with native labour have been formally ratified; sites will be selected at the Rand and at the Border for depôts and their construction commences at once."¹⁰¹⁾

Ten opsigte van die regulasies,¹⁰²⁾ is dit van belang om daarop te let dat agente wat deur maatskappye

110/

-
- 100) Raadpleeg hiervoor:- i-) R2088/96.
ii) U.R., art. 887, 3 November 1897.
iii) E.V.R., art. 1669 en 1670, 5 November 1897.
- Vgl. ook hiervoor:- i) The South African Financial Record, 25 September 1897 - vir vorige pogings om in die arbeidstekort te voorsien uit die Ooskus;
ii) The Weekly Press, 30 Oktober 1897 - vir B.J. Vorster Jr. se aanbevelings rakende hierdie probleem;
iii) Etheredge, D.A., a.w., bl. 78 - gedurende die periode Januarie - September 1896 het die Kamer van Mynwese 10,000 naturelle vir werk in die myne teen 6/4 (63c) per naturel gewerf.
- 101) The Standard and Diggers News, 27 November 1897.
Vgl. ook:- i) U.R., art. 954a, 19 November 1897 - vir die goedkeuring van die regulasies.
ii) E.V.R., art. 153, 12 Mei 1898 - vir die Volksraad se goedkeuring.
- 102) Staatscourant, 8 Desember 1897 - vir die regulasies;
Vgl. ook: Staatscourant, 30 Maart 1898.

of groepe maatskappye aangestel is om natuurlike uit die Ooskus gebiede te bekom, eers 'n bewys van toestemming om natuurlike vir een of meer myne te werf, van die Superintendent van Natuurlike moes ontvang. Elke agent moes £100 (R200) per jaar as lisensiegeld aan die Portugese regering betaal en 'n verdere deposito van £100 (R200) as sekuriteit. Elke natuurel moes dan wees op sy beurt die volgende betaal, naamlik:-

- 7/6 (75c) aan Portugese belasting by die grens tussen die twee lande. (Hierdie bedrag was eers 27/6 (R2.75)).
- 1/- (10c) reispas by die grens.
- 2/6 (25c) aan die Portugese kurator te Johannesburg.
- 1/- (10c) kamponggeld te Johannesburg.
- 10/- (R1.00) by die natuurel se terugkeer na sy eie gebied.
- 10/- (R1.00) as hy, na verstryking van sy kontraktydperk, by 'n ander myn wil gaan werk.

Die maatskappy moes al hierdie geld, behalwe laasgenoemde bedrag, vooruit betaal. Onder hierdie nuwe regulasies was die kanse van terugbetaling dan ook heelwat beter.

Verder sou die Koninklike Kommissaris van die Portugese besittings 'n amptenaar benoem wat in die S.A.R. woonagtig sou wees. So 'n amptenaar sou dan vir die Portugese natuurlike verantwoordelik wees en hy sou reispasse voorsien en nog ander pligte vervul. So 'n reispas sou in die S.A.R. met 'n distrikspas vervang word, wat uitgereik is deur die pasuitdeler en indien 'n natuurel dan na afloop van sy diens tydperk, na Mosambiek wou teruggaan, moes hy eers 10/- (R1.00) aan die Portugese kurator betaal, waarna hy weer die reispas sou ontvang. Werkgewers moes verder ook elke maand 'n verslag indien waarin onder andere die getal natuurlike-arbeiders afkomstig uit die Provinsie Mosambiek, aangedui sou wees.

Teoreties gesproke was die reëling ten opsigte van natuurlike-arbeiders uit die Portugese gebiede suiwer geformuleer, veral met betrekking tot die goeie toesig wat daar oor natuurlike gehou sou word. Maar ofskoon daar heelwat natuurlike ingevoer is, het die arbeidsprobleem nog ernstige afmetings aangeneem en het die regulasies eers op 1 April 1898 in werking getree.¹⁰³⁾ Dit blyk baie duidelik dat die Ooskus-natuurlike die beste mynwerkers uitgemaak het, die langste tydperk op die myne gewerk het en hulle gelyke sonder weerga was.¹⁰⁴⁾

'n Ander faktor wat die arbeidsprobleem verder bemoeilik het, was die feit dat die meeste natuurlike slegs vir kort tydperke by die myne gewerk het en daar gevolglik nie 'n reëlmattige arbeidstoevoer na die myne kon plaasvind nie. "Mining is an occupation which is foreign to the native. It takes him some time to learn his job, he has to pass through a probationary period; and in regard to natives on short contract it is frequently the case that they have only just become proficient when their time is up and they depart for their homes."¹⁰⁵⁾ Nog 'n rede wat hier aangevoer kan word, is die feit dat die natuurlike ondergrondse arbeid as 'n onheil beskou het

112/

103) Z.A.R. Groenboek, no. 113, hoofstuk xv, bl. 9 - rapport van die Hoof van Mynwese oor die jaar 1897.

104) Bleloch, W., a.w., bl. 228. Raadpleeg ook hiervoor: i) Curle, J.H., a.w., bl. 19 - vir 'n oorsig waar al die natuurlikewerkers (stamme) vandaan gekom het, en hoe hulle werksvermoë op die myne met mekaar s'n vergelyk het.

ii) The Star, 29 Desember 1897.

iii) Ten tye van die sensusopname wat in Johannesburg geneem is op 15 Julie 1896, blyk dit dat 14,085 van die 44,396 natuurlike uit Portugese gebiede afkomstig was en dat slegs 754 uit Transvaal gekom het. (A 56 - rapport van die direkteur van sensus, A.H. Bleksley). Vgl. ook hiervoor: The Star, 22 Oktober 1896.

105) The Transvaal Chamber of Mines., The Gold of the Rand. A Great National Industry (1887-1927), bl. 60.

"waaraan hij zich slechts onder den drang der noodzaak en dan slechts voor zoo kort mogelijken tijd onderwerpt."¹⁰⁶⁾

3. Die Spoorwegkwessie.

Wat die spoorweë aangegaan het, het die kwessie van naasting en die verlaging van vervoertariewe, die belangrikste plek ingeneem in die rapport van die Volksraadskommissie. Dat die tariewe verminder moes word, kon nie meer betwis word nie, want die opbrengste van die N.Z.A.S.M. per lopende myl in vergelyking met dié van die naburige kolonies, was soos volg:-

£4,500 (R9,000) per myl vir die N.Z.A.S.M. en
£1,500 (R3,000) per myl vir die ander spoorweë.¹⁰⁷⁾

Volgens Loveday, sou daar jaarliks £207,000 (R414,000), synde die rente op die geleende kapitaal van ongeveer £6,000,000 (R12,000,000) deur die regering gespaar kon word, indien die spoorweë genasionaliseer sou kon word.¹⁰⁸⁾ Ons het egter alreeds gesien waarom President Kruger nie begerig was om die spoorweë te onteien nie; dog eers sy kans daarvoor wou afwag.

Middelberg het egter in verband met die tariefvermindering van £200,000 (R400,000) in 'n brief daarop gewys dat indien die Volksraad die voorstelle van die Kommissie nie sou aanneem nie, "of meent tot

113/

106) Z.A.R. Groenboek, no. 113, bl. 17 - Jaarverslag van die Staats Myningenieur vir die jaar 1897.

107) E.V.R., art. 1676, 8 November 1897. Vgl. ook:
i) Artt. 1675 en 1676 vir die hoë spoorwegtariewe;
ii) Om 'n algehele oorsig oor die finansiële toestand van die N.Z.A.S.M. te verkry oor die jaar 1896, raadpleeg die verslag van die Regerings Kommissaris van Spoorweë, E.V.R., art. 1510, 13 Oktober 1897.

108) Ibid., Vgl. ook hiervoor: Britse Imperiale Witboek, no. 568, bl. 30 en 31 vir Edmund Frazer se skema vir die onteiening van die N.Z.A.S.M. in sy rapport oor die finansiële toestand van die S.A.R. vir die jaar 1897 soos opgestel gedurende Mei

naasting van den Spoorweg nu of bij latere gelegenheid te moeten besluiten, de Spoorwegmaatschappij aan de hier gedane toezegging niet gebonden is en weder treedt in de volle rechten haar door de concessie verleend."¹⁰⁹⁾

Die tariewe van die N.Z.A.S.M. was sonder twyfel te hoog. Hierdie toedrag van sake het die nywerheid en veral die mynindustrie gestrem. Indien hierdie tariewe verlaag sou kon word, sou die nywerhede, industrieë en die bevolking gevolglik baie baat hierby kon vind. Die uitgawes sou dan nie meer die inkomste oorskry nie en die spoorweë sou tot tien maal soveel goedere kon vervoer. Die welvaart van die land was dus op die spel.

Die Volksraad het die verlaging van tariewe goedgekeur en ook ten spyte van Middelberg se waarskuwing, besluit om aan die regering op te dra "eens beraming van de kosten van naasting en alle zaken hiermede in verband, ingesloten waarscijnlijke leeningen voor naasting der N.Z.A. Spoorwegen" aan die Volksraad voor te lê ten einde daarna 'n definitiewe besluit oor die hele saak te kan neem.¹¹⁰⁾

Die Volksraad het die aanlê van sylyne tussen Boksburg en Krugersdorp goedgekeur op voorwaarde dat die aanlê hiervan geheel en al op die risiko van die applikante sou geskied.¹¹¹⁾

iii) Die Algemene Houding ten opsigte van die Volksraadskommissie se Rapport.

Die aanbevelings van die rapport het min goed-

114/

109) Ibid.

110) E.V.R., art. 1683, 10 November 1897. Vgl. ook hiervoor: i) Z.A.R. Groenboek, no. 151, Jaarverslag van die Regerings Kommissaris vir Spoorweë oor die jaar 1897, bl. 3

ii) Van Winter, P.J., a.w., deel II, bl. 306 en 307.

111) E.V.R., art. 1702, 11 November 1897.

keuring weggedra en die ontevredenheid siegs laat opvlam. "Het was een poging om uit de moeilijkheden te geraken, waardoor feitelijk niemand werd bevredigd."¹¹²⁾ Orals is die rapport met teleurstelling ontvang. Durban, Pietermaritzburg, Kimberley, Klerksdorp, Barberton, Nigel asook in Europa blykens koerante soos die "Morning Post" te Parys en die "Financial News", "Financial Times", "The Statist", en "The Saturday Review" te Londen. Maar "De Rhodesische bladen sijn dronken van genoeg en over de magere voorsieningen van het rapport der Sub-Commissie. Zy gevoelen dat de houding van de Sub-Commissie de richting der publieke opinie heeft gekeerd, die zal uitdraaien tot voordeel van Rhodesia, en de Bulawayo 'boom' zal verhoogen."¹¹³⁾

115/

112) Van Winter, P.J., a.w., deel II, bl. 305.

Raadpleeg hiervoor ook die volgende:-

- i) Kieser, A., a.w., bl. 25.
 - ii) C 9345, bl. 187.
 - iii) Worsfold, W.B., Lord Milner's Work in South Africa, bl. 101.
 - iv) De Pers, 20 Oktober 1897 - "Uitgestelde hoop maakt het harte ziek."
 - v) De Boerenvriend, 30 Oktober 1897.
 - vi) The Star, 19 November 1897. Die weiering van die regering om die Industriële Kommissie se rapport te aanvaar en die daaropvolgende gebeure, het behalwe skerp en hewiger ontevredenheid, ook meegebring dat die Kamer van Mynwese en die "Association of Mines" versoer geraak het.
 - vii) The Johannesburg Times, 19 Oktober 1897 "All hopes have been dashed to the ground."
 - viii) The Standard and Diggers News, 19 en 23 Oktober 1897.
 - ix) The South African Financial Record, 23 Oktober 1897 - "We can but express the liveliest dissatisfaction."
 - x) The Weekly Press, 23 Oktober 1897 - "We cannot but confess to a feeling of extreme disappointment at the result of the labours of the Sub-Commission."
 - xi) C 9317 - brief van Chamberlain aan die Britse Hoë Kommissaris, W.F. Butler, op 13 Januarie 1899, bl. 3 - 7; asook C 9345, bl. 35.
 - xii) Crisp, R., a.w., bl. 384.
- 113) Die Pers, 27 Oktober 1897.

"De Volksstem" het egter sy goedkeuring aan die aanbevelings verleen en terselfdertyd die verwarde finansiële toestand in die S.A.R. grootliks toegeskryf aan die Industriële Kommissie.¹¹⁴⁾ Schalk Burger het hom gevolglik sterk teen die koerant uitgelaat oor hierdie berig en die Industriële Kommissie van alle blaam onthef.¹¹⁵⁾ Gedurende hierdie periode het al hoe meer myne gesluit en het die depressie steeds erger geword.¹¹⁶⁾

C. Die Presidentsverkiesing.

Intussen het Milner stilweg sy gang gegaan, want hy wou nie oorhaastig optree om sy groot ideaal te bereik nie.¹¹⁷⁾ Hy was gedurende die eerste ruk van sy verblyf in Suid-Afrika redelik passief en het deur die land gereis, Hollandse koerante leer lees en die agitasies van die ontevredenes aan die Rand nie ernstig opgeneem nie.¹¹⁸⁾

Met die Volksraadskommissie se rapport agter die rug, het hy sy laaste groot kans afgewag om te kyk of sake nie 'n ander wending sou neem nie. Hy het naamlik die Presidentsverkiesing van 10 Februarie 1898 in die oog gehad en het die hoop gekoester dat President Kruger nie die paal sou haal nie. Alle hoop is op Schalk Burger en Piet Joubert gevestig wat as kandidate teen Kruger gestaan het. Schalk Burger se kanse is

116/

114) De Volksstem, 5 April 1898.

115) Burger Versameling (aangedui A 412). Onder uitgaande briewe amptelik; 'n persoonlike brief aan Dr. Engelenburg, redakteur van "De Volksstem", op 6 April 1898. (Hierdie brief het nie in die openbaar verskyn nie en volgens Burger se versoek, moes dit na lesing, verskeur word.)

116) Marais, J.S., a.w., bl. 193.

117) The Cambridge History of The British Empire, vol. VIII, bl. 580.

118) Walker, E.A., A History of Southern Africa, bl. 472.

allerweë as gunstig beskou, en hy het veral steun van die progressiewe groep ontvang.¹¹⁹⁾ Ofskoon stemwerwing deur die wet verbied was, het die myn-magnate gepoog om soveel moontlik stemme vir Burger te verseker en een skrywer beweer dat dit hulle £50,000 (R100,000) gekos het om hierdie doel te bereik.¹²⁰⁾

Die uitslag van die verkiesing wat 'n groot meerderheid vir Paul Kruger meegebring het, was vir Milner teleurstellende nuus. Tereg beweer 'n skrywer: "Fallen were both props of Milner's expectations."¹²¹⁾ Hy het toe besef dat die enigste manier om die politieke toestand in Suid-Afrika op te los, hervorming in die S.A.R. of oorlog, sou wees.¹²²⁾

Ofskoon so baie in opstand teen die regering gekom het vanweë sy konsessiebeleid, die goedkeuring van die Volksraadskommissie se rapport en ander faktore, het die volk nogtans hulself aan die President se sy geskaar. Sy twee teenstanders, Burger en Joubert, het beide naasting van die spoorweë voorgestaan. "President Kruger verdedigde echter met kracht het voortbestaan der Nederlansche Maatschappij, van wie hij zich steeds een trouw vriend heeft betoond en het volk, dat hem met verpletterende meerderheid herkoos, toonde daarmede tevens, dat het vertrouwen bleef stellen in de spoorwegpolitiek door President Kruger voorgestaan."¹²³⁾

117/

-
- 119) The Johannesburg Times, 30 November 1897. Vgl. ook:
i) The Weekly Press, 20 November en 4 Desember 1897.
ii) Wilde, R.H., a.w., bl. 64 - ook Milner het al sy vertroue op Burger gestel.
- 120) Crisp, R., a.w., bl. 389.
- 121) Garvin, J.L., The Life of Joseph Chamberlain, vol. III, 1895-1900, bl. 359. Die uitslag van die verkiesing was soos volg:-
Kruger 12,858 Burger 3,750 Joubert 2,001
Totaal: 18,609
Mouton, J.A., a.w., bl. 174, voetnota 32 - gee die uitslag soos volg:-
Kruger 12,864 Burger 3,814 Joubert 2,009
Totaal: 18,687
- 122) Le May, G.H.L., a.w., bl. 12. Raadpleeg ook: Krüger, D.W., a.w., deel II, bl. 223.
- 123) In Mouton's a.w. bl. 58. Vgl. ook: Botha, D.D., a.w., bl. 10.

Die spoorwegkonsessie het heelwat geldelike voordele vir die S.A.R. se regering ingehou want hulle het volgens die konsessie groot bedrae uit die 85% oorwins ontvang. Hierdie feit het die bewering dat die konsessie die regering jaarliks van groot somme geld beroof, die nek ingeslaan. Die regering het naamlik uit die 85% oorwins, gunstige bedrae ontvang, te wete:-

1895	£322,327	- 13 - 4	(R644,655-33)
1896	£737,366	- 0 - 2	(R1,474,732-02)
1897	£676,305	- 7 - 5	(R1,352,610-74)
1898	£574,880	- 10 - 7	(R1,149,761-06)
1899	£651,712	- 12 - 1	(R1,303,425-21) ¹²⁴⁾

Paul Kruger het goed genoeg besef dat die tyd vir naasting of nasionalisering van die spoorweë nie op hierdie tydstip geleë was nie en hierin het hy fyn diplomaties te werk gegaan.¹²⁵⁾ In 'n brief van Middellberg gedateer 19 Junie 1897, het hy die gevare van naasting van die N.Z.A.S.M. aangetoon. Hy het veral op die traktaat tussen die Portugese regering en dié van die S.A.R. van 17 Mei 1884 gewys asook die Konvensie of ooreenkoms van 4 September 1889 tussen hierdie twee regerings. Indien die spoorweë genasionaliseer sou word en die konsessie gevolglik sou verval, sou die Portugese regering heelwat voorregte ten koste van die S.A.R. ontvang. Hy het sy bewering veral op artikel 20 van bogenoemde Konvensie, gegrond. "Vervalt deze Conventie dan heeft de Portugeesche Regeering het recht den Spoorweg zonder eenige beperking ten opzichte der tarieven te beheeren of te verkoopen."¹²⁶⁾ Kuit beweert

118/

124) In Memoriam, bl. 68.

125) Raadpleeg hiervoor: i) Britse Imperiale Witboek, no. 543, brief no. 29 - Greene aan Milner op 25 Oktober 1897, bl. 30.

ii) The Transvaal Advertiser, 19 Oktober 1897.

iii) Botha, P.R., a.w., bl. 162.

126) Political Secretary (Aangedui P.32) nr. 85, bl. 4. Vgl. ook: Z.A.R. Groenboek, no. 156 - vir hierdie Konvensie.

onder andere dat die politieke loopbaan van President Kruger deur verskeie belangrike eienskappe beïnvloed is, en een van hierdie kenmerke was "sy diplomatieke insiklikheid met heersende omstandighede."¹²⁷⁾

Die verlaging van die tariewe wat op 1 Januarie 1898 in werking getree het, het een van die belangrikste griewe verwyder, met die gevolg dat die beweging tot onteiening van die spoorweë gedurende 1898 tot 'n stilstand gekom het.¹²⁸⁾

Ter geleentheid van die inswering van die Staatspresident op 12 Mei 1898, het Paul Kruger verklaar: "Van de zijde der Regeering wordt gedaan wat zij kan om de goudvelden te steunen en de bewijzen daarvoor zijn, ten eerste, de vermindering van het spoorweg-tarief met £200,000 (R400,000), ten tweede de vermindering der invoerrechten met £700,000 (R1,400,000) op eetwaren en ander zaken die direct in de mijnen benodigd zijn; ten derde de regeling die opgetrokken is om inboorlingen van Mozambique in te voeren als werklieden, ten einde de mijnen te ondersteunen en ten vierde de prijsvermindering van dynamiet." Hy het hom verder oor bereid verklaar om die prys van dynamiet, indien enigsins moontlik, nog verder te verlaag.¹²⁹⁾

Die Dinamietkwessie het egter bly voortbestaan, en saam met die beskuldiging van omkoperij van sekere sleutelfigure in die S.A.R., sou hierdie probleem eers in die tweede helfte van die jaar 1899 in die reine gebring word toe oorlog alreeds onvermydelik skyn te gewees het.

119/

127) Kuit, A., Transvaalse Verskeidenheid, bl. 132.

128) Coetzee, D.J., a.w., bl. 125.

129) E.V.R., art. 153, 12 Mei 1898. Vgl. ook hiervoor: Du Plessis, J.S., President Kruger aan die Woord, bl. 35 en 36.

Die gevolge van die Industriële Kommissie het dus 'n wye loop gehad en 'n groot veld betrek, en dit dien vervolgens daarop gelet te word, in hoe verre sy politieke betekenis invloed uitgeoefen het op die oorlog van 1899-1902.

HOOFSTUK 5.

DIE RESULTAAT VAN DIE INDUSTRIËLE KOMMISSIE VAN
ONDERSOEK VAN 1897.

A. Inleiding.

Alvorens ons op die gevolge van die Industriële Kommissie van Onderzoek let, en die daarmee gepaardgaande gebeurtenisse wat hulle hoogtepunt in Oktober 1899 bereik het, sal dit nie onvanpas wees nie om by wyse van opsomming van wat in voorgaande hoofstukke beskryf is, die breë riglyne te skets waarteen die Industriële Kommissie beweeg het.

Die ontdekking van goud en ander edel metale het tot gevolg gehad dat duisende fortuinsoekers Suid-Afrika binnegestroom het. Die sug na geld en rykdom het die alles oorheersende plek by hierdie deel van die bevolking ingeneem.

Hierdie materialiste het nie alleen ekonomiese en maatskaplike probleme ontketen nie, maar ook ernstige politieke moeilikheid. Agter al hulle daade was die politieke dryfveer die veerkragtigste en die sterkste. President Kruger het dit egter raakgesien.

Die uiteindelijke stryd het gegaan oor die strewe na onafhanklikheid en selfbehoud aan die een kant, en die sug na imperialisme en opperheerskappy aan die ander kant.

Die ontevredenheid en die griewe van die Uitlanders het gedurig hoogty gevier en selfs by sommige geleenthede hande uitgeruk. Protesvergaderings en petisies was aan die orde van die dag terwyl beskuldigings en beswadderings teen die hoofde van Paul Kruger en sy regering geslinger is.

Deur middel van versoening en samewerking het President Kruger gepoog om hierdie dreigende gevaar af te weer, maar terselfdertyd het hy ook besef dat daar op baie terreine ferm opgetree moes word. Sy konsessiebeleid en sy houding teenoor die Uitlanderstemreg-agitasie, het gevolglik ook 'n besliste en standvastige optrede geopenbaar. Hierdie houding van die S.A.R. en sy regering was noodsaaklik, want op hierdie wyse is oor die onafhanklikheid van die land gewaak.

Met die benoeming van die Industriële Kommissie van Onderzoek het President Kruger bereidwilligheid getoon tot samewerking en eenheid. Daar bestaan egter genoegsame redes om aan te neem dat hierdie Kommissie hom op 'n eensydige en verdraaide getuienis beroep het, wat ook gevolglik sy stempel op die rapport afgedruk het. Kruger en sy regering was nie met hierdie toedrag van sake gediend nie - en dit natuurlik tot groot verwarring en ontevredenheid van die Uitlanders. Die President het die dreigende gevaar wat die Industriële Kommissie se rapport ingehou het, raakgesien en besef dat die goedkeuring daarvan 'sy land se onafhanklikheid kon raak.¹⁾ Die Kommissielede het dit egter nie so ingesien nie.

Gedurende hierdie gebeure het Sir Alfred Milner sy verskyning in Suid-Afrika gemaak en hy sou as mondstuk van die Britse imperialisme poog om die Suid-Afrikaanse Republiek sy vryheid te ontnem en om terselfdertyd daardeur die mag van die Afrikanerdom te breek.

Die regering van die S.A.R. het gevolglik besluit dat 'n Volksraadskommissie 'n grondige ondersoek na die bevindings van die Industriële Kommissie moes instel.

122/

1) Vgl. President Kruger se toespraak te Heidelberg op 24 November 1897:
The Standard and Diggers News, 27 November 1897.

en daaroor verslag doen. Hierdie rapport en die aanname daarvan, behoudens 'n paar uitsonderinge, het die politieke toestand in Suid-Afrika net laat versleg. Daar dien egter nog op 'n paar gebeurtenisse wat voor die oorlog plaasgevind het, gewys te word.

B. Die kwessie van Omkoperij.

Ofskoon Kruger die stryd, soos later aangetoon sal word, om die bestaan van die dinamietmonopolie gewen het en sodoende die militêre posisie van die Suid-Afrikaanse Republiek versterk het, was die finansiële verliese vir die Staat groot en kon min mense Kruger se optrede verstaan. Die Uitlanders het gevolglik begin praat van omkoperij en korrupsie. President Kruger het egter voet by stuk gehou want hy wou voorkom dat die maatskappy in Britse hande val. Hy was ingestel op 'n moontlike oorlog en wou sy volk so sterk moontlik laat staan as dit sou uitbreek.²⁾

Heelwat bewerings van omkoperij en knoeiery in die finansiële sake van die S.A.R. deur die Uitlanders het die ontevredenheid in hulle geledere verder laat toeneem. Veral J.M.A. Wolmarans moes kwaai deurloop. "There is no less than 10s (R1.00) per case of dynamite given away as perquisites. It is incredible that such a system can be upheld. Messrs. Lewis and Marks pocket about £12,000 (R24,000) per annum while a member of the Executive Council receives no less than £24,000 to £30,000 (R48,000 tot R60,000) per year from the same source."³⁾

As gevolg van hierdie berig is die redakteur . . .

123/

2) Tönsing, E.H., a.w., bl. 32.

Vgl. ook: Lezard, A., a.w., bl. 111.

3) The Johannesburg Times, 11 Oktober 1897. Vgl. hiervoor: P.S.Y., Nr. 83, bl. 69 - brief van J.M.A. Wolmarans aan Vorstman gedateer 28 Januarie 1899 - "You know that I have heavy expenses and that every penny is very useful."

van "The Johannesburg Times", J.B. Robinson, volgens artikel 6 van die Perswet, Nr. 26 van 1896, gearresteer, ofskoon die berig deur Francis Dermot MacDermott geskrywe is.⁴⁾

Saam met Wolmarans, is Frikkie Eloff, 'n skoonseun van President Kruger, ook van alle kante beskuldig.⁵⁾ President Kruger het ontken dat enige omkoperij plaasgevind het en gesê dat so 'n persoon van die Uitvoerende Raad dadelik ontslaan sou gewees het, indien so iets wel plaasgevind het. Die feit dat J.M.A. Wolmarans 'n bedrag ontvang het, was omrede hy tot een van die direkteure van die dinamiet maatskappy aangestel is.⁶⁾

Ons het alreeds gesien dat daar wel wanadministrasie in die Transvaalse sake plaasgevind het, en derhalwe wys ons ook op die bevindinge waartoe die "Transvaal Concessions Commission" na 'n grondige ondersoek, geraak het. Hierdie kommissie wat deur die Britse regering aangestel is, het sy rapport op 19 April 1901 uitgebring.⁷⁾

Die kommissie het onder andere beweer dat sekere lede van die Volksraad en die Uitvoerende Raad omkoop is deur die dinamiet maatskappy tot laasgenoemde.

124/

-
- 4) Volgens Britse Agent, band Nr. 18 - brief H.C.43/98 Vgl. ook: The Press, 27 Januarie 1898 - vir verklarings deur lede van die Uitvoerende Raad, waar hulle hierdie bewerings ontken het.
- 5) Van der Walt, N., a.w., bl. 48.
- 6) The Standard and Diggers News, 25 Desember 1897 - President Kruger tydens 'n toespraak te Krugersdorp op 24 Desember 1897. Vgl. ook hiervoor: The Standard and Diggers News, 27 Desember 1895 - waar Charles Leonard o.a. in sy manifest van die Nasionale Unie die volgende verklaar het: "Mr. Wolmarans, a member of the Government, has been for years challenged to deny that he is enjoying a royalty of 2s. (20c) on every case of dynamite sold, and that he has up to the present moment neglected to take up the challenge." Vgl. ook: Van Oordt, J.F., a.w., bl. 640.
- 7) Cd 623, bl. 137 - lede van die kommissie was: Alfred Lyttelton (Voorsitter), A.M. Ashmore, R. Kelsey Loveday. Bernard Holland het as sekretaris opgetree. Die volledige rapport kan gevind word in Cd 623,

se voordeel. "Among the papers found in the office of the Company at Pretoria are copies of certain Minutes of the proceedings of the European Council of Advice, which was in fact the governing power of the Company".⁸⁾ Hiervolgens is die volgende bedrae deur die maatskappy gebruik. "It appears, therefore, to be certain that in 1897 £9,100 (R18,200), in 1898 £10,000 (R20,000), and in 1899 £20,000 (R40,000) were placed at the disposal of the Chairman and Dr. Aufschlager for disbursements in the interest of the Company." ⁹⁾

Na aanleiding van die Volksraadskommissee se benoeming, het Max Philipp, direkteur van die dinamiet maatskappy, uit Hamburg, Duitsland, geskrywe: "as far as I am concerned the matter is finished, and, I repeat, we have carried out our contract, and no one can touch us. Dr. Leyds shares this opinion, and so does the President. It is true that if the majority of the Volksraad votes against us we must go to law. But I have already told in my earlier letters to beware of surprises. Money is at your disposal, and it is better to sacrifice some money even though we feel we are in the right, than afterwards to fight against a Volksraad resolution, which fight will cost us more than a few thousand pounds which may perhaps cost to avert this Resolution and charged to special charges account, or that the Chairman's expenditure of these sums was ratified."¹⁰⁾

125/

8) Cd 623, bl. 90.

9) Ibid., bl. 91.

10) Cd 623, bl. 89 - brief aan Alberto Philipp op 2 September 1897. Vgl. ook hiervoor Lovell, R.L., The Struggle for South Africa, 1875-1899, bl. 293 - "It was only when the law of diminishing returns made bribery unprofitable that Phillips (sic) and his capitalistic colleagues turned to conspiracy."

Verder het die "Transvaal Concessions Commission" opgemerk dat Vorstman, nadat die Volksraad op 4 November 1897 besluit het om die dinamietkwessie in die hande van die Staatsprokureur en ander regsgeleerdes te plaas, die volgende dag in sy hoedanigheid as 'n direkteur van die Nederlandse Bank te Pretoria 'n bedrag van "£600 (R1,200) in notes and £4,700 (R9,400) in notes and gold" getrek het en "that amount being covered by an acceptance of Mr. M. Philipp, which came forward on the 8th November, and which Mr. Vorstman anticipated."¹¹⁾

Vorstman het luidens getuienis, erken dat hierdie som geld getrek is uit 'n "Special Charges Account, which was in fact a Secret Service Fund, the disposal of which had been left by the Board to the Chairman and Dr. Aufschlager, and that he had employed by means of it to influence public opinion, but on his stating that he never gave instructions that the members of the Raad should be paid, he was asked the following question by the Chairman."¹²⁾ Hy het egter nie op die vraag of hy hierdie bedrag in geld, note en goud aan 'n persoon oorhandig het om die algemene publieke opinie te beïnvloed, geantwoord nie.

In 1898 is £10,000 (R20,000) op presies dieselfde wyse deur Vorstman gebruik. "In the period rendered critical for the monopoly by the adverse opinion of the majority of the lawyers consulted by the Raad in consequence of the Report of the Industrial Commission, cash in notes and gold to the amount of £10,000 (R20,000) was at various dates in 1898 drawn out of the bank by Mr. Vorstman, handed over to an agent whose name he refused to disclose, and carte blanche given to him to expend it in the Company's interests."¹³⁾

126/

11) Ibid., bl. 91.

12) Ibid.

13) Ibid., bl. 92.

Teen die einde van Augustus 1899 was die bestaan van die monopolie in groter gevaar as ooit tevore en het oorlog onvermydelik geblyk. Tydens die bespreking van die dinamietkwessie is 'n voorstel ter verlenging van die dinamietkonsessie op 16 Augustus 1899 aan die regering voorgelê. "Evidently it was time that the agents of the Company should strike the decisive blow for which they had instructions and means. At this conjuncture Mr. Vorstman received from Europe the sum of £20,000 (R40,000). It came from the Nord Deutsche Bank of Hamburg through the Amsterdam office of the Transvaal National Bank to Pretoria on the 26th August, 1899."¹⁴⁾ Op 27 Augustus 1899 het die Volksraad die rapport met 'n meerderheid van agtien teenoor nege stemme aangeneem.

Uit gegewens van die Nederlandse Bank te Pretoria rakende die rekening van L.G. Vorstman op 8 Oktober 1900, blyk dit dat Vorstman tussen die tydperke 2 Februarie en 4 Augustus 1899 gekrediteer is met 'n som ten bedrae van £3,050 (R6,100). Tussen 20 Maart en 4 Augustus 1899 het Vorstman £1,205 (R2,410) in note en goud van hierdie bedrag getrek. Op 26 Augustus 1899, is 'n bedrag van £18,267 (R36,534) en 'n verdere £1,732-10-0 (R3,465) in note en goud aan Vorstman betaal. Hy het verder nie ontken nie dat hy op 26 Augustus 1899 £3,500 (R7,000) aan 'n sekere Breytenbach, wat goed bevriend was met President Kruger en lede van die Volksraad geskenk het asook 'n verdere som geld ter waarde van £1,990 (R3,980).¹⁵⁾

127/

14) Ibid.

15) Ibid., bl. 93. Vgl. ook hiervoor:

i) P.SY., nr. 83, bl. 16 - brief aan Luitenant Kolonel F. Maxse, Kommissaris van Polisie en Vrederegter, gedateer 9 Augustus 1900 en

ii) P.SY., nr. 83, bl. 149, 153, 156 en 160 - vir verdere bewerings van omkoperij.

Volgens die getuienis van die here Bertram en W.A.C. Emmett het Breytenbach hierdie geld aangewend om sekere sleutelfigure om te koop, onder andere die Volksraadslede, Stoop, Barend Vorster en Louis Botha.¹⁶⁾

Die Kommissie het hom ten slotte soos volg oor hierdie aangeleentheid uitgelaat: "The evidence satisfied us that Dr. Leyds received from certain Directors of the Company shares and financial consideration, and that Mr. Wolmarans received money, intended to influence these two members of the Executive Council in favour of the Company's objects, and that other sums were paid to Mr. Klimke, the expert adviser of the Government and Council, with a similar intention. We also are satisfied that money to the amount at least of £39,100 (R78,200) was placed by the authority of the European Council at the free disposal of Mr. Max Phillip and Dr. Aufschlager, in the years 1897, 1898, 1899 for the use in the interests of the Company and was transmitted to Pretoria by those gentlemen for purpose of corrupt expenditure, and that it was there used in bribery of members of the Raad."¹⁷⁾ Die Kommissie het dus vir Leyds, Wolmarans sowel as Klimke beskuldig van omkoperij.¹⁸⁾

128/

-
- 16) Vir Bertram, die bankbestuurder te Vryheid (waar Breytenbach se geld gedeponeer was) se getuienis, raadpleeg: Cd. 624, bl. 133 (A2691 tot A2711). Vir Emmett, die voorsitter van die Raad van Trusteese te Vryheid, se getuienis, raadpleeg Cd. 624, bl. 130 (A2652 tot A2675), asook Kuit, A., Transvaalse Terugblikke, bl. 139. Vgl ook die getuienis van Alberto Philipp - Cd 624, bl. 129 (A 2611 tot A 2615).
- 17) Cd. 623, bl. 94. (Nr. 106) Vgl. ook:
i) Etheredge, D.A., a.w., bl. 71;
ii) Coetzee, D.J., a.w., bl. 130 en 131;
iii) Hobson, J.A., a.w., bl. 95.
- 18) Vgl. verder ook hiervoor: i) Cd. 624, bl. 128 (A2590 - A2594);
ii) Cd. 625, bl. 161 tot 179;
iii) Van Oordt, J.F., a.w., bl. 778 - vir verdere gevalle van omkoperij.

Dit is verder moeilik denkbaar om Kruger en selfs Leyds onder die vergrootglas te plaas in verband met allerhande beskuldigings wat hulle in die gesig moes staar. "In course of time there was plenty of corruption among Transvaal politicians and government officials, but Kruger was free from stain."¹⁹⁾

Ook Leyds is van enige blaam met betrekking tot omkoperij onthef.²⁰⁾ "Al moeg er in de Z.A.R. van omkoopings gesproken zijn, en al heeft de publieke opinie leden der hoogste regeering, zelfs leden van het Hooggerechtshof en den Volksraad aangewezen, - de laster heeft den Staatssecretaris altijd verschoont. Leijds heeft boven alle verdenking gestaan en zich steeds in de reputatie van onkrenkbare eerlijkheid verheugd. Zelfs zijn steunzoeken aan Duitsche zijde tegen Engelsche heerschzucht en aanmatiging is door zijn Engelschen vijanden niet aan onedele motieven kunnen worden toegeschreven. Geen winstbejag maar diplomatieke berekening hadden hem hiertoe geleid; dat wist en begreep men."²¹⁾ En aan die kant van sy opponente "Many hard things have been said of him; but those of his political opponents who know him best acquit him of any tainted motives."²²⁾

129/

-
- 19) Nathan, M., a.w., bl. 188. Vgl. ook:
i) Millin, S.M., General Smuts, bl. 71.
ii) MacDonald, W., The Romance of the Golden Rand, bl. 254 - President Kruger het daar goed ingesit; 'n goeie salaris ontvang en ook heelwat plase besit, wat 'n genoegsame rede was waarom hy hom nie tot omkoperij geleen het nie.
iii) Staatsalmanak van die Zuid-Afrikaansche Republiek vir 1897, bl. 39 - die salarisse van Kruger, Leyds en Wolmarans was ver bo die gemiddelde.
iv) Van der Walt, Wiid en Geyer, a.w., deel I, bl. 533.
- 20) Rompel, F., a.w., bl. 63. Vgl. ook hiervoor: E.V.R., art. 221, 20 Mei 1898.
- 21) P. 189 - "De Hollandsche Revue" bl. 459.
- 22) Jeppe, C., The Kaleidoscopic Transvaal, bl. 180.

Dat omkoperij en korrupsie onder ondergeskikte amptenare plaasgevind het, kan seker nie betwyfel word nie. Die persone wat egter die geld verskaf het, was volgens 'n skrywer net so skuldig aan omkoperij en moes ook eintlik gestraf gewees het.²³⁾

Manfred Nathan het ook erken dat sekere persone omgekoop is, " but much must be forgiven them. They were not merely ignorant, but their salaries amounted, in each case, to a bare pittance."²⁴⁾ Sommige het selfs die oorsake van die korrupsie en wanadministrasie by die konsessiebeleid probeer vind.²⁵⁾

C. Die verdere verloop van die Dinamietkwessie.

Nadat die Volksraad besluit het om die dinamiet-saak na die Staatsprokureur te verwys om in medewerking met ander regsgeleerdes hierdie kwessie finaal op te los, het hy volgens opdrag 'n bekwame prokureur aangestel, in die persoon van J.H.L. Findlay.

Soos alreeds gesien, sou advokate F.W. Reitz en John F. Curlewis, die Staatsprokureur Gregorowski van regsadvies bedien rakende die probleem of die dinamiet maatskappy aan al die voorwaardes van die kontrak en regulasies voldoen het en of die regering die konsessie kon kanselleer en of daar 'n ander uitweg was om dinamiet goedkoper te bekom. Verder sou die kwessie van skending van die Londense Konvensie (Artikel XIV) ook te berde gebring word.

130/

23) Webber, H. O'Kelly., a.w., bl. 68.

24) Nathan, M., South Africa From Within, bl. 66.

25) Cartwright, A.P., a.w., bl. 120. Vgl. ook: Mann, A.M., The Truth from Johannesburg. A Vindication of the People, ble. 54,55, en 65.

In verband met hierdie opdrag aan die Staatsprokureur, het die regering na aanleiding van verskillende versoeke besluit om permitte vir die invoer van vuurwerke uit te reik wat nie hier te lande deur die fabriek vervaardig kon word nie. Die regering sou verder ook nie van sy reg op die 20% oorwins afstand doen nie.²⁶⁾

1) Die Regsadviseurs se Opinies.

Alvorens hy enigiemand anders geraadpleeg het en nog voor die Volksraadsbesluit van 4 November 1897, het die Staatsprokureur, R. Gregorowski, wat 'n briljante akademikus en 'n knap regsgeleerde was,²⁷⁾ op 15 Oktober 1897 gesê dat die maatskappy nie aan die voorwaardes van die kontrak voldoen het met betrekking tot die tydperk waarin die fabriek voltooi is nie. Hy het gemeen dat die regulasies bindend gemaak moes word en dat die kontrak hieraan ondergeskik moes wees. Omdat die maatskappy uit die buiteland bestuur is en die balansstate aldaar opgemaak en geouditeer is, was die hoofkantoor te Pretoria vir hom slegs 'n bedekte skyn. Hy het egter nie 'n finale uitspraak oor hierdie hele aangeleentheid gelewer nie.²⁸⁾

Prokureur Findlay het ook na deeglike ondersoek tot die slotsom gekom dat die maatskappy kontrakbreuk gepleeg het en die Regering die kontrak wetlik kon kanselleer.²⁹⁾

Op 24 Januarie 1898 het Gregorowski, Reitz, Dr. Hummel, Findlay, Klimke, Vorstman, Dr. Engelenburg en Krieger (Inspekteur van plofstowwe) die dinamiet-fabriek te Modderfontein besoek. Hulle was almal baie in hulle skik met die toedrag van sake.³⁰⁾

131/

26) B.B. 3321/97 - brief van die Staatssekretaris aan die maatskappy op 30 November 1897.

27) Erasmus, J.L.P., a.w., bl. 64.

28) R10571a/97, deel 9.

29) Vir Findlay se volledige verklaring: Vgl. R10571a/97, deel 8, deel 7 en deel 22; op 22 November 1897, 13 Desember 1897 en 17 Desember 1897 respektiewelik.

In sy verklaring het W.P. Schreiner op 25 Januarie 1898 in Kaapstad gesê: "I am decidedly of opinion that, as the Company had thus failed to comply with the provisions of Regulation 10 within the period therein specified, the contract was ipso facto at and end."³¹⁾

Advokaat Frank William Reitz het op 1 Februarie 1898 in sy verklaring beweer dat die kontrak van 24 Mei 1894 in stryd met die regulasies van September 1893 was en dat die regering met die sluiting van hierdie kontrak buite sy magte gehandel het. Derhalwe is daar nie aan die voorwaardes van die regulasies voldoen nie en het die regering die reg gehad om die kontrak van die maatskappy oor te neem.³²⁾

Volgens opdrag het twee buitengewoon bekwame rekenmeesters van Pretoria te wete Robert Baikie en John Dougall,³³⁾ 'n volledige finansiële verslag van die maatskappy vir plofstowwe opgestel en onder andere tot die gevolgtrekking gekom dat die maatskappy ongeveer £135,000 (R270,000) aan die regering verskuldig was vir die 20% aandeel in die netto winste vanaf die tydperk Junie 1894 tot en met Desember 1896.³⁴⁾

In sy opinie van 28 Februarie 1898 het advokaat John F. Curlewis gemeen dat die regulasies sekere voorwaardes bepaal het, waaronder die regering geregtig

132/

31) R10571a/97, deel 7.

32) R10571a/97, deel 9.

33) The Weekly Press, 18 Desember 1897.

34) R10571a/97, deel 10 - vir die volledige rekenmeestersverslag. Vgl. ook vir verdere uittreksels uit die maatskappy se boeke soos die getal kiste dinamiet verkoop; die hoeveelheid Staatsreg aan die regering betaal en verskillende soorte dinamiet verkoop: R10571a/97, deel 21., asook R10571a/97, deel 20 - vir 'n verslag van die Inspeksie Departement oor die dinamiet maatskappy, 15 Oktober 1897, waar die hoofinspekteur, D.P. Joubert o.a. beweer dat die maatskappy die Regering nog £43,271-9-4 (R86,542-93) vir die jaar 1896 uit die oorwins geskuld het.

sou wees om die uitvoering van die monopolie aan ander persone op te dra, asook bepaalde instruksies waarvolgens die regering moes handel en wat terselddertyd as 'n besondere volmag beskou kon word waaronder die regering die bevoegdheid verkry het om met ander persone kontrakte te sluit vir die uitvoering van 'n monopolie. "Eenig zoodanige Contract door de Regeering dus met eenig persoon aangegaan moet worden uitgelegd in ooreenstemming met de bepalingen der Regulatien," en as die kontrak bepalinge van belangrike aard vervat, wat teenstrydig mag wees met die bepaalde uitdruklike instruksies van die Volksraad, dan sou sodanige bepalinge nie bindend kon wees nie.³⁵⁾

Hiervolgens moes daar aan die regulasies voldoen word en met betrekking tot die oprigting van die fabriek binne 'n tydperk van twee en 'n half jaar, was hy van mening dat die verlenging van ses maande deur die Volksraad teenstrydig was met die regulasies en dat die maatskappy daarvan volkome bewus was. "De Volksraad had door de Regulatien den tijd bepaald beperkt tot 2½ jaar uiterlijk, en de Regeering had geene bevoegdheid hiervan af te wijken."³⁶⁾

Die Volksraad het boonop nog kragtens sy besluit van artikel 1711, 14 September 1894 uitdruklik neergelê dat geen verlenging toegestaan sou word nie en opgedra dat daar stiptelik aan die regulasies uitvoering gegee moes word. Die brief van die Staatssekretaris van 14 Julie 1894 waarin die regering reeds 'n verlenging van tyd toegestaan het, is nooit aan die Volksraad voorgelê nie met die gevolg dat die maatskappy geen voordeel daaruit kon trek nie, "... daar zij wel wist dat de verlenging tegenstrijdig was met art. 10 van de Regulatien en alleen kon worden verleend door besluit van den Volksraad."³⁷⁾

133/

35) R10571a/97, deel 9.

36) Ibid.

37) Ibid.

Indien die einddatum van die fabriek vir argumentsonthalwe op 25 Oktober 1896 gestel sou word, blyk dit ook hier duidelik dat die maatskappy nie aan die voorwaardes van die ooreenkoms voldoen het ten aansien van die behoefte en aanvraag van plofstowwe in die land nie; "..... hare fabrieken moeten ten alle tijden in staat zijn een voldoende kwantiteit van ontplofbare stoffen te vervaardigen zoodat de regeering en het publiek daarmee konden worden voorzien."³⁸⁾ Die maatskappy het naamlik op 2 Oktober 1896 verklaar dat hy in staat was om 80,000 kiste per jaar te produseer terwyl die werklike aanvraag destyds 160,000 en 200,000 kiste per jaar beloop het.³⁹⁾

Curlewis het by die regering aanbeveel dat die kontrak met die maatskappy gekanselleer moet word op grond daarvan dat hy nie sy verpligtings nagekom het nie.⁴⁰⁾

Die rapport van die Staatsprokureur is egter nie dadelik openbaar gemaak nie, want Gregorowski is intussen as Hoofregter aangestel en Dr. Jules Annee Schagen van Leeuwen het toe die pos van Staatsprokureur tydelik bekleed. Omdat hy tydelik aangestel is, kon hy nie die verslag opstel nie. Op 2 Junie 1898 is Jan Christian Smuts as Staatsprokureur benoem.

ii) Die Rapport van die Staatsprokureur.

Smuts se benoeming het orals wye belangstelling gelok: "Though he may have all the precociousness of a Pitt, we still consider that twenty-eight is rather too young an age for the State Attorney of the South African Republic."⁴¹⁾

134/

38) Ibid.

39) R10571a/97, deel 7.

40) Ibid.

41) The Star, 2 Junie 1898. (Soos aangehaal uit: Smuts, J.C. Jan Christien Smuts, Londen, 1952, bl. 38. Vgl. ook: Rompel, F., a.w., bl. 168.

Volgens Paul Kruger het Smuts die eienskappe van 'n groot leier besit. "Indien Smuts gespaard blyft, dan zal hij nog eenmaal een groote rol in de geschiedenis van Zuid-Afrika spelen."⁴²⁾ President Kruger het baie van Smuts gedink en goed met hom oor die weg gekom. "Their relations, Smuts used to say, were 'like those of father and son'."⁴³⁾

Die nuwe Staatsprokureur het hom ook verder nie tot enige knoeiery geleen nie. "In the middle of the corruption he remained untouched. Money meant nothing to him."⁴⁴⁾

Binne ses maande na sy aanstelling as Staatsprokureur, het Smuts die hele Speurafdeling onder sy toesig geplaas en die hoofspeurder, Robert Ferguson, op 15 November 1898 as gevolg van die steeds toenemende onwettige drankhandel en goudhandelsale, ontslaan.⁴⁵⁾

Op 20 Oktober 1898 het Smuts sy opinie rakende die monopolie vir plofstowwe opgestel, aangesien Gregorowski nooit sy finale opinie op skrif aan die regering voorgelê het nie. Nadat hy die menings van Curlewis, Reitz en Schreiner grondig bestudeer het, het hy tot die gevolgtrekking tekóm dat hy ten opsigte

135/

42) Rompel, F., Gedenkschriften van Paul Kruger gedikteerd aan H.C. Bredell en Fiet Grobler, bl. 170. Vgl. ook: The Standard and Diggers News, 4 Junie 1898.

43) Hancock, W.K., Smuts. The Sanguine Years, 1870-1919, bl. 69. Vgl. ook: Millin, S.G., a.w., bl. 71. Armstrong, H.C., Grey Steel, J.C. Smuts. A study in Arrogance, bl. 69.

44) Armstrong, H.C., a.w., bl. 74.

45) Levi, N., Jan Smuts, bl. 41. Vgl. ook:

i) The Standard and Diggers News, 16 November 1898 en

ii) E.V.R., art. 354, 13 Junie 1899 - Volksraadsbekragtiging dat die speurpolisie direk onder die departement van die Staatsprokureur geplaas word.

van sekere punte van hulle verskil het. Hy was die mening toegedaan dat die regering van die S.A.R. nie geregtig was om die monopolie te kanselleer nie.⁴⁶⁾

Hy het die geskiedenis en die verloop van die dinamietkonsessie sedert sy ontstaan geskets en veral gewag gemaak van die moeilikhede met Engeland en Frankryk, omdat dit syns insiens invloed op die kontrak uitgeoefen het. Die feit dat klaargemaakte plofstowwe uit Frankryk ingevoer is, het volgens Engeland 'n skending van artikel XIV van die Londense Konvensie meegebring. Met die kansellering van die kontrak deur die regering, het hy ook in diplomatieke verwikkelings met die Franse regering verval. Nadat die konsessie aan Lippert nietig verklaar is, het die regering waarskynlik ter voorkoming van verdere diplomatieke moeilikhede, aan sekere Engelse, Duitse en Franse onderdane die reg gegee om plofstowwe in die Republiek in te voer.

Intussen het die ou Franse maatskappy voortgegaan met dreigemente om skadevergoeding van die regering te eis. Ten opsigte van die kontrak het dit volgens Smuts geblyk dat die ou Franse maatskappy en Vorstman as besturende direkteur, voornemens was om aansoek vir die agentskap te doen ter uitvoering van die Staatsmonopolie, wat later deur die regulasies in die lewe geroep sou word. Dit het verder geblyk dat die regering gewillig was om hierdie agentskap aan die maatskappy toe te staan, " ... en deze gewilligheid was heelwaarschijnlijk te wijten aan den sterken wensch der Regeering om de geschillen, door de cancellatie der eerste concessie met de Fransche Regeering in het leven geroepen, voor goed uit den weg te ruimen."⁴⁷⁾

136/ 000000

46) Smuts-argief (in die Sentrale Argief te Pretoria). Volume XCVI, Nr. 3 - vir die opinie soos deur Smuts opgestel. Dit het eers in 1899 in die Volksraad ter sprake gekom. E.V.R., art. 235, 8 Maart 1899.

47) Ibid.

In plaas van die maatskappy het Vorstman die agentskap ontvang. "De verklaring kan alleen deze zijn dat, hoewel het contract formeel met Vorstman werd aangegaan, de Fransche Maatschappij daardoor feitelijk zou worden schadeloos gesteld en dat de Regeering in deze positie heeft toegestemd of berust."⁴⁸⁾

Die maatskappy was seker dat hy die agentskap sou ontvang, blykens die kontrak van 25 Augustus 1893 tussen die maatskappy en Lippert, waarin laasgenoemde as hoofagent aangestel is om die agentskap onder die toekomstige regulasies uit te voer en as sodanig tussen 7% en 10% van die opbrengs per kis dinamiet sou ontvang. "Het komt mij voor als of deze voorgegeven diensten niets anders zijn dan het terugtrekken van zijn beweerde aanspraak tegen de Regeering voor schadevergoeding," want deur hierdie terugtrekking sou die regering in die posisie gestel word om onbelemmerd met die maatskappy oor die agentskap ooreen te kom. Hy het vermoed dat die regering oorspronklik bewus was van hierdie kontrak, want hy het geweet dat die moeilikheid met Lippert eers uit die weg geruim moes word.

Op 4 November 1893 is 'n aanvulling van hierdie kontrak onderteken, waarvolgens bepaal is dat Lippert 2/- (20c) per kis dinamiet vir drie jaar sou ontvang, £25,000 (R50,000) aan kontant en 25,000 opbetaalde aandele in die nuwe maatskappy wat gevorm sou word om die agentskap uit te voer. Hierdie voorwaardes was blykbaar 'n onafskeidelike deel van die kontrak wat opgestel is op 25 Augustus 1893 en moes, hoewel nie onderteken nie, nogtans toe alreeds aanvaar gewees het. Op 20 Januarie 1894 is albei kontrakte formeel by die regering ingedien. Die regering moes dus toe al geweet het van die voorwaardes soos in die kontrak bepaal.

Op 26 Februarie 1894 (dus na 20 Januarie 1894)

137/

is die kontrak aangegaan, waardeur die agentskap vir die uitvoering van die Staatsmonopolie tot stand gekom het. Hierdie kontrak is aangegaan tussen die ou Franse maatskappy en die "Dynamite Actien Gesellschaft" (Nobel & Company), 'n Duits-Engelse maatskappy. Daarin het Nobel & Company onderneem om die "Zuid-Afrikaansche Fabriek voor Ontploffbare Stoffen, Beperkt" te floteer met 'n kapitaal van 450,000 aandele ter waarde van £1 (R2.00) elk. "In rechten mag men dus wel aannemen dat de Regeering ook van deze overeenkomst bewust was en de Maatschappij heeft in hare staten bij de Regeering ingediend, herhaalde malen naar deze overeenkomst verwezen."⁴⁹⁾

Die regering het verder kennis gedra van die uitreiking van die aandele deur die maatskappy en dit stilswyend goedgekeur. Die regering het dus geen reg gehad om teen die uitreiking op te tree of stappe te doen nie.

Met betrekking tot die onvoltooide fabrieke het Smuts artikels 9, 10 en veral 15(g) fyn ontleed en beweer dat die woordjie "kan" in artikel 15(g) van diskresie gespreek het en teenoor "sal" gestaan het. Hy het gemeen dat die diskresie wat die Volksraad aan die regering oorgelaat het, slegs betrekking kon hê op punte wat nie in die regulasies voorgekom het nie. Die Volksraad sou dus punt 15(g) soos volg moes laat lui het: "Indien bovengenoemde personen niet voldoen aan eenige der bepalingen, buiten en behalve die hierinboven behandeld en die wel niet hierinboven uiteengezet, nochtans met de Regeering overeengekomen zijn, dan kan deze zoodanige overeenkomst vernietigen."⁵⁰⁾ Hierdie interpretasie was egter onnatuurlik.

Smuts het soos volg afgesluit: "De vereischten

138/

49) Ibid.

50) Ibid.

der billijkheid zoowel als de stricte technische regels der rechtsinterpretasie leiden mij tot de conclusie, dat in dit geval het wel degelijk de bedoeling was van den Volksraad om de Regeering eene discretie te geven over het uitvoeren van het eventueel te sluiten contract, zelfs op die punten, vallende onder artt. 9 en 10 der regulaties. Het was de bedoeling van den Volksraad om een zeker contract daargesteld te krijgen maar niet, dat de niet nakoming ervan het contract krachteloos zou maken; in zoodanig geval bedoelde de Volksraad, dat het voor de Regeering zou zijn, om te oordeelen, of onder de omstandigheden het contract al dan niet gecancelleerd zou worden."⁵¹⁾

Die regering het vervolgens die reg gehad om die kontrak by nie-voltooiing binne twee en 'n half jaar ens. te kanselleer of so te laat (artikel 12). Maar instede hiervan het die regering sy toegestane diskresie gebruik en verdere verlenging toegestaan en gevolglik nie aan die konsessionaris berig gegee aangaande kansellering van die kontrak nie. Die reg van kansellering het dus nie ontstaan nie en hierin was die Volksraad ook gebonde aan die handelswyse van die regering. Die regering het nie alleen sy reg van kansellering prys gegee nie, maar ook die reg aan die konsessionaris verleen om verdere fabrieke op te rig. "Er kan dus geen redelijke twijfel bestaan dat de Regeering verstoken is van het contract te cancelleeren."⁵²⁾

Die regering het sy diskresie ten opsigte van die kwantiteit van plofstowwe uitgeoefen deur middel van sy besluit dat meer fabrieke opgerig kon word; met ander woorde, die kontrak kon nie op grond van die feit dat daar nie voldoende plofstowwe geproduseer is, gekanselleer word nie. Dat die behoefte van die land

139/

51) Ibid.

52) Ibid.

toegeneem het, kon niemand betwyfel nie, en aangesien hy die behoefte van die land seker die beste kon peil, was dit nie sy plan om die konsessie te kanselleer nie.⁵³⁾

Oor die beweerde skending van artikel XIV van die Londense Konvensie van 1884,⁵⁴⁾ het heelwat regsgeleerdes hul menings gelug onder andere Prof. J. Westlake en A.M. Bremmer;⁵⁵⁾ H. du Buit en L. Renault;⁵⁶⁾ Prof. T.M.C. Asser;⁵⁷⁾ Dr. Clark;⁵⁸⁾ en almal het gemeen dat die dinamietkonsessie geen skending van artikel XIV meegebring het nie en die S.A.R. kon voortgaan om sy eie huishoudelike sake te reël.⁵⁹⁾

Die Volksraad het gevolglik besluit om hierdie gewigtige saak met betrekking tot die kansellering van die monopolie uit te stel tot die regering gereed sou wees om weer hierdie saak te opper en voor te lê.⁶⁰⁾ Tydens die bespreking het 'n voorstel tot verlenging van die monopolie (5 en 6 Desember 1898) vir 'n verdere vyftien jaar, baie opspraak onder die geledere van die kapitaliste veroorsaak en as gevolg hiervan het die Kamer van Mynwese en meer spesifiek: J.B. Robinson

140/

-
- 53) Vgl. ook vir dieselfde opinie (as Smuts) oor die kansellering van die kontrak: P.SY., Nr. 83, bl. 25 - H.J. Coster se mening (26.10.1897). Prof. Ehrenberg se mening: J.W. Wessels en Ewald Esselen se menings, P.SY., Nr.83, bl. 26 to 32.
- 54) C 9317, bl. 3-7 - brief van Chamberlain aan Butler (13.1.1899). Vgl. ook C 9317, bl. 14-16 - vir Reitz se antwoord - (9.3.1899). C 9317, bl. 17 - Chamberlain aan Milner - 21 April 1899.
- 55) P.SY., Nr. 83, bl. 76 en 77 - 1 Maart 1899 (Londen).
- 56) Ibid., bl. 78 - 26 Februarie 1899 (Parys).
- 57) Ibid., bl. 79-85 - 8 Maart 1899 (s'Gravenhage).
- 58) The Standard and Diggers News, 11 Mei 1899.
- 59) Raadpleeg ook Smuts-argief, vol. XCVI, Nr.21 - brief van D. Faure aan Smuts op 23 Mei 1899, na aanleiding van die weglating deur die drukkers, van 'n gedeelte wat juis betrekking gehad het op die beweerde skending van artikel XIV van die Londense Konvensie. (Sien Bylae B vir art. XIV van die Konvensie).
- 60) E.V.R., art. 238, 9 Maart 1899. Vgl. ook: Smuts-argief, vol. XCVI, Nr. 23 - telegram van J.H. Hofmeyr aan Smuts, ontvang te Pretoria op 7 Junie 1899. "Ik en andere vrienden hier betreuren dat geen accoord is getroffen. Wij meenen uw veiligste politiek is nu

Gold Fields, Barnato Bros., S. Neumann & Company, George Farrar, Goersz & Company, G.L. Albu, Dunklesbuhler & Company, (Kitzinger) en H. Eckstein & Company, die regering £600,000 (R1,200,000) aangebied indien die konsessie gekanselleer word en die regering al die eiendom, masjinerie en fabriek van die maatskappy oorneem.⁶¹⁾

Vervolgens het die Volksraad weer eens 'n voorstel tot prysvermindering van dinamiet ontvang.⁶²⁾ Die Volksraad het egter na 'n lang bespreking besluit om hom nie met hierdie voorstel te vereenselwig nie, maar die saak terug te verwys deur stiptelik te handel volgens Eerste Volksraadsbesluit, artikel 1656, 4 November 1897.⁶³⁾

141/

-
- 61) Smuts-argief, vol. XCVI, Nr. 9. Vgl. ook:
 i) Britse Agent, band Nr. 39 - brief van Frazer aan Butler, 7.12.1898, H.C. 589 - teken beswaar aan teen die voorgestelde verlenging.
 ii) C 9317, bl. 7 - brief van Edmund Frazer, Britse Agent te Pretoria, aan W.F. Butler, Britse Hoë Kommissaris, op 3.2.1899.
 iii) Leyds-argief, Z.A.R. Groenboek Nr. 7 van 1899, bl. 8 - ook Chamberlain teken beswaar aan teen die dinamietmonopolie se verlenging.
- 62) R3233/99 by E.V.R., art. 235, 8 Maart 1899, asook U.R., art. 277, 13 Maart 1899. Raadpleeg ook:
 i) E.V.R., art. 1738, 14.11.1898.
 ii) R15608/98.
 iii) U.R., art. 1174, 1.12.1898.
 iv) B.B. 4196/98 (5.12.1898).
- 63) E.V.R., art. 311, 14 Maart 1899. Vgl. ook:
 i) R10571a/97, deel 38 - brief van H. Eckstein & Company aan Staatssekretaris op 26 Junie 1897 vir 'n aanbod van "De Sprengstoffwerke", Dr. R. Nahnsen & Co., Hamburg om dinamiet goedkoper in die S.A.R. in te voer en van die hand te sit.
 ii) Britse Imperiale Witboek, 536, bl. 450 - soortgelyke aanbod van 'n firma in Amerika, brief van Greene aan Milner, 14.9.1897. (Vgl. ook The Standard and Diggers News, 9 September 1897.)

iii) Die Finale Besluit oor die Dinamietkwessie.

Wat die prysverlaging van dinamiet betref, het die akte van ooreenkoms tussen die regering en die maatskappy, gedateer 12 Junie 1899, die volgende ingehou: Indien die jaarlikse verkope nie onder 250.000 kiste daal nie en die prys van gliserine op die Europese mark nie daal of styg onder of bo die teenswoordige prys van £40 (R80-00) per ton nie, sou die maatskappy bereid wees om die prys van dinamiet en springgelatine op respektiewelik 72/6 (R7.25) en 92/6 (R9.25) per kis vas te stel en aan die regering weer die 5/- (50c) Staatsreg te betaal.⁶⁴⁾

Nadat die Volksraad gelet het op die wysiging van die dinamietkontrak, die verskillende regsadviese en die verskillende versoekskrifte, het hy besluit om 'n Kommissie van vyf lede te kies met die opdrag om die genoemde stukke in verband daarmee in ooreenstemming met die regering na te gaan en 'n voorstel te maak wat sou lei tot die finale afhandeling van die dinamietkwessie.⁶⁵⁾

Op 16 Augustus 1899 het hierdie Kommissie 'n meerderheidsrapport en 'n minderheidsrapport (van Dieperink) by die Volksraad ingedien. Volgens eersgenoemde rapport sou daar in die gevolg 17/6 (R1.75) per verkoopte kis dinamiet aan die regering deur die maatskappy betaal word, indien die verkoopsprys van dinamiet Nr. 1 75/- per kis sou wees (R7.50) en dié van springgelatine 97/6 (R9.75) per kis. Verder het die Kommissie voorge-

142/

64) E.V.R., art. 613, 26 Julie 1899. (Sien ook artt. 608 en 609, 26.7.1899, B.B. 2429/99 en 2430/99). Sien hierby ook verdere voorwaardes en die wysiging in die kontrak, asook die verskillende versoekskrifte wat deur die regering ontvang is.

65) E.V.R., art. 615, 27 Julie 1899 - die Kommissie het uit die volgende persone bestaan: J. B. Wolmarans, W. H. van Niekerk, A. A. Steop, L. Botha en A. Dieperink.

stel dat 10/- (R1.00) van hierdie 17/6 (R1.75) ten behoeve van die mynindustrie afgestaan moes word. Hierdeur sou die 20% oorwins verval en die verkoopsprys van dinamiet en springgelatine respektiewelik tot 65/- (R6.50) en 87/6 (R8.75) verminder word.

"... omdat de dynamiet-industrie niet zoozeer is tot stand gebracht om financieel voordeel voor den Staat te verkrijgen, dan wel om een industrie van dien aard zelf in ons land te hebben de Mynindustrie daardoor te steunen."⁶⁶⁾

Na 'n lang bespreking van etlike dae oor hierdie kwessie, is die volgende voorstel op 25 Augustus 1899 op versoek van Louw-Bosnoff met agtien teenoor negen stemme aangeneem: "De Eerste Volksraad, gelet hebbende op het Meer- en Minderheidsrapport re dynamiet, thans aan de orde; Er op lettende dat volgens het rapport van de meerderheid aan de behoefte der mynen voldaan wordt door het verlagen der prijzen van Ontplootbare Stoffen en dat de inkomste van den Staat er daar ook aanmerkelijk worden vermeerderd. Besluit - het rapport der meerderheid goed te keuren met de aanbevelingen daarin vervat, en draagt de H.Ed. Regeering op zoo spoedig mogelijk daaraan uitvoering te geven."⁶⁷⁾

Algemene ontevredenheid oor hierdie Volksraadsbesluit het dwarsdeur die land ontstaan aangesien die grootste deel van die bevolking kansellering van die dinamiet-konsessie voorgestaan het.⁶⁸⁾ Dit was agter 'n oor-

643/

66) E.V.R., art. 894. 16 Augustus 1899 en E.V.R., art. 927. 17 Augustus 1899 ter behandeling geneem.

67) E.V.R., art. 959. 25 Augustus 1899.

68) The Press, 28 Augustus 1899.

winning vir die standpunt wat Smuts ten gunste van die behoud van die konsessie ingeneem het. Hy was feitlik die enigste regsgeleerde wat nie kansellering voorgestaan het nie.⁶⁹⁾

Intussen het die Volksraad 'n 5%-goudbelasting op die netto winste van mynmaatskappye of sindikate aangekondig, wat nie in die smaak van die Kamer van Mynwese geval het nie.⁷⁰⁾

D. Die Bloemfonteinse Konferensie.

Ofskoon President Kruger 'n ferme en besliste houding ten opsigte van beleidsake nagestreef het, is hy nogtans gedurig gedwing om toegewings te maak in 'n poging om die griewe van die Uitlanders, veral met betrekking tot die stemreg, uit die weg te ruim. Sy instelling van die Tweede Volksraad was bewys hiervan. "Door naturalisatie verkrijgt de nieuwe bevolking niet alleen het burgerschap, maar ook het stemrecht voor den Tweeden Volksraad. Daardoor kunnen zij hun invloed doen gelden op al die onderwerpen die speciaal onder de jurisdictie van den Tweeden Volksraad zijn gesteld en dié vooral het Mijnwezen en de algemeene belangen van de nieuwe bevolking betreffen."⁷¹⁾

Om 'n oplossing vir die gespanne toestand te probeer vind, het President Steyn vir Kruger en Milner in Mei 1899 na Bloemfontein vir 'n konferensie genooi. Ofskoon die konferensie hoofsaaklik oor die stemreg gehandel het,

144/

69) Vgl. De Volksstem, 26 Augustus 1899.

70) U.R., art. 1121, 17.12.1898 en E.V.R., art. 1782, 18.11.1898. (Vgl. ook hiervoor Wet Nr. 22 van 1899, Locale Wetten), asook:

i) C 9345, bl. 46 en 47 - vir die protesvergadering van die Kamer van Mynwese op 21 November 1898, onder leiding van sy President Georges Rouliot.

ii) MacDonald, W., a.w., bl. 304 - kort lewensskets van lg.

iii) P.SY., Nr. 83, bl. 92-95, brief van Vorstman aan die Staatssekretaris, insake Rouliot se aanvalle en griewe teen die maatskappy.

71) Luitenant-Kolonel H.C. Bredell - versameling bylaag B: A 413.

sou Kruger ook toegewings op die gebied van die dinamietkonsessie moes maak.⁷²⁾ Dit waarna Kruger gestreef het, het Milner probeer vernietig met die gevolg dat Kruger se voorstelle en Milner se eise rakende die stemregkwessie op 'n dooie punt uitgeloop het. So doende het die dinamietkwessie nie veel aandag gekry nie en het Kruger geen toegewings hieromtrent gemaak nie. Die Konferensie wat vanaf 31 Mei tot 5 Junie 1899 plaasgevind het, het niks opgelewer nie, vanweë die halsstarrige koppigheid van Milner. As gevolg van Milner se groot ideaal om die land in te palm en die mag van die Afrikanerdom te breek, het President Kruger besef dat Milner deur geen toegewings tevrede gestel kon word nie.⁷³⁾

Luidens 'n brief wat die Staatspresident van J.L. van der Merwe, Mynkommissaris van Johannesburg, uit Londen ontvang het, blyk dit dat die openbare mening in Engeland teen die regering van die S.A.R. gekant was. "Ik vind dat al diegenen, die hunne fortuna in de Transvaal gemaakt hebben, en hier als groote heeren wonen, onze ergste vijanden zijn. Zij hebben bijna al de nieuwsbladen onder zich. Ja het is voorwaar hemeltergend om te lezen wat zij tegen ons fabriceeren. Het is tog immers een zonde die ik hoop eenmaal gestraft zal worden."⁷⁴⁾

E. Die Politieke Betekenis van die Industriële Kommissie van Onderzoek en sy Invloed op die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog.

Dit is nie maklik om die vraag in hoeverre die

145/

72) Scholtz, G.D., a.w., deel II, bl. 228.

73) Krüger, D.W., a.w., deel II, bl. 230 tot bl. 239.
Vgl. ook hiervoor:

Cd. 43, bl. 128 en 129 vir 'n onderhoud tussen James Molteno en Milner op 4 Oktober 1899.

74) A 846 - brief van J.L. van der Merwe, Mynkommissaris van Johannesburg op 12 Julie 1899 uit Londen.

politieke opslae van die Industriële Kommissie van Onderzoek 'n aanleidende oorsaak tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was, te beantwoord nie. Baie skrywers het dan ook beweer dat slegs die konsessie-beleid gepaard met korrupsie tot die uitbreek van die oorlog bygedra het.⁷⁵⁾

Die vraag of die politieke opslae van die Industriële Kommissie van Onderzoek wel 'n aanleidende oorsaak tot die Anglo-Boereoorlog was, noodsaak die navorser om die saak nader te ondersoek.

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 het heelwat politieke veranderings in Suid-Afrika teweeg gebring. Duisende Uitlanders en fortuinsoekers het die land binnegestroom en spoedig om politieke regte begin agiteer. Hewige ontevredenheid het uitgeloop op die Jameson-inval van Desember 1895 en Januarie 1896.

Die benoeming van die Industriële Kommissie van Onderzoek in Maart 1897 het die gemoedere tydelik gesus, maar die verwerping van die Industriële Kommissie se rapport deur die Volksraad, die benoeming van 'n Volksraadskommissie en die aanvaarding en verlenging van die dinamietmonopolie in Augustus 1899, het die politieke toestand in Suid-Afrika laat versleg.

As ons nou al hierdie gebeurtenisse ontleed en tot een samevattende konklusie herlei, dan kan die dieperliggende basis van al die woelinge sondermeer aangewys word as die stryd om die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse Republiek teenoor die heersug van die Britse imperialisme.

Ten grondslag van al die gebeurtenisse tussen die

146/

75) Fitzpatrick, P.J., South African Memories, bl. 162. Vgl. ook hiervoor: Bell, W.H. Somerset, Bygone Days, bl. 310.

tydperk 1886 en 1899 was die Britse sug na opperheerskappy die kern en onderliggende rede. Hierteenoor het die onafhanklikheidstrewe van die Republiek gestaan.⁷⁶⁾

Aan die een kant het President Paul Kruger as leier van sy volk die onafhanklikheidstrewe met hand en tand verdedig en beginselvas hierby gestaan. As geestelike leier het Kruger 'n onwrikbare geloof en 'n rotsvaste vertroue in sy God geopenbaar, met die diepe wete dat Hy, die Almagtige Vader, sy volk hierin op die regte baan sou lei.

Met betrekking tot die Industriële Kommissie van Onderzoek self, val dit dadelik op te merk dat die kapitaliste en hul vriende baie ingenome met die benoeming van die Kommissie was. Hulle het toe alreeds gepoog om 'n deurbraak op die politieke terrein te bewerkstellig onder voorwendsel van allerhande ekonomiese griewe, wat in die meeste gevalle ver van die waarheid verwyder was.

Die politieke betekenis van die Industriële Kommissie het egter 'n ander uitwerking gehad as wat die kapitaliste graag sou wou gehad het, want Paul Kruger het gesien waarna die Engelse streef en hoe dit sy land mettertyd sou raak. Hy het die politieke dryfveer agter die Industriële Kommissie se rapport raakgesien en besef dat die land se onafhanklikheid die prooi van Engeland kon word, aangesien die lede van die Industriële Kommissie onwetend in 'n sekere sin om die bos gelei is en aan al die eise van die kapitaliste deur middel van hul rapport wou voldoen. Dit sou dus dwaas wees om in sy hande te speel, en gevolglik het die Volksraad ook ten goede vir die Republiek besluit om hierdie rapport aan 'n Volksraadskommissie op te dra.

147/

76) Weidemann, N.C., die Politieke Naweë van die anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907, bl. 6: "Alhoewel Engeland die stemregkwessie en ander griewe van die Uitlanders voorgehou het, het die Britse sug na opperheerskappy die hooforsaak van die oorlog geblv."

Die rapport van laasgenoemde Kommissie het min ontsag vir die Industriële Kommissie se rapport getoon en 'n sterker standpunt as ooit tevore is gevolglik deur die Volksraad ingeneem. Te midde van dreigende ontevredenheid en uitbarsting aan die kant van die Uitlanderbevolking en die progressiewe groep, is hierdie rapport in breë trekke aan die einde van 1897 en gedurende die loop van 1898 deur die Volksraad aanvaar. Die dinamietkwessie wat eers in Augustus 1899 opgelos is met die verlenging van die konsessie onder sekere voorwaardes het die gemoedere finaal gaande gemaak en omdat die politieke toestand toe alreeds 'n breekpunt bereik het, het die groot botsing in Oktober 1899 'n aanvang geneem, nadat die regering op 29 September die beheer van die N.Z.A.S.M. ook oorgeneem het.⁷⁷⁾

Ofskoon talryke toegewings met betrekking tot die stemreg, vermindering van vervoertariewe en invoerregte, die verlaging van dinamietpryse, die aanlê van sylyne, die hulp wat verleen is met betrekking tot die natuurlike toevoer en die uitoefening van verskillende wette rakende die myne van die kant van die S.A.R.-regering gemaak is, het die ontevredenheid steeds toegeneem. Die Engelse sou met niks minder as die land self tevrede gewees het nie.⁷⁸⁾ Met die uitbreek van die oorlog is die mynindustrie natuurlik 'n geweldige knou toegedien, ofskoon die regering nog heelwat goud gedurende hierdie tyd geproduseer het.⁷⁹⁾

Wat die toestand van die mynindustrie na die oorlog betref, het dit geblyk dat die arbeidsvraagstuk;⁸⁰⁾

148/

77) Coetzee, D.J., a.w., bl. 127.

78) Vgl. Krüger, D.W., a.w., deel II, bl. 236.

79) Jacobsson, D., Fifty Golden Years of the Rand, 1886-1936, bl. 78.

80) Raadpleeg hiervoor ook: T.K.P., band Nr. 204 en 205 - vir getuigenis en die rapport van die Transvaalse Arbeidskommissie wat op 3 Julie 1903 benoem is om 'n ondersoek in te stel na die benodigde werkkragte vir die landbou, mynindustrie en ander industrieë in die Transvaal.

vervoertariewe, invoerregte en belastingstelsel nog steeds ontevredenheid veroorsaak het met die gevolg dat daar gedurende die jare 1907/1908 weer 'n mynindustrie-kommissie aangestel is ten einde die toestand van die mynindustrie te ondersoek en verbeterings aan te beveel.⁸¹⁾

F. Slot.

Die gevolge van die Industriële Kommissie het 'n wye loop geneem en het in sy politieke betekenis verreikend gestrek. Die Volksraadskommissie wat uit die Industriële Kommissie gebore is, het die politieke toestand laat versleg en die twee beginselstrome van onafhanklikheid teenoor imperialisme direk met mekaar gekonfronteer. Waar daar vroeër nog van bedektheid sprake was en gissings oor die opreg bedoelde houding van die kapitaliste en Uitlanders, het daar nou geen twyfel meer bestaan oor wat die werklike houding van hierdie groep was nie.⁸²⁾

Die strydknoop het nou eers werklik losgeraak en tot ontrafeling gekom, en albei magte het besef dat die stryd in alle erns begin het. Alle pogings aan die kant van die Suid-Afrikaanse Republiek om versoening en vrede te bewerkstellig, deur misverstand en haat uit die weg te probeer ruim, het misluk.

Die mislukking van die Bloemfonteinse Konferensie, die aanvaarding van die Volksraadskommissie se rapport en die verlenging van die dinamietmonopolie het die doodsnikke van die Suid-Afrikaanse Republiek aangekondig.

81) Raadpleeg T.K.F., band Nr. 268 - vir 'n volledige rapport van hierdie Kommissie. Vgl. ook hiervoor: Die benoeming van "De Transvaal Tol en Industrieën Commissie" op 14 September 1907 - T.T.K., Nrs. 1, 2 en 3.

82) Vgl. hiervoor: Reitz, F.W., a.w., bl. 39.

BYLAE A

Lys van getuies wat voor die Industriële Kommissie
van Onderzoek verskyn het.

1897.

1. James Hay: Voorsitter van die Kamer
van Mynwese in Johannesburg. 20 April
2. George Albu: Voorsitter van die Asso-
siasie van Mynwese in Jo-
hannesburg. 21 en 22
April
3. E.J. Way: Bestuurder van George Goch
Myn. 22 April
4. Sydney, J. Jennings: Algemene Bestuur-
der van die Crown Reef Gold
Mining Company. 22 April
5. James Percy Fitzpatrick: Werknemer by
Eckstein and Company. 27 en 28
April
6. W. Laurie Hamilton: Siviele en Mynin-
genieur. 28 April
7. Frank Raleigh: Sekretaris van die
Randse Myne. 29 April
8. Robert Mayo Catlin: Myningenieur
(voorheen in V.S.A.). 29 April
9. William Dalrymple: Verteenwoordiger
van die Anglo-French Ex-
ploration Company Limited. 5 Mei
10. Charles Sydney Goldmann: Besigheidsman
in die Mynindustrie. 5 en 6 Mei
11. Martin Lubeck: Sekretaris van die
General Mining Company
Limited. 6 Mei
12. Louis Irving Seymour: Neganiese In-
genieur. 6 Mei
13. Robert Barrow: Voorman van die "Jumpers
Deep Limited", afkomstig uit
Lancashire, Engeland. 7 Mei
14. Edmond Brochon: Kenner van die Mynin-
dustrie. 7 Mei

15. Amandus Brakhan: Bestuurder van Ad. Goerz and Company Limited of Berlin, London, Paris and Johannesburg vir S.A. 12 Mei
16. Hennen Jennings: Raadgewende myningenieur vir H. Eckstein and Company. 12 Mei en 1 Junie
17. Thomas H. Leggett: Raadgewende myningenieur vir S. Neumann and Company voorheen van V.S.A. 12 Mei
18. John Henry Johns: Algemene Bestuurder van die Ferreira General Mining Co. Ltd., raadgewende ingenieur vir die Worcester General Mining Co. Ltd. 12 en Voorsitter van die Assosiasie van Mynbestuurders 13 Mei
19. Joseph Benjamin Robinson: Mynmagnaat en Kapitalis. 13 Mei
20. H.F.E. Fistorius: Verteenwoordiger van die gesamentlike Komitee van die i) Kamer van koophandel. 11) Handelsassosiasie. 14 Mei
21. A.A. Noble: Voorsitter van laasgenoemde. 14 Mei
22. Karel Rood: Boer van Ermelo. 19 Mei
23. Frans W. Keck: Hoof van die Pasdepartement van Johannesburg. 19 Mei
24. Alexander Buchan Fyffe: Bestuurder van 'n mynmaatskappy. 19 Mei
25. G.A.A. Middelberg: Direkteur van die N.Z.A.S.M. 20 en 21 Mei
26. W.C. Thomson: Verteenwoordiger van die Roburite Explosives Company in S.A. 21 Mei
27. Samuel Foote: Voorsitter van die gelisensieerde Drankverkopers Assosiasie. 21 Mei en 2 Junie.

- | | |
|--|---------------|
| 28. W.R. Brown: Verteenwoordiger van die Barbertonse Kamer van Mynwese. | 26 Mei |
| 29. William Shanks: Bestuurder van Barberton Consolidated Mines. | 26 Mei |
| 30. G.A. Denny: Verteenwoordiger van die Klerksdorpse Kamer van Mynwese. | 26 Mei |
| 31. Alberto Philipp: Direkteur van die S.A. Fabriek vir plofstowwe. | 2 en 3 Junie |
| 32. W.H. Hall: Siviele ingenieur te Californië. | 3 Junie |
| 33. William Hosken: Verteenwoordiger van die Kamer van Handel. | 3 en 4 Junie. |

N.S. Die drie persone by nommers 28, 29, en 30 het op 26 Mei te Pretoria verskyn. (In die Raadsaal van die Nasionale Bank.)

BYLAE B.

ARTIKEL XIV VAN DIE LONDENSE KONVENSIË:

"All persons, other than natives conforming themselves to the laws of the South African Republic;

- (a) will have full liberty with their families, to enter, travel, or reside in any part of the South African Republic;
- (b) they will be entitled to hire or possess houses, manufactories, warehouses, shops and premises;
- (c) they may carry on their commerce either in person or by any agents they may think fit to employ;
- (d) they will not be subject in respect of their persons or property or in respect of their commerce or industry to any taxes whether general or local, other than those which are or may be imposed upon citizens of the said Republic."

LYS VAN BRONNE EN GERAADLEGDE WERKE.

ONGEPUBLISEERDE ARGUMENTMATERIAAL.

Transvaalse Argief, Pretoria:

Afdeling Staatssekretaris, aangedui R. en R.BB. en B.B.

Afdeling Volksraad, aangedui E.V.R. vanaf 1886-1899.

Afdeling Uitvoerende Raad, aangedui U.R. vanaf 1886-1899.

Afdeling Z.A.R. Staatsdepartemente.

(i) Kommandant-generaal, aangedui K.G.

(ii) Britse Agent, aangedui B.A.

(iii) Auditeur-generaal, aangedui A.G.

Afdeling Political Secretary, aangedui P.ST.

Afdeling Staatsprokureur, aangedui S.P.

Afdeling Z.A.R. landdroste en delwerpe, argief Johannesburg.

Afdeling Transvaalse Publikasies, aangedui T.K.P. en T.T.K.

Leyds-argief.

Bredell-versameling.

S.W. Burger-versameling.

Engelenburg-versameling.

Mev. Jacobsz-versameling.

Joubert-versameling.

Freller-versameling.

Frederik Rompel-versameling.

Milner Papers.

Aanwinste, aangedui A.

Pamflette, aangedui P.

Sentrale Argief, Pretoria:

Omuts-argief.

Gepubliseerde amptelike stukke.

Britse Blouboeke, aangedui C, Cd en Cmd.

Britse Imperiale Witboeke (vgl. hiervoor afdeling
Britse Agent, aangedui B.A.)

Suid-Afrikaanse Republiek.

(i) Locale Wetten.

(ii) Staats-Courant 1897.

(iii) Staatsalmanak 1897-1898.

Z.A.R. publikasies, Groenboeke 1896-1899.

Evidence and Report of the Industrial Commission
of Enquiry, Witwatersrand Chamber of Mines,
Johannesburg, 1897.

Executive Council Resolutions.

Koerante:

De Boerenvriend (1897).

De Pers (1897-1899).

De Volksstem (1896-1899).

The Johannesburg Times (1897-1899).

The Press (1897-1899).

The South African Financial Record (1897-1898).

The Standard and Diggers News (1897-1899).

The Star (1896-1899). (The Comet 1897).

The Transvaal Advertiser (1897-1899).

The Weekly Press (1897-1899).

GERAADPLEEGDE WERKE .

- Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, Vol. 1 (Londen, 1900).
- Armstrong, H.C., Grey Steel. J.C. Smuts. A Study in Arrogance (Londen, 1938).
- Barnard, J.H., Die Politieke Strominge in die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1881-1899 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1944).
- Bell, W.H. Somerset., Bygone Days (Londen, 1933).
- Bleloch, W., The New South Africa. Its Value and Development (Londen, 1901).
- Blink, G.H., De Zuid-Afrikaansche Republiek en hare bewoners (Amsterdam, 1890).
- Botha, P.R., Die Staatskundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek Transvaal, 1844-1899. Onder Kruger en Leyds (Amsterdam, 1926).
- Braak, K., Zuid-Afrika en Engeland (Utrecht, 1933).
- Breytenbach, J.H., Die Diplomatieke Voorspel tot die Tweede Vryheidsoorlog deel 1 (Kaapstad, 1944).
- Breytenbach, J.H., Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog (Kaapstad, 1949).
- Brouwer, W., Paul Kruger (Amsterdam, 1899).
- Bryce, J., Impressions of South Africa (Londen, 1900).
- Burgers, T., Schetsen uit de Transvaal. Van aantekeninge voorsien deur Prof. S.P. Engelbrecht (Pretoria, 1934).
- The Cambridge History of the British Empire, Vol. VIII, (Cambridge, 1963).
- Cartwright, A.P., The Gold Miners (Johannesburg, 1962).
- Chilvers, H.A., Out of the Crucible. Being the Romantic Story of the Witwatersrand Goldfields; and of the great city which arose in their midst (Londen, 1929).
- Coetsee, A.G., Die beleid van President Kruger (1897-1899) met betrekking tot die Onafhanklikheid van Transvaal (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H. O., 1937).
- Coetzee, A., Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand, 1886-1936 (Johannesburg, 1938).

- Coetzee, D.J., Spoorwegontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1872-1899 (Kaapstad, 1940).
- Coetzee, J. Albert, Politieke Groepering in die wording van die Afrikanernasie (Johannesburg, 1941).
- Coetzee, J. Albert, Oom Paul en die Demokrasie (Johannesburg, 1942).
- Cohen, L., Reminiscences of Johannesburg and London (Londen, 1924).
- Comtesse de Bremont, A., The Gentleman Digger (Londen, 1899).
- The Consolidated Goldfields of South Africa, Ltd., The Goldfields, 1887-1937.
- Cook, E.T., Rights and Wrongs of the Transvaal War (Londen, 1901).
- Crisp, R., The Outlanders. The Men who made Johannesburg (Londen, 1964).
- Curle, J.H., The Gold Mines of the World (New York, 1902).
- De Kiewiet, C.W., A History of South Africa. Social and Economic (Oxford, 1950).
- Denny, G.A., The Deep-Level Mines of the Rand and their future development. Considered from the Commercial Point of view (Londen, 1902).
- De Winter, G.H.J., Schalk Willem Burger, die laaste Vice-President van die S.A.A. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1947).
- Du Plessis, G.N.J., Uit die Geschiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek en van die Afrikaanders (Amsterdam-Pretoria, 1898).
- Du Plessis, J.S., Die Ontstaan en Ontwikkeling van die amp van Staatsresident in die Suid-Afrikaanse Republiek (Argief, Bloemfontein, 1955 deel 1).
- Du Plessis, J.S., Paul Kruger aan die Woord (Bloemfontein, 1952).
- Du Toit, J.D., S.J. du Toit in Weg en Werk (Versamelde Werke van J.D. du Toit, Totius, deel 1, Johannesburg, 1960).
- Emden, P.H., Randlords (Londen, 1935).
- Erasmus, J.L.P., Die Rand en sy Goud (Pretoria, 1944).

- Etheredge, D.A., The Early History of the Chamber of Mines Johannesburg, 1887-1897 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit Witwatersrand, 1949).
- Fitzpatrick, P.J., The Transvaal From Within (Londen, 1899).
- Fitzpatrick, P.J., South African Memories (Londen, 1932).
- Garvin, J.L., The Life of Joseph Chamberlain, deel III, 1895-1900 (Londen, 1934).
- Goldman, C.S., The Financial, Statistical, and General History of the Gold and other Companies of the Witwatersrand, South Africa (Londen, 1892).
- Goldman, P.L.A., Beredeneerde Inventarissen van de oudste Archiefgroepen der Zuid-Afrikaanse Republiek (Pretoria, 1927).
- Gray, J., Payable Gold (Johannesburg, 1937).
- Hancock, W.K., Smuts. The Sanguine Years, 1870-1919. (Cambridge, 1962).
- Hatch, F.H., and Chalmers, J.A., The Gold Mines of the Rand (Londen, 1895).
- Headlam, C., The Milner Papers, deel I (Londen, 1931).
- Historiese Studies (Universiteit van Pretoria sedert 1943).
- Hobson, J.A., The War in South Africa: Its Causes and Effects (Londen, 1900).
- Hugo, M.J., Die Stemreg-vraagstuk in die Zuid-Afrikaanse Republiek (Argiefjaarboek, 1947).
- Iwan-Müller, E.B., Lord Milner and South Africa (Londen, 1902).
- Jacobsson, D., Fifty Golden Years of the Rand, 1886-1936 (Londen, 1936).
- Jeppe, C., The Kaleidoscopic Transvaal (Londen, 1906).
- Jorissen, E.J.P., Transvaalsche Herinneringen, 1876-1896 (Pretoria, 1897).
- Kieser, A., President Steyn en die Krisisjare, 1896-1899 (Kaapstad, 1939).
- Krüger, B.J., Diskussies en Wetgewing rondom die Landelike Arbeidsvraagstuk in die Suid-Afrikaanse Republiek met besondere verwysing na die Plakkerswette, 1885-1899 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1965).

- Krüger, D.W., Geskiedenis van Suid-Afrika (Kaapstad, 1965).
- Krüger, D.W., Paul Kruger, deel II (Johannesburg, 1963).
- Kuit, A., Transvaalse Verskeidenheid (Pretoria, 1940).
- Kuit, A., Transvaalse Terugblikke (Pretoria, 1945).
- Le May, G.H.L., British Supremacy in South Africa, 1899-1907 (Oxford, 1965).
- Letcher, O., The Gold Mines of Southern Africa. The History, Technology and Statistics of the Gold Industry (Johannesburg, 1936).
- Levi, N., Jan Smuts (Londen, 1917).
- Leyds, G.A., A History of Johannesburg (Johannesburg, 1964).
- Leyds, W.J., De Eerste Annexatie van de Transvaal (Amsterdam, 1906).
- Leyds, W.J., Eenige Correspondentie uit 1899 (Den Haag, 1919).
- Leyds, W.J., Reminiscences of Kruger Days (Kees van Hoek, Londen, 1939).
- Leyds, W.J., Het Insluiten van de Soeren Republieken (Amsterdam, 1914).
- Iezard, A., Gold Blast. Being the Romantic History of the Rand Goldfields (Londen, 1936).
- Lombard, J.F. de Grange, Paul Kruger, Die Volksman (Pretoria, 1925).
- Lovell, R.J., The Struggle for South Africa, 1875-1899 (New York, 1934).
- Luffman, W.W., The World's Greatest Goldfield (Londen, 1927).
- Macdonald, W., The Romance of the Golden Rand (Londen, 1933).
- Mann, A.M., The Truth from Johannesburg. A Vindication of the People (Londen, 1896).
- Marais, J.S., The Fall of Kruger's Republic (Oxford, 1961).
- In Memoriam., N.Z.A.S.M., Niet in den handel (Amsterdam, 1910).
- Millin, S.G., General Smuts (Londen, 1936).

- Mouton, J.A., Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis (Argiefjaarboek 1957, deel I).
- Nathan, M., South Africa From Within (Londen, 1926).
- Nathan, M., Paul Kruger. His Life and Times (Durban, 1941).
- Naude, P., Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858-1899 (Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, 1954).
- Een Oordeel over het Rapport van de Industrieele Commissie (Amsterdam, 1897).
- Oosthuizen, J., Generaal Koos de la Rey en sy Verhouding tot die Uitlanders (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1940).
- Pieterse, D.J., Die Geskiedenis van die Mynindustrie in Transvaal, 1836-1886 (Argiefjaarboek 1943, deel I).
- Postma, F., Paul Kruger. Die Christen-Volksman en -Staatsman (Stellenbosch, 1944). (Die Ossewa-reeks, Nr. 5).
- Preller, G.S., Ons Goud roman (Pietermaritzburg, 1935).
- Praagh, L.V., The Transvaal and its Mines: The Encyclopedic History of the Transvaal (Johannesburg, 1906).
- Reitz, F.W., Een Eeuw van Onrecht (Dordrecht, 1900).
- Reunert, T., Diamonds and Gold in South Africa (Johannesburg, 1893).
- Rompel, F., Heroes of the Boer War (Londen, 1903).
- Gedenkschriften van Paul Kruger gedigteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler, bewerkt door Frederik Rompel (Amsterdam, 1902).
- Scoble, J., and Abercrombie, H.R., The Rise and Fall of Krugerism (Londen, 1900).
- Scholtz, G.D., Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, deel I en II (Johannesburg, 1947).
- South African Conciliation Committee, (Nrs. 18, 26 en 61).
- Spies, F.J. du Toit., Briewe van G.A.A. Middelberg uit Transvaal, 1896-1899 (Hertzog-Annale, Julie 1953).
- Statham, F.R., Paul Kruger and his Times (Londen, 1898).

Swanepoel, J., Landbou-Ontwikkeling in Suid-Afrika, 1652-1954. Met spesiale verwysing na Staats-optrede in hierdie verband (Ongepubliseerde D.Comm.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1958).

Te Winkel, J., Waar het om gaat in Zuid-Afrika (Haarlem, 1899).

Tönsing, E.H., Die Eerste fase in die stryd tussen Kruger en Milner (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1944).

Transvaal Chamber of Mines: The Gold of the Rand - a great National Industry, 1887-1923 (Johannesburg, 1924).

Transvaal Chamber of Mines: The Gold of the Rand - a great National Industry, 1887-1923 (Johannesburg, 1927).

Truscott, S.J., The Goldfields of the Witwatersrand. Banket and Mining Practice (Londen, 1902).

Valter, M.P.C., De Mijnindustrie (Z.A.R. Publikasies Nr. 994).

Van Citters, Jhr. W., Zuid-Afrika voor en na Dr. Jameson's inval in de Transvaal (s'Gravenhage, 1897).

Van der Loo, C.J., De Transvaal en Engeland (Zwolle, 1898).

Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, deel I, (Kaapstad, 1921).

Van der Poel, J., Railway and Custom Policies in South Africa, 1885-1910 (Londen, 1933).

Van der Walt, Wiid, en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, deel I en II (Kaapstad, 1951).

Van der Walt, N., Die Dinamietmonopolie, sy Ontstaan en Ontwikkeling vanaf 1881-1892 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1944).

Van Oordt, J.F., Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek (Kaapstad, 1898).

Van Winter, P.J., Onder Krugers Hollanders, deel I en II, (Amsterdam, 1937 en 1938).

Vindex, Cecil Rhodes. Political Life and Speeches, 1881-1900 (Londen, 1900).

Vulliamy, C.E., Outlanders. A Study of Imperial Expansion in South Africa, 1877-1902 (Londen, 1938).

- Walker, E.A., A History of Southern Africa (Londen, 1957).
- Walker, E.A., W.P. Schreiner. A South African (Londen, 1937).
- Walker, E.A., Lord de Villiers and his Times. South Africa, 1842-1914 (Londen, 1925).
- Webber, H. O'Kelly., The Grip of Gold (Londen, 1936).
- Weidemann, N.C., Die Politieke Nawê van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Litt.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1955).
- Weinthal, L., Memories, Mines and Millions. Being the life story of Sir. J.B. Robinson (Londen, 1929).
- Wilde, R.H., Joseph Chamberlain and the South African Republic, 1895-1899 (Argiefjaarboek 1956, deel I).
- Worsfold, W.B., Lord Milner's Work in South Africa. From its commencement in 1897 to the Peace of Vereeniging in 1902. (Londen, 1906).
- Younghusband, F., South Africa of To-day (Londen, 1898).